# 'n Waarderingsperspektief van ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses in 'n landelike omgewing

**M Nel**

**23295996**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artrium* in *Psigologie* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr CCR Reynolds

Medestudieleier: Dr HB Grobler

April 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

# ‘n Waarderingsperspektief van ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses in 'n landelike omgewing

**Melanie Nel**

**23295996**

**MA Psigologie**

**NOORDWES-UNIVERSITEIT (POTCHEFSTROOM KAMPUS)**

**STUDIE EENHEID: AUTHER**

**Studieleier: Dr C C Reynolds**

**Hulpstudieleier: Dr H B Grobler**

**April 2014**

**VERKLARING**

1. Ek weet dat plagiaat verkeerd is. Plagiaat is om 'n ander se werk te gebruik en voor te gee dat dit 'n mens se eie is.
2. Ek het die **NWU Harvard** metode vir die aanhalings en verwysings gebruik. Elke bydrae tot en aanhaling in, van ander mense se werk is aangehaal en verwys.
3. Hierdie navorsingsverslag is my eie werk.
4. Ek het nie toegelaat, en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die doel om dit as sy of haar eie werk te maak nie.

Studentenommer: 23295996

Handtekening: ________________________

Datum: April 2014

**BEDANKINGS**

Aan God, my Hemelse Vader alle dank vir die krag, deursettingsvermoë en onvoorwaardelike genade wat Hy aan my geskenk het om hierdie studie te kon voltooi.

Hiermee wil ek graag my opregte dank en waardering teenoor elkeen van die volgende persone betuig:

- Aan my studieleier, Dr Coen Reynolds, vir sy deurlopende leiding, ondersteuning en geduld. My dank ook aan Dr Herman Grobler, my hulpstudieleier wat waardevolle bydraes gelewer het in die voltooiing van die navorsing.

- Aan my ouers Mnr. Jan Nel en Mev. Elsabe Nel vir onvoorwaardelike ondersteuning, leiding, raad en geduld.

- Aan Karin Wilson, vir ondersteuning met tegniese- en taalversorging.

- Aan die ouers, vir hulle bereidwilligheid van deelname aan hierdie studie.

# OPSOMMING

**‘n Waarderingsperspektief van ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing.**

Die doel van die navorsing was om vanuit ‘n waarderingsperspektief ‘n kwalitatiewe ondersoek te doen oor ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing. Die populasie het bestaan uit ouers met kinders in ‘n primêre skool in ‘n landelike omgewing, te Wellington. Inligting is bekom deur die voer van individuele onderhoude met ouers en ‘n fokusgroeponderhoud. Data is ontleed en drie temas met subtemas en kategorieë is geïdentifiseer. Bevindinge en gevolgtrekkings is gemaak met betrekking tot ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses. Daar is bevind dat ouers wel betrokke is by hul kinders se leerproses. Ten opsigte van hierdie navorsingstudie word tot die slotsom gekom dat die ouers deurentyd betrokke is by hul kinders se leerproses en hoë ideale vir hulle kinders koester. Ongeag lang werksure probeer hulle steeds betrokke wees. Die ouers wil graag vir hul kinders net die beste gee en koester beter beroepe vir hulle kinders.

**Trefwoorde:**
Ouers
Betrokkenheid
Kinders
Leerproses
Waarderingsperspektief
Landelike omgewing

**Afkortings:**
Io: Individuele onderhoud
Fo: Fokusgroeponderhoud

# ABSTRACT

**An appreciative inquiry of parents' involvement in their children's learning process in a rural area.**

The purpose of this study was from a valuation perspective, a qualitative inquiry on parents' involvement in their children's learning in a rural area. The population consisted of parents with children in a primary school in a rural area, in and around Wellington. Information was obtained through individual interviews with parents and a focus group interview. Data were analyzed and three themes with sub-themes and categories were identified. Findings and conclusions were made regarding parents' involvement in their children's learning process. It was found that parents are involved in their children's learning process. This research study has concluded that parents are consistently involved in their children's learning process they nurture high ideals for their children. Regardless of long working hours they still try their best to stay involved. The parents want the best for their children and nurture better jobs for their children.



**Keywords:**

Parents

Involvement

Children

Learning process

Appreciative inquiry

Rural area


**Abbreviations:**

Ii: Individual interview

Fi: Focus group interview

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**PERSPEKTIEFSTELLING VAN DIE NAVORSING**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | ORIËNTERENDE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.2 | DOEL VAN DIE NAVORSING | 5 |
| 1.3 | METODE VAN NAVORSING | 5 |
| 1.3.1 | Literatuuroorsig | 5 |
| 1.3.2 | Navorsingsbenadering en -ontwerp | 6 |
| 1.3.3 | Deelnemers | 7 |
| 1.3.4 | Prosedure van selektering van deelnemers | 7 |
| 1.3.5 | Data-insameling | 8 |
| 1.3.6 | Data ontleding | 10 |
| 1.3.7 | Metode van dataverifikasie | 11 |
| 1.4 | ETIESE KWESSIES | 13 |
| 1.5 | KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG | 14 |
| 1.6 | SAMEVATTING | 16 |


**HOOFSTUK 2**

**LITERATUURSTUDIE: OUERBETROKKENHEID BY DIE LEERPROSES VAN DIE KIND**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 17 |
| 2.2 | KONSEPTUALISERING VAN DIE LEERPROSES VAN KINDERS IN DIE PRIMÊRE SKOOL | 17 |
| 2.3 | DIE BELANGRIKHEID VAN OUERBETROKKENHEID | 18 |
| 2.3.1 | Wat behels ouerbetrokkenheid? | 19 |
| 2.3.2 | Die waarde van ouerbetrokkenheid | 19 |
| 2.3.3 | Die leefwêreld van die kind | 21 |

2.3.4 Ouerbetrokkenheid en die primêre behoeftes van die kind. 22
2.3.5 Ouerbetrokkenheid en die opvoeding van die kind. 23
2.3.6 Ouerbetrokkenheid en die sosiale ontwikkeling van die kind 25
2.3.7 Ouerbetrokkenheid en die emosionele ontwikkeling van die kind 27
2.3.8 Ouerbetrokkenheid en die kind se waardestelsel 28
2.3.9 Ouerlike ondersteuning aan die kind 30
2.3.10 Ouerbetrokkenheid en skoolopvoeding van die kind 30
2.4 DIE OUER AS ROLMODEL 31
2.5 REDES VIR ONBETROKKENHEID VAN OUERS 33
2.6 SAMEVATTING 34

**HOOFSTUK 3**

**WAARDERINGSPERSPEKTIEF AS TEORETIESE BEGRONDING**

3.1 INLEIDING 35
3.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF 35
3.3 DIE BENUTTING VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF IN DIE SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE 36
3.4 OUERBETROKKENHEID BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF 39
3.5 SAMEVATTING 42

**HOOFSTUK 4**

**NAVORSINGSMETODOLOGIE**

4.1 INLEIDING 43
4.2 LITERATUUROORSIG 43
4.3 ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM EN BEPLANNING VAN DIE PROJEK 44
4.4 NAVORSINGSBENADERING EN –ONTWERP 44

4.5 NAVORSINGSMETODE 46
4.6 DEELNEMERS 47
4.7 DATA-INSAMELING 48
4.8 DATA-ANALISE 50
4.8.1 Organiseer die data 51
4.8.2 Lees en skryf van notas 51
4.8.3 Genereer kategorieë en kodeer data 51
4.8.4 Interpreteer die betekenis van temas/beskrywings 52
4.8.5 Eksploreer alternatiewe verduidelikings 52
4.8.6 Bied data aan 53
4.9 VERTROUENSWAARDIGHEID 53
4.10 ETIESE ASPEKTE 56
4.11 SAMEVATTING 58

**HOOFSTUK 5**

**NAVORSINGSBEVINDINGE**

5.1 INLEIDING 59
5.2 BIOGRAFIESE INLIGTING 59
5.3 BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE 60
5.3.1 HOOFTEMA: ONTDEKKINGFASE 62
5.3.1.1 Sub-tema: Die betekenis van ouerbetrokkenheid vir die ouers 62-71

- Ouerbetrokkenheid beteken tyd saam te spandeer met jou kind(ers)
- Ouerbetrokkenheid beteken om oop kommunikasie met kinders te hê
- Ouerbetrokkenheid beteken om vir kinders om te gee en te beskerm
- Ouerbetrokkenheid beteken om kinders “op die regte pad” te wys
- Ouerbetrokkenheid beteken om kinders te ondersteun

5.3.1.2 Sub-tema: Ouerbetrokkenheid behels om kinders verantwoordelikheid te leer 72-76

- Om verantwoordelikheid te neem vir gedrag teenoor ander mense
- Om verantwoordelike besluite te neem

5.3.1.3 Subtema: Ouerbetrokkenheid beteken om lewenswaardes aan hulle kinders oor te dra 76-79

- Om eerlik te wees
- Om respek teenoor ander te betoon
- Om waardering te toon vir dit wat hulle het

5.3.2 HOOFTEMA: DROOMFASE 79

5.3.2.1 Subtema: Toekomsverwagtinge vir kinders 80-82

- Om ‘n beter toekoms te verseker
- Daar te wees vir kinders

5.3.3 HOOFTEMA: ONTWERPFASE 82

5.3.3.1 Subtema: Die waarmaak van drome 82-85

- Om kinders te motiveer
- Om kinders finansieel te help

5.3.3.2 Subtema: Persone wie betrokke moet wees om drome waar te maak 86-88

- Ouers en onderwysers
- Eienaar van die plaas

5.4 SAMEVATTING 88

**HOOFSTUK 6**

**GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

6.1 INLEIDING 90

6.2 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE DOEL VAN DIE STUDIE 90

6.2.1 Die doel van die studie 90

| | | |
|---|---|---|
| 6.3 | GEVOLGTREKKINGS NA AANLEIDING VAN DIE HOOFTEMAS | 90 |
| 6.3.1 | Ontdekkingsfase | 91 |
| 6.3.2 | Droomfase | 93 |
| 6.3.3 | Ontwerpfase | 94 |
| 6.4 | GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT BETROKKENHEID VAN DIE OUERS BY HULLE KINDERS SE LEERPROSES | 96 |
| 6.5 | AANBEVELINGS | 96 |
| 6.6 | LEEMTES IN DIE STUDIE | 97 |
| 6.7 | SAMEVATTING | 97 |

| | | |
|---|---|---|
| BRONNELYS | | 98 |
| BYLAAG A | Vrae geformuleer vir die onderhoud met ouers | 110 |
| BYLAAG B | Fokusgroeponderhoud vraelys | 112 |
| BYLAAG C | Inligtingsbrief met betrekking tot ‘n individuele onderhoud | 114 |
| BYLAAG D | Toestemming om vrywillig aan die onderhoud deel te neem | 116 |
| BYLAAG E | Toestemming om aan ‘n fokusgroeponderhoud deel te neem | 117 |
| BYLAAG F | Transkribeerde onderhoud | 118 |

## LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1: Identifiserende besonderhede van die deelnemers 60
Tabel 5.2: Hooftemas, sub-temas en kategorieë 61

# HOOFSTUK 1
# PERSPEKTIEFSTELLING VAN DIE NAVORSING

## 1.1 ORIËNTERENDE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Kinders is vanaf geboorte afhanklik van hulle ouers wat ‘n belangrike rol in die welstand van die kind speel wat onder andere insluit die grootmaakproses, sosialisering, vorming en waarde-ontwikkeling van die kind (Grace, Jehtro & Aina, 2012:196). Daar is ‘n noue verhouding tussen die welstand en die leerproses van die kind en hulle kan nie van mekaar geskei word nie (Gonzalez, 2002:132). In die studie verwys die woord leerproses na alle aspekte van die kind naamlik akademies, sosiaal- en emosionele welstand, met ander woorde die kind in geheel. Betrokkenheid by die leerproses van die kind verwys nie net na die proses wat formeel in die klaskamer aangebied word of ander skoolaktiwiteite soos sport en kulturele uitstappies nie, maar ook dit wat tuis by die ouerhuis aangebied word en dit wat kinders tuis by ouers leer (Wait, Meyer & Loxton, 2005:147). Die leerproses sluit ‘n gesonde opvoedkundige en huislike klimaat in waarbinne die kind ‘n gevoel van veiligheid ervaar en waar belangstelling getoon word. Dit dra by tot die kind se bekwaamheid, selfvertroue en sukses op alle vlakke van ontwikkeling (Gonzalez, Willems & Doan Holbein, 2005:119). Volgens Reder en Lucey (1995:60) sal ouers tot die kind se leerproses bydra deur gedrag te vorm, modelle te wees wat die kind naboots en deur figure te wees waarmee die kind kan identifiseer.

Navorsing oor ouerbetrokkenheid by die leerproses van die kind het in die afgelope dekades toegeneem en dit word beskou as een van die belangrikste onderwerpe om aan aandag te gee (Domina, 2005:233; Jeynes, 2005:203 en Nye, Turner & Schwartz, 2006:4). Terselftertyd wys navorsing daarop dat ouers minder betrokke raak by hulle kinders se leerproses (Keane, 2007:1). Die betrokkenheid van ouers by hul kinders se leerproses word ook internasionaal beklemtoon. As voorbeeld is die “No child left behind act” tydens President Bush se administrasie aanvaar waarin ouerbetrokkenheid as een van die ses sentrale doelwitte tot ‘n kind se leerproses genoem is (Domina, 2005:233). In 1996 het die Clinton administrasie die Onderwyswet hersien en daar is

voorsiening gemaak dat die armste skole tenminste 1% van die VSA se federale fondse moet gebruik om opvoedkundige samewerking tussen die skool en die ouers te ontwikkel. Die Nasionale Sentrum vir Onderwys Statistieke in die VSA het gewys dat die meeste openbare skole in Amerika aktiwiteite borg om ouers betrokke te kry by die leerproses van die kind (Domina, 2005:233). In Suid-Afrika, is daar op nasionale vlak met die bekendstelling van 'n uitkomsgebaseerde benadering, meer klem geplaas op 'n groter betrokkenheid van ouers by die leerproses van die kind (Mbokodi, Singh & Msila, 2003:1). Die stelsel vereis van ouers om die verantwoordelikheid van die leerproses van die kind met die staat te deel. In Suid-Afrika is die Witskrif 6 oor Spesiale Behoefte Onderwys in Julie 2001 aanvaar. Dit is onder andere op die volgende beginsels gebaseer:

• Alle kinders het leer en ondersteuning nodig op alle vlakke van ontwikkeling;
• Die gemeenskap asook die ouerhuis vorm deel van ‘n belangrike bron van die kind se leerproses (Department of Education 2001:21-23).

Ouerbetrokkenheid speel ‘n belangrike rol in kinders se ontwikkeling en sukses (Blankstein, 2004:167; Jeynes, 2005:237; Lemmer, 2007:218; Nye *et al.,* 2006:4; Ramirez, 2001:130). Boonzaaier (2008:385), Cole (2011:2) en Gonzalez (2002:132) noem dat daar ‘n beduidende verhouding bestaan tussen ouerbetrokkenheid en veranderlikes soos akademiese sukses, emosionele en sosiale welstand van die kind, ouerteenwoordigheid en positiewe lewensperspektief. Gonzalez (2002:132) noem dat ouerbetrokkenheid die kind ‘n gevoel van veiligheid en gerusstelling gee aangesien die kind streef na self-ontwikkeling en ‘n identiteit wat lei tot self-aktualisering. Kinders word ook meer gemotiveer om te leer en skool te gaan deur die ouer se direkte betrokkenheid by hul leerproses. So word ‘n ondersteuningstelsel van emosionele ondersteuning by die huis gekweek deur direkte betrokkenheid en belangstelling te toon in die kind se algehele ontwikkeling (Gonzalez *et al.,* 2005:119). Wanneer ouers betrokke is by die kind se leerproses, stuur dit ‘n waardevolle boodskap en ‘n gevoel van omgee uit na die kind (Darch, Miao & Shippen, 2004; Epstein, 2002; Machen, Wilson & Notar, 2005). Machen *et al*. (2005) en Patrikakou, Weissburg, Redding, en

Walberg (2005:1-14) noem dat dié boodskap kan dien as motivering vir die kind om te presteer op alle vlakke van ontwikkeling en kan sodoende selfvertroue verhoog. Wait *et al*. (2005:144) noem dat ouers se aanmoediging en belangstelling ook bydra tot die kind se bekwaamheid en sukses. Die ouers oefen die sterkste invloed uit op die kind se sosiale welstand. ‘n Gevoel van eiewaarde ontwikkel wanneer liefde en waardering ervaar word (Wait *et al*., 2005:131).

In Suid-Afrika is daar ‘n toenemende tendens van onderwysers om ouers betrokke te kry by die leerproses van die kind, nie net by die akademie nie, maar ook op alle ander vlakke van die kind se ontwikkeling naamlik sosiaal en emosioneel (Berthelsel & Walker, 2008:41; Jeffery, Lehr, Hache & Campbell, 1992:240). Van Wyk en Lemmer (2009:19) beklemtoon dat ouerbetrokkenheid nie outomaties gaan plaasvind nie. Dit verg gekoördineerde beplanning en tans is daar geen gestruktureerde program beskikbaar om ouerbetrokkenheid aan te moedig nie (Venter, 2011:53). Volgens Venter (2011:53) bestaan daar ‘n behoefte aan ondersteuningstrategieë om ouers te betrek by hulle kinders se leerproses in die algeheel. Tog word ouers van landelike gebiede se rol steeds onderskat.

Venter (2011:46) noem dat daar ‘n algehele gebrek aan ouerbetrokkenheid by primêre skole in landelike gebiede is. Hierdie gebrek kan toegekryf word aan die ouers wat nie altyd bewus is van die belangrike rol wat hul in die kind se algehele ontwikkeling speel nie en hierdie uitdaging behoort aangespreek te word (Boonzaaier, 2008:385; Cole, 2011:2; Grace *et al*., 2012:196; Venter, 2011:46). Faktore wat verder bydra tot ouers in landelike omgewings se onbetrokkenheid by hulle kinders kan toegeskryf word aan die feit dat hulle dikwels lang afstande moet af-lê om by die skool of ander plekke te kom en dat daar ‘n gebrek aan vervoerdienste bestaan (Ashby, 2006; Bridgemohan, Van Wyk, Van Staden, 2005:66; Epstein *et al*., 2002; Hoover-Dempsey, Walker, Sandler, Whetsel, Green, Wilkens & Closson 2005; Jefferey *et al.,* 1992:242; Joshi, Eberly, Konzal, 2005; Lewis & Forman, 2002 & Reynolds, 2012:37). Ander faktore wat verhoed dat ouers aktief kan deelneem aan die kind se leerproses, is onbuigsame en lang werksure, ‘n algehele gebrek aan skoolkennis en –vaardighede, huislike omstandighede en beperkte

toegang tot professionele ondersteuningstelsels (Hoover-Dempsey *et al*., 2005). Wait *et al*. (2005:147) noem dat baie ouerhuise veral in landelike gebiede, as gevolg van lae sosio-ekonomiese omstandighede nie ‘n gesonde opvoedkundige klimaat bied nie. Daar is ook gevalle waar die kinders geen toesig het as hulle na skool by die huis kom nie (Reynolds, 2012:36). Gonzalez (2002:132) noem verder dat ‘n gebrek aan ouerbetrokkenheid kan lei tot uitermatige portuurgroep-invloede wat weer kan lei tot negatiewe uitkomste met betrekking tot algehele ontwikkeling. Die kind kan ‘n gevoel van waardeloosheid en verwerping ervaar as die ondersteuning van ouers kortkom (Wait *et al*., 2005:124). Berthelsen en Walker (2008:35) noem ook dat die houding van die ouers oor die kind se algehele ontwikkeling en die emosionele konnotasie wat daarmee gepaard gaan, ‘n invloed kan hê oor hoe die kind voel oor die leerproses. Sover die navorser kon vasstel is daar nog nie navorsing gedoen vanuit ‘n positiewe perspektief om ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing te beskryf nie.

Derhalwe gaan die studie vanuit ‘n waarderingsperspektief aangepak word. Volgens Moore en Charvat (2007:564-565) word die waarderingsperspektief beskryf as ‘n benadering waar die klem geplaas word op mense se vermoëns. Volgens White (1996:472) behels ‘n waarderingsperspektief die vermoë om vrae te gebruik wat daarop fokus om ‘n sisteem, in dié geval die ouers en hulle betrokkenheid by hulle kinders, se potensiaal, te versterk. Die tipe vrae is positief van aard en bring die positiewe aspekte uit die persoon na vore in plaas daarvan om op probleme of probleemoplossings te fokus (White, 1996:472-474).

Die kern van die waarderingsperspektief in hierdie navorsing is om die klem te plaas op moontlikhede en in dié geval, die moontlikhede van ouerbetrokkenheid te ontdek, met ander woorde om voort te bou op dit wat in die verlede gewerk het.

Aangesien die studie verkennend en beskrywend van aard is, word ‘n navorsingsvraag gestel (Fouché & De Vos, 2011:103). Volgens Fouché en De Vos (2011:101) is die navorsingsvraag in ‘n kwalitatiewe studie buigbaar en soms onvoorspelbaar.

In die lig van bogenoemde bespreking kan die volgende navorsingsvraag geformuleer word:

Wat is ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing vanuit ‘n waarderingsperspektief?

## 1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die algemene doel van navorsing is dit wat die navorser beplan om te doen en hoe om dit te bereik (Fouché & De Vos, 2011:94). Die spesifieke doel van die navorsing is om vanuit ‘n waarderingsperspektief die betrokkenheid van ouers by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing te verken en te beskryf.

## 1.3 METODE VAN NAVORSING

Vervolgens gaan die literatuuroorsig, navorsingsbenadering- en ontwerp, selektering van die deelnemers, data insameling- en ontleding en die metode van dataverikasie bespreek word.

### 1.3.1 Literatuuroorsig

Die navorser gaan verskeie bronne oor ouerbetrokkenheid raadpleeg deur na internasionale en nasionale literatuur te verwys. Die navorser gaan ook literatuurstudies bestudeer ondere andere proefskrifte, navorsingsverslae en databasisse soos EBSCO Host, SaePublications, Nexus, Sabinet en Google Scholar.

Die literatuurstudie sal fokus op:

- Nasionale en internasionale navorsing met betrekking tot ouerbetrokkenheid by die kind in die primêre skool.
- Betrokkenheid van ouers by die leerproses van die kind.

- Hoe ‘n tipiese landelike omgewing lyk vanuit die perspektief van lae sosio-ekonomiese omstandighede ten opsigte van ouerbetrokkenheid by die kind se ontwikkeling.
- Die waarderingsperspektief in meer diepte te bespreek.
- Die waarderingsperspektief binne konteks van ouerbetrokkenheid te bespreek.

### 1.3.2 Navorsingsbenadering en -ontwerp

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering fokus op die deelnemers se ervaring en persepsies (Rubin & Babbie 2005:125). Kwalitatiewe navorsing fokus daarop om die betekenis wat mense aan die lewe heg, te verstaan. Die kwalitatiewe navorsingsparadigma stel die navorser in staat om deelnemers se weergawe van hulle betekenis, belewing of siening van dit wat nagevors word aan te teken. Sodoende lewer dit verkennende en beskrywende data in die deelnemers se eie mondelinge woorde (Fouché & Delport, 2011:64-65). Die beskrywende aard asook die verkennende aard verseker dat nuwe idees en inligting bekom kan word (Fouché & Delport, 2011:64-65). Die doel van die navorsing sal verkennend en beskrywend van aard wees om ‘n beter insig oor ouerbetrokkenheid te verkry deur gebruik te maak van die waarderingsperspektief as ‘n benadering.

Vir hierdie spesifieke studie gaan die waarderingsperspektief as navorsingsbenadering en teoretiese begronding dien. Die waarderingsperspektief sluit die kuns in om vrae te vra wat ‘n sisteem sal versterk tot volle potensiaal, wat die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in hierdie studie behels. Die waarderingsperspektief is die soeke na dit wat die beste in mense is (Stavros & Torres, 2005:79). Daar gaan gefokus word op ouerbetrokkenheid binne die konteks van die waarderingspektief. In die konteks van die huidige studie streef die waarderingsperspektief daarna om deelnemers se ervaringe wat in die verlede gewerk het te identifiseer, om effektiewe ontwikkelingsplanne te ontwerp en om die implementering daarvan te verseker (Shuayb, Sharp, Judkins & Hetherington, 2009:2). Die waarderingsperspektief word

beskryf as ‘n benadering waar die fokus op mense se potensiaal val (Moore & Charvat, 2007:564-565). Die benadering fokus spesifiek om voort te bou op dit wat werk en nie noodwendig op dit wat foutief is nie, met ander woorde om te fokus op deelnemers se eie positiewe ervarings wat in ander situasies gewerk het en suksesvol was (Coghlan, Preskill & Catsambas, 2003:2; Cram, 2010:1).

### 1.3.3 Deelnemers

Dit is belangrik om die populasie te definieer voordat ‘n steekproef geselekteer word. Rubin en Babbie (2005:153) omskryf ‘n populasie as die totaliteit van persone waarby die studie belang het. Die populasie vir hierdie studie sal alle ouers van kinders in ‘n primêre skool in die landelike omgewing van Wellington wees. Die aantal ouers wat by die ondersoek betrek gaan word sal bepaal word wanneer die dataversadigingspunt bereik is. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die navorser van ‘n toevallige steefproef, ook genoem gerieflikheidsteekpoef gebruik maak wat ‘n tipe van ‘n nie-waarskynlikheidsteekproefneming is omrede hierde tipe steekproef deel van die bevolking betrek wat maklik bereikbaar is (Strydom, 2011:232). Dié tipe steekproef is geredelik beskikbaar en gerieflik. Strydom (2011:223) meld dat ‘n steekproef op sigself gesien kan word as 'n benadering tot die geheel.

Vir insluiting by die navorsing moet die ouerpare aan die volgende kriteria voldoen:

- Die ouers moet ‘n skoolkind in ‘n primêre skool hê in die omgewing van Wellington
- Afrikaans en/of Engelssprekend wees
- Deelnemers moet as die biologiese ouer van die kind optree

Die deelnemers in die studie is woonagtig op plase, meer spesifiek, wingerdplase en die oorgrote meerderheid van die ouers is plaasarbeiders. Hulle kinders gaan skool in die omliggende skole, spesifiek die landelike skole wat nie in die dorp, Wellington gesetel is nie. Die ouers sal vrywillig aan die navorsing deelneem.

### 1.3.4 Prosedure van selektering van deelnemers

Die navorser sal in samewerking met drie onderskeie skole en elke skool se hoof werk om name en kontakbesonderhede van ouers wie moontlik sal belangstel om aan die navorsing deel te neem te kry en reeds aan die hoof toestemming gegee het dat die navorser hulle kan kontak. Die navorser sal ouerpare telefonies nader om te verneem of hulle bereid sal wees om aan ‘n onderhoud sowel as fokusgroeponderhoud deel te neem. Die doel van die navorsing sal tydens die telefoniese gesprek aan elke ouer verduidelik word en alle nodige inligting sal aan hulle verskaf word indien hulle sou belangstel om deel te neem. Die navorser sal ‘n tyd en plek reël en ‘n dag voor die onderhoud weer die ouerpaar skakel om die afpsraak te bevestig. Na die eerste onderhoud sal die navorser die tweede ouerpaar op die lys kontak en ‘n onderhoud met hulle voer. Die navorser sal so voort gaan totdat versadigingspunt bereik word in terme van inligting wat bekom word tydens die onderhoude. Met die aanvang van elke onderhoud sal die navorser elke ouerpaar bedank vir hul deelname en weereens die doel van die navorsing verduidelik deur middel van ‘n inligtingsbrief. Elke ouerpaar sal ‘n toestemmingsbrief ontvang wat hulle moet teken en ook hul toestemming verleen tot ‘n bandopname van die onderhoud. Die navorser sal dit duidelik stel dat alle inligting konfidensieel hanteer sal word. Na afloop van die onderhoude en fokusgroeponderhoud sal die ouers weereens bedank word vir hul bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing.

### 1.3.5 Data-insameling

Met betrekking tot data insameling gaan daar gebruik gemaak word van semi-gestruktureerde onderhoude en ’n fokusgroeponderhoud om ‘n beeld van ouerbetrokkenheid by die leerproses van die kind te verkry. Binne die semi-gestruktureerde onderhoude gaan die navorser op oop-einde vrae konsentreer (Greeff, 2011:347-348). Die kuns van oop vrae onderhoude lê daarin dat deelnemers hul eie ervarings en opinies kan deel en verhoed dat deelnemers net ja of nee kan antwoord (Greeff, 2011:343). Greeff (2011:348) noem dat ’n belangrike kenmerk van oop vrae

onderhoude omvattende data behels en dit is ’n rede waarom die navorser op dié metode besluit het. Oop vrae gaan geformuleer word binne konteks van die navorsing omrede die deelnemers sodoende die geleentheid kry om hul idees, gevoelens en persepsies te deel (Greeff, 2011:348). Ingevolge die 4-D model (wat volledig in hoofstuk drie bespreek word), naamlik die Ontdekkingsfase, Droomfase, Ontwerpfase en die Volhoubaarheidsfase gaan die volgende vrae aan die ouerpare gevra word:

- Onder die Ontdekkingsfase gaan gevra word: “Wat verstaan julle onder die begrip ouerbetrokkenheid by die leerproses van julle kinders?”
- Onder die Droomfase gaan gevra word: “Wat sou julle nog graag wou doen om meer betrokke te wees by julle kinders met ander woorde, wat is julle drome of wense oor julle betrokkenheid om nog meer betrokkenheid te toon?”
- Onder die Ontwerpfase gaan gevra word: “Hoe meen julle sal dit wat julle graag nog wil doen werklikheid word?” In die fokusgroeponderhoud sal vrae gevra word wat sal verseker dat die navorser tydens die individuele onderhoude alles korrek begryp en interpreteer het asook om enige onduidelikhede uit te klaar.

Die navorser sal die ouers weereens inlig oor die doel van die navorsing en die inhoud van die inligtingsbrief en toestemmingsbrief sal bespreek word. Die ouers sal die versekering verkry dat alle inligting vertroulik hanteer sal word (Greeff, 2011:346). Die navorser sal ook aan die ouers weergee hoe lank die onderhoude sal duur en dat hulle op enige tydstip uit die studie kan onttrek. Die vrae sal binne konteks van die navorsingsdoel en -vraag geformuleer word asook binne die 4-D model van die waarderingsperspektief. Die vrae wat geformuleer sal word, sal betrekking hê op die ouers se beskouing van ouerbetrokkenheid, wat hulle as ouers doen om betrokke te wees by hulle kinders en wat hulle sal wil doen om meer betrokke te raak. Volgens Greeff (2011:348) lê die motivering van semi-gestruktureerde onderhoude daarin dat deelnemers as kenners op hulle gebied beskou word. Deur oop vrae te vra kry ouers die geleentheid om hulle stories te vertel, met ander woorde dit is ‘n gesprek met ‘n doel (Greeff, 2011:348). Die gebruik van ‘n onderhoud as ‘n metode van navorsing is nie ongewoon nie, omdat onderhoude gesprekke is met ‘n struktuur en ‘n doel. Dit behels

die uitruil van gedagtes oor die navorsingsprobleem en bestaan uit ‘n spesifieke vraag-en-antwoordbenadering waardeur daar op ‘n versigtige manier gepoog word om deeglike, getoetste inligting van die deelnemers te genereer (Kvale, 2006). Die navorser gaan dus van oop vrae gebruik maak om aan die ouers die geleentheid te gee om hulle antwoorde en sienings te verskaf. Onderhoude gaan gevoer word tot versadigingspunt bereik word, met ander woorde, totdat inligting wat ingesamel word herhaal word (Greeff, 2011:348-349).

Vir die doeleindes van die studie gaan die navorser ‘n fokusgroep van bereidwillige ouers saamstel ten einde te bepaal of die navorser tydens die individuele onderhoude alles korrek begryp en interpreteer het. Greeff (2011:294) noem in dié verband dat ‘n fokusgroep benut kan word om data wat ingewin is tydens die individuele onderhoude te verifieer. Die fokusgroep gaan bestaan uit vrywillge ouerpare wat aan die individuele onderhoude deelgeneem het.

Die besprekingsvrae vir die fokusgroeponderhoud sal afhang van daardie aspekte wat tydens die individuele onderhoude navore gekom het en wat die navorser wil verifieer. Hierdie besprekingsvrae vir die fokusgroeponderhoud sal bepaal word nadat die data wat tydens die individuele onderhoude ingesamel, verwerk is.

Tydens die voer van onderhoude en fokusgroeponderhoud is dit belangrik dat die opname van data akkuraat geskied (Davies, 2007:162). Dus gaan die navorser gebruik maak van ‘n bandopnemer om te verseker dat ‘n geheelbeeld van die gesprekke met die ouerpare verkry kan word. Die ouers se toestemming in die gebruik van ‘n bandopnemer sal vooraf verkry word. Onderhoude is verbatim getranskribeer.

### 1.3.6 Data ontleding

‘n Kwalitatiewe navorser ontleed data deur dit in kategorieë te plaas volgens temas, konsepte en eenderse eienskappe en in dié geval, die reaksies van die deelnemers op die vrae (Neuman, 2006:467). Daarna ontwikkel die navorser nuwe konsepte, formuleer konseptuele definisies en bestudeer verhoudings tussen konsepte. Laastens vergelyk die navorser die konsepte met mekaar deur te kyk na die ooreenkomste en verskille. Die ontleding van kwalitatiewe data behels dat die onverwerkte data minder gemaak moet word en daarna die betekenisvolle patrone te identifiseer (Babbie, 2007:378; Neuman, 2000:420). Volgens Neuman (2006:467) is data-analise daar om die patrone in die data te identifiseer. Vir die doeleindes van hierdie studie is data aan die hand van die stappe van Cresswell (2009:185-190) verwerk.

Dié stappe vir data-analise is as volg:

- Lees al die transkripsies aandagtig deur om ‘n algehele geheelbeeld te kry.
- Neem een van die transkribeerde onderhoude en besluit waaroor dit gaan. Maak deurentyd aantekeninge.
- Maak onderwerpe soos daar deur die transkripsies gewerk word en groepeer dit onder hoofonderwerpe.
- Gebruik die hoofonderwerpe en kort dit af as kodes. Skryf die kodes langs die korrekte teksgedeelte neer en gebruik dit om nuwe kategorieë te identifiseer.
- Finaliseer afkortings van elke kategorie en plaas kodes in alfabetiese volgorde.
- Versamel die inligting wat by elke kategorie pas bymekaar en doen ‘n voorlopige analise.
- Skryf die navorsingsverslag.

Nadat data geanaliseer is, gaan ‘n literatuurkontrole gedoen word om bestaande literatuur te vergelyk met die hooftemas en katergorieë wat uit die navorsing na vore gekom het (Cresswell, 2009:27).

### 1.3.7 Metode van dataverifikasie

In kwalitatiewe navorsing is die betroubaarheid en geldigheid van navorsing belangrike aspekte van data-insameling (Babbie, 2007:313). Om betroubaarheid te verseker moet die studie geloofwaardig, oordraagbaar, vertroubaar en bevestigbaar wees (Greeff, 2012:58). Merriam (2009:209) plaas klem dat geldige en betroubare data op ‘n etiese wyse voorsien moet word tydens kwalitatiewe navorsing. In die navorsing word geloofwaardigheid verseker wanneer die menings van die deelnemers konsekwent is met dit wat die navorser navors (Foxcroft, 2005:28). Vertroubaarheid word verseker wanneer die navorsingsproses goed uitgelê en nagesien word (Foxcroft, 2005:29-30). Wanneer die navorsingsprosedures en –metodes deelglik verwoord en oorgedra word, dan word oordraagbaarheid verseker (Shurink, Fouchè & De Vos 2011:420). Merriam (2009:227-228) noem dat ryke beskrywings van data nodig is om oordraagbaarheid van bevindinge te verbeter. Bevestigbaarheid verwys na objektiwiteit (Shenton, 2004:72). Om bevestigbaarheid te verseker moet die navorser bewyse lewer wat die bevindinge uitbrei deur middel van ouditering. Die bevindinge behoort ‘n weerspieëling te wees van die deelnemers alleenlik (Shenton, 2004:72). Toepaslikheid word verseker wanneer dit wat nagevors word, in dié geval bevordering van ouerbetrokkenheid by die kind se leerproses, vergelyk word met die deelnemers se eie ervarings.

Literatuurkontrole en triangulering verseker dataverifikasie. Tydens triangulering word daar gepoog om ‘n studie se kredietwaardigheid te verhoog (Patton, 2002:247). Deur gebruik te maak van verskillende metodes kan die proses van triangulering versterk word (Merriam, 2009:215; Shenton, 2004:64). Daar is verskeie wyses van triangulering, onder andere databronne (wat mense, plekke en tyd insluit) en data-insamelingsmetodes (wat onderhoude insluit). Ten einde triangulering te verseker, gaan daar van verskillende insamelingsmetodes gebruik gemaak word. Die transkripsie van bandopnames en bevindinge van die fokusgroep sal ook verseker dat triangulering plaasvind en dat verantwoordbare gevolgtrekkings gemaak kan word.

Dus om betroubaarheid van die studie te verseker sal die navorser die volgende aspekte in ag neem:

- Verifiëring van onverwerkte data: Die navorser gaan na afloop van die individuele onderhoude data verifieer met ‘n fokusgroep ten einde te verseker dat die navorser alles korrek verstaan het.
- Die opskryf van besluite word gedoen: Notas gaan deurentyd gemaak word oor die navorsingsproses wat gevolg gaan word.
- Betroubaarheid in kodering van data: Die data gaan self deur die navorser gekodeer en geanaliseer word. Daar gaan nie van ‘n eksterne kodeerder gebruik gemaak word nie.
- Vermyding van bevooroordeling: Die navorser gaan te alle tye poog om objektief na die inligting kyk en geen ongeldige afleidings maak nie.
- Vermyding van veralgemening: Die doel van kwalitatiewe navorsing is nie om bevindinge te veralgemeen nie dus gaan bevindinge nie veralgemeen word nie. Die resultate van hierdie studie sal slegs van toepassing wees op die spesifieke populasie wat betrek is en in dié geval, ouers in landelike gebiede, te Wellington (Cresswell, 2009:195:190).

## 1.4 ETIESE KWESSIES

Die navorsing sal volgens die etiese kodes van die Noordwes-Universiteit onderneem word. Die navorsing is geregistreer onder die projek: “Developing sustainable support to enhance quality of life and well-being for children, youth and families in South Africa: A trans-disciplinary approach. Die etiese nommer is NWU-0060-12-A1.

Die volledige etiese aspekte word aangespreek in hoofstuk vier.

1. Respek
    - Geen uitbuiting van deelnemers.
    - Waardering toon aan ouers.
    - Nie meerderwaardig wees nie.

2. Eerlik oor die doel van die navorsing
    - Kan enige tyd onttrek sonder om benadeel te word.

3. Anonimiteit, konfidensialteit en toestemming/instemming

    - Anonimiteit van deelnemers.
    - Konfidensialiteit van data.
    - Toestemming en instemming van deelnemers.

4. Toegang en stoor van data
    - Stoor data op ‘n veilige plek.
    - Volg regte prosedure.

5. Observasie van deelnemers
    - Teken konfidensialiteitsvorm.
    - Diskreet oor rol en vertrouensverhouding.

## 1.5 KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag sal in verhandelingformaat aan die hand van dié struktuur aangebied word:

**Hoofstuk 1**
Perspektiefstelling van die navorsing

In hierdie hoofstuk is die oriëntering tot die navorsing bespreek. Dit het die probleemstelling en motivering vir die studie, die doelstelling, die uitleg van die navorsingsmetodologie, en die hoofstukindeling behels.

**Hoofstuk 2**

Literatuuroorsig

Hierdie hoofstuk bestaan uit ‘n literatuuroorsig oor betrokkenheid van ouers by hul kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing, soos dit betrekking het op die navorsing.

**Hoofstuk 3**

Waarderingsperspektief as teoretiese begronding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n algehele oorsig te gee van die waarderingsperspektief wat as die teoretiese begronding vir hierdie navorsing dien. Daar word op die ontwikkelingsagtergrond van die waarderingsperspektief asook die belangrikheid van ouerbetrokkenheid binne die konteks van die waarderingsperspektief gefokus.

**Hoofstuk 4**

Navorsingsmetodologie

Die doel van die hoofstuk is ‘n bespreking van onder andere hoe die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat gebruik is, toegepas is, data-insameling en data-analise, die beskrywing van navorsingsdeelnemers en etiese kwessies.

**Hoofstuk 5**

Navorsingsbevindinge

In hierdie hoofstuk word die aard van die navorsingsbevindinge bespreek aan die hand van ‘n analise van die ingesamelde data en verifiëring met literatuur.

**Hoofstuk 6**

Gevolgtrekkings en aanbevelings

Hierdie is die slothoofstuk waarin die gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek sal word.

## 1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die perspektiefstelling oor ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses omskryf. Dit beklemtoon die belangrikheid van ouerbetrokkenheid en dat dit meer behels as net die voortbring van 'n kind. Ouerbetrokkenheid moet as 'n outomatiese saak beskou word wat onlosmaaklik is van die kind. Verder word die navoringsontwerp en prosedure van selektering van deelnemers bespreek, asook die metode van data-insameling en data ontleding. Laastens word die etiese kwessies genoem. In hoofstuk 2 word 'n omvattende literatuuroorsig ten opsigte van ouerbetrokkenheid by hul kinders se leerproses omskryf.

# HOOFSTUK 2
# LITERATUURSTUDIE: OUERBETROKKENHEID BY DIE LEERPROSES VAN DIE KIND

## 2.1 INLEIDING

Die doel van dié hoofstuk is om ‘n literatuuroorsig te verskaf van die betrokkenheid van ouers by die leerproses van hul kinders. Die konsep leerproses van kinders word omskryf. Daar word ook gekyk na die belangrikheid van ouerbetrokkenheid en die ouer as rolmodel word daarna bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met die redes vir oueronbetrokkenheid by die leerproses van die kind.

## 2.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE LEERPROSES VAN KINDERS IN DIE PRIMÊRE SKOOL

In dié navorsing verwys die leerproses na kinders se grootword-, sosialiserings-, en vormingsproses asook waardeontwikkeling (Grace *et al*., 2012:196). Die leerproses verwys ook na die sosiale-, emosionele en geestelike welstand van kinders. In die navorsing verwys die woord leerproses dus nie spesifiek na die akademiese ontwikkeling van kinders nie, maar meer spesifiek na die ouers se betrokkenheid by die leefwêreld van hul kinders (Wait *et al*., 2005:147). Die leerproses sluit ook ‘n gesonde huislike klimaat in waarbinne kinders gevoelens van veiligheid en geborgenheid kan ervaar (Gonzalez, 2005:119). Volgens Meyer, Moore en Viljoen (2008:319) reageer kinders op situasies volgens dit wat hulle by die huis sien. Die ouerhuis is die eerste plek waar kinders oor hulself en hul wêreld leer.

Volgens Blackwell (2013:4-6) wil ouers graag hulle kinders binne ‘n vaste roetine grootmaak. Blackwell (2013:4-6) noem verder dat ouers die gejaagdheid van die lewe en hulle stryd teen tyd onder andere blameer vir hoe min hulle betrokke kan wees by hul kinders. Blackwell (2013:4-6) stel voor dat indien ouers erns wil maak met hulle

betrokkenheid by hul kinders, kan ouers begin met daaglikse algemene betrokkenheid deur middel van die volgende:

- Etenstye is een van die beste geleenthede om kinders op ‘n informele manier te leer. Maaltye moet ‘n tyd wees waar al die gesinslede teenwoordig is. Elkeen kan dan vertel van hulle dag, die teleurstellings en hoogtepunte. Jesus het gereeld sy dissipels tydens maaltye geleer. Hy het gewone lewensituasies gebruik om die waarheid toe te pas en illustrasies te gee. Dit is dus ‘n ideale geleentheid om betrokkenheid by hul kinders te toon.

- Slapenstyd bied somtyds die heel beste geleentheid om kinders iets te leer. Dit is stil, rustig, en daar is geen ander afleidings nie en die ouer kan dan, na stiltetyd en gebed, tyd met hul kind spandeer. Vrae kan gevra word wat vir die kinders kans gee om oor die dag te dink en hulle hart oop te maak. In privaatheid, sonder steurnisse, is daar dus die geleentheid vir eerlikheid en om hulle kinders te leer.

Die belangrikste beginsel is dat ouers self ‘n voorbeeld vir hul kinders moet stel, want sodoende gee die ouers aan hul kinders ‘n blik op die logika agter hulle optrede, oortuigings en waarhede (Blackwell, 2013:19).

## 2.3 DIE BELANGRIKHEID VAN OUERBETROKKENHEID

Ouerbetrokkenheid behoort as ‘n normale en outomatiese saak beskou te word wat onlosmaaklik deel vorm van kinders se leerproses. Betrokkenheid van ouers by hul kinders moet nie gesien word as ‘n mode-gier nie, maar eerder as ‘n saak van beginsel (Grobbelaar en Ryke, 2004:82).

### 2.3.1 Wat behels ouerbetrokkenheid?

Ouerbetrokkenheid is ‘n term wat baie meer behels as net die grootmaak van kinders. Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:95) is ’n mens eintlik ten diepste nie ’n ouer omdat jy biologies of fisiologies gesproke daarin geslaag het om kinders te verwek nie. Die geleentheid vir ouerbetrokkenheid, en die profilering van hierdie verantwoordelikheid, tree eintlik eers na vore in die kwaliteit van die ouer se begeleiding van die kind tot volwassenheid. Die kernvraag in ouerbetrokkenheid is nie of ouers ’n kind in die wêreld kan bring nie, maar of hulle kinders in hierdie wêreld so kan versorg en begelei sodat hulle tot volwaardige volwasse mense kan ontwikkel (Grobbelaar en Ryke, 2004:95).

Volgens Lemmer (2007:55) word ouerbetrokkenheid nie net gesien as ‘n wetlike verantwoordelikheid nie, maar ook as ‘n sosiologiese verantwoordelikheid waaraan voldoen moet word. Lemmer (2007:55) voer ook aan dat ouers voortdurend aan hul kinders die waardes wat die samelewing van hulle vereis, moet uitwys. Ouerbetrokkenheid tuis kan help dat kinders beter ontwikkel en leer (Lemmer, 2007:56). Volgens Blackwell (2013:8) behels betrokkenheid dat die ouers hul kinders die beste versorging gee wat liefde, geduld en harde werk aanbetref.

### 2.3.2 Die waarde van ouerbetrokkenheid

Vanaf kinders se geboorte is die ouers belangrike fasiliteerders in hul kinders se sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling (Patrikakou *et al*., 2005:1). Die verwesenliking van kinders se potensiaal hang af van die konteks, met ander woorde, die omgewing waarin hulle grootword, asook die interkonneksies, wat verwys na die verhoudinge met hul ouers asook met ander kinders (Patrikakou *et al*., 2005:1). Kinders se ontwikkeling vind plaas binne die verskillende sisteme (skool, huis, gemeenskap) waarin hulle hulself bevind, en die ouers se betrokkenheid het die grootste invloed op hul kinders se ontwikkeling (Rathus, 2003:37).

Die waarde van ouerbetrokkenheid is daarin geleë dat ouers ‘n kernrol speel in kinders se bemeestering van verskillende ontwikkelingstake. Volgens die Rapha Therapy and Training Institute (2007:11) is die bemeestering van verskillende ontwikkelingstake deur kinders belangrik vir die funksionering binne die verskillende ontwikkelingsfases, aangesien hierdie ontwikkelingsfases op mekaar volg. As daar gekyk word na die fases van die aanneem van rolle deur kinders, sal kinders byvoorbeeld tussen die ouderdomme van vier tot ses dink dat hulle eie opinie die enigste is wat moontlik is. Tussen die ouderdomme van ses tot ag kom kinders agter dat ander mense se interpretasies anders is as hul eie. Tussen die ouerderdomme van ag tot tien besef kinders dat ander se sienswyses verskil en dat ander bewus is daarvan dat hulle ‘n sekere sienswyse het. Tussen die ouderdomme van tien tot twaalf kan kinders hulself in ‘n derde persoon se perspektief indink en as kinders adolessensie bereik, kom hulle agter dat kommunikasie nie altyd konflik herstel nie (Rapha Therapy and Training Institute 2007:11). Volgens Diffily (2004:58) lê die waarde van ouerbetrokkenheid daarin dat die ouers baie meer leer oor die ontwikkeling van hulle kinders. Gibson en Blandford (2005:38) sluit hierby aan deur te stel dat ouers persoonlik voordeel trek uit hul betrokkenheid deurdat dit hulle help om hulle kennis rondom hul kinders se wêreld te verdiep asook effektiewe onderhandeling met hul kinders uit te brei. Kennis en insig van kinders binne hulle ontwikkelingsfases verbeter ouers se kans op ‘n positiewe ouer-kindverhouding (Grobbelaar & Ryke, 2004:82).

‘n Verdere waarde van ouers se betrokkenheid by hulle kinders is die feit dat ouerbetrokkenheid ‘n gesonde en konsekwente huislike omgewing by kinders bevorder waar hulle die gevoel van geliefdheid ervaar (Jeynes, 2009:202). Kinders ervaar ‘n groot mate van sekuriteit en vertroue as hul ouers betrokkenheid toon (Meece & Daniëls, 2008). So ontstaan ‘n positiewe en gesonde verhouding tussen kinders en hulle ouers en dit maak kommunikasie in die gesin soveel makliker. In aansluiting by ‘n gesonde en konsekwente huislike omgewing wys Louw, Van Ede & Louw (2001:449) daarop dat ouers ‘n groot invloed uitoefen op die keuses wat hulle kinders maak. Verder wys Louw et al. (2001:449) daarop dat ongeag sosiale klas en eie vermoëns, kinders gewoonlik hoë ideale het wanneer die ouers hoë ideale vir hul kinders koester,

hul aanmoedig en goeie skoolprestasies deur erkenning beloon. Ouerbetrokkenheid maak voorsiening vir die ouers se toekomsverwagting vir hul kinders, wat weer kinders se verwagtings vir hulself help vorm. Die ouers is dus die primêre voorsieners van die emosionele, intellektuele, sosiale en fisiese omgewing waarin kinders lewe, en hierdie omgewing het ‘n impak op die kinders se persepsies en vermoëns om uitdagings te hanteer (Geldard & Geldard, 2008:76).

Die Nasionale Gesinsbeleid (2006) gee riglyne ten opsigte van die rol en waarde van ouers. Die ouers se verhoudings teenoor hul kinders moet dié wees van omgee, intimiteit en ondersteuning. Deur middel van hierdie waardes leer kinders die aanvaarbare maatskaplike norme aan, asook om te sosialiseer. Deur die ouers word kinders bemoedig, ondersteun en voorsien van geleenthede vir groei en ontwikkeling tot bekwame, produktiewe, liefdevolle en geliefde volwassenes. Funksionele ouers is ‘n byna onmisbare voorvereiste in die ontwikkeling van ‘n goed aangepaste kind. Die uitlewing van positiewe rolle en waardes binne die sisteem van die ouers het ’n baie groot invloed op die ontwikkelende kind (Nasionale gesinsbeleid, 2006).

### 2.3.3 Die leefwêreld van die kind

Die ouer se betrokkenheid behels ook dat die ouer tot die leefwêreld van hulle kinders moet kan toetree. Die leefwêreld van kinders verwys na die omgewing waarin hulle grootword. Klopper en Erasmus (2010:8) dui aan dat dit belangrik is dat waardes gekweek moet word wat ‘n gebalanseerde leefstyl sal verseker. Om ‘n gebalanseerde leefstyl te ontwikkel is dit belangrik dat ouers beginsels soos ordentlike voeding, gesonde gewoontes, fisiese oefening en ontspanningsaktiwiteite aan hulle kinders voorsien en oordra. Dit is ook belangrik dat ouers ‘n goeie balans by hulle kinders skep tussen werk en ontspanning.

Met betrekking tot die leefwêreld van kinders, kan kinders nie in afsondering funksioneer nie en het dus die ouers nodig (Hepworth & Larsen, 2002:287). Die ouers bied oorwegend leiding aan die kinders met betrekking tot hul ontwikkeling en

grootwordproses. Hiermee word bedoel dat dit belangrik is dat ouers grense vir hul kinders moet stel. Grense is abstrakte verdelers tussen die gesin en die omgewing (Hepworth & Larsen, 2002:287). Hierdie grense kan verander na gelang van die verskillende ontwikkelingsfases. Grense beskerm kinders om hulle sodoende selfregulerend en outonomies te kan laat funksioneer (Hepworth & Larsen, 2002:277). Dit is belangrik dat grense duidelik aan kinders gestel word aangesien dit ‘n belangrike rol speel in die suksesvolle funksionering van die ouers en kinders. Grense, met ander woorde reëls, bied emosionele veiligheid aan kinders. Tog noem Hepworth en Larsen (2002:279) dat dit belangrik is dat grense nie rigied moet wees nie. Dit kan veroorsaak dat die kind nie blootgestel word aan eksplorasie en onafhanklikheid nie. In teenstelling, wanneer ouers nie duidelike grense stel nie, kan daar ‘n leemte in stabiliteit en sekuriteit ontstaan. Die kind kom en gaan en weet nie werklik waar om die lyn te trek nie. Dit kan aanleiding gee dat kinders gevoelens van onsekerheid ervaar. Dus bied ouers se grense nie net veiligheid vir hulle kinders nie, maar ook ‘n mate van ordelikheid en struktuur (Hepworth & Larsen, 2002:279).

Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:90) het kinders die ondersteuning en begeleiding van ouers nodig om optimaal te ontwikkel (Wait *et al*., 2005:141-142). Spel is een manier waarop ouers hul kinders kan begelei. Kinders kommunikeer deur spel, gee van hulself, vergeet hulself in spel, gee al spelend uitdrukking aan hoe hul voel en wat hul dink. Kinderspel bied daarom ’n natuurlike, maar ook ’n unieke ruimte waarbinne die ouers hul kinders kan ontmoet. So ’n ontmoeting met die kinders op hul vlak dien as voorloper vir kommunikasie. Vir kinders dien dit as bevestiging dat ouers omgee. Die feit dat ouers tyd afstaan aan spel, sê vir die kinders hulle is belangrik (Grobbelaar & Ryke, 2004:90; Wait *et al*., 2005:141-142).

### 2.3.4 Ouerbetrokkenheid en die primêre behoeftes van die kind.

Die ouers voorsien in die primêre behoeftes van die kinders, met ander woorde die ouers moet sorg dat hulle kinders voedsame kos inneem, klere het om aan te trek en moet sorg dat hul tuiste ‘n gevoel van sekuriteit bied (Epstein, 2009:33). Ouers is

verantwoordelik om hulle kinders fisies en psigies te versorg, met ander woorde, kinders moet liefde en versorging en die nodige aandag en stimulasie ontvang. Kinders word as waardevol beskou en word ondersteun op alle behoeftevlakke (Epstein, 2009:33).

Seifert (2006:5) wys daarop dat kinders wat emosioneel en fisies goed versorg is, ‘n positiewe bindingservaring met hulle ouers beleef. Positiewe bindingservarings tussen ouers en kinders het ‘n positiewe invloed op kinders se biologiese, sosiale, morele en kognitiewe ontwikkeling. Die outeur beskryf binding as die diep en langdurige verbintenis tussen kinders en hul ouers (Seifert, 2006:5).

Die belangrikheid van ‘n betroubare vertrouensverhouding deur ‘n ouer wat hulle kinders deur dik en dun bystaan en ondersteun, kan nie onderskat word nie (Schofield & Beek, 2006:349). Die verhouding tussen kinders en hulle ouers word as binding beskou (Steward & O’Day, 2000:148). Binding voorsien ‘n teoretiese raamwerk waarbinne die kind se gedrag en funksionering op emosionele, sosiale en interpersoonlike vlak verklaar kan word. Die kinders se binding met hulle ouers vorm die grondslag van alle toekomstige verhoudings. Hierdie binding word dus terselftertyd gesien as die basis vir kinders se latere ontwikkeling as volwassene op emosionele, kognitiewe, sosiale, morele en maatskaplike gebied (Joubert, 2008:4). Die funksie van binding is om aan die kinders te gee wat hulle nodig het, in terme van hulle fisiese behoeftes, emosionele behoeftes en beskerming, maar ook om negatiewe elemente van kinders af weg te lei soos byvoorbeeld om hulle te troos wanneer hulle hartseer is (Joubert, 2008:4).

**2.3.5 Ouerbetrokkenheid en die opvoeding van die kind.**

Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:83) is opvoeding noodsaaklik vir kinders om te groei tot volwassenheid. Hulle voer verder aan dat die ontwikkeling wat by kinders plaasvind, nooit op eie inisiatief tot volle ontplooiing gebring kan word nie. Kinders het altyd die ouers se begeleiding nodig. Reeds in die kleuterfase is ouers besig om hul kinders toe

te rus en om hulle op die volwasse lewe voor te berei. Die ouers het die roeping en verpligting om hul kinders te begelei tot verantwoordbare gedrag (Grobbelaar & Ryke, 2004:83).

Die grootste verantwoordelikheid van kinders se opvoeding berus by die ouers (Donald, Lazarus & Lolwana, 2002:290). Die rol van die ouers in hul kinders se opvoeding en as die kinders se eerste 'opvoeder' is van deurslaggewende belang (Springate & Stegelin, 1999:26). Westling en Fox (2004:81) staaf bogenoemde stelling en beweer dat die belangrikheid van ouerbetrokkenheid in hulle opvoeding kardinaal is in die ontwikkeling en leer van kinders. Volgens Lerner (2000:175) word kinders deur die ouers gelei en begelei na volwassenheid. Die rede hiervoor is omdat kinders hulpbehoewend is en die ouers die hulp kan verleen. Hierdie betrokkenheid van die ouers lei tot 'n verhouding wat ontstaan tussen die ouer en hul kinders. Betrokkenheid in die opvoeding van kinders kan slegs plaasvind indien daar 'n verhouding tussen die ouer en hul kinders is. Hierdie verhouding tussen die ouer en hul kinders moet die essensies van vertroue, begrip en gesag toon. Lerner (2000:175) noem dat die vertroue in die opvoedingsverhouding verwys na die atmosfeer tussen die ouer en hulle kinders. Hierdie atmosfeer behoort so te wees dat die ouer glo in die kinders se eerlikheid en trou en andersom. Vertroue kan ook gesien word as 'n gevoel van veiligheid, stabiliteit en geborgenheid. Aanvaarding en respek is deel van die vertrouensverhouding tussen die ouer en hul kinders en dit is die ouer se verantwoordelikheid om dit uit te voer. Aanvaarding verwys na onvoorwaardelike liefde. Die ouer aanvaar kinders soos hulle is. Interaksie tussen die ouer en kinders is 'n verdere belangrike element in opvoeding en betrokkenheid by hulle kinders (Donald *et al*., 2002:247). Respek verwys na die inagneming en erkenning van 'n ander se gevoelens en behoeftes. Respek is om eerbied, ontsag en agting vir hul kinders se menswaardigheid te toon (Odendal en Gouws, 2005:933). Die kind strewe daarna om self iemand te wil wees en daarom is dit belangrik vir die opvoedingsvertrouensverhouding dat die ouer respek en waardering aan hul kinders betoon (Lerner, 2000:176).

Grobbelaar en Ryke (2004:93) dui die positiewe betrokkenheid van ouers by die opvoeding van hulle kinders aan as die verwerkliking van intensiewe, positiewe kommunikasie. Ouers wat positief kommunikeer met hulle kinders, vestig 'n warm, emosionele nabyheid van 'n ek-jy-verhouding tussen ouer en kind. Kommunikasie is ten diepste daardie verlange na verbondenheid en eenheid. Die doel van gesinskommunikasie is immers die skep van 'n positiewe atmosfeer wat geborgenheid bied en wedersydse vertroue bevorder.

In hulle opvoedingsproses behoort ouers hulle kinders te leer van vermaning en dissipline. Vermaning en dissipline behels waarskuwings, liefde en advies. Ouers moenie verkeerdelik dink dat alle lewenslesse slegs deur die voorbeeld van die ouers aangeleer sal word nie. Sommige dinge moet daadwerklik en duidelik vir kinders uitgespel word (Blackwell, 2013:15). Ouers moet leiding neem wat beteken dat hulle mondelings die regte pad aanwys, leiding gee en reghelp waar nodig asook deur advies en aanmoediging te gee ter ondersteuning van hul kind (Blackwell, 2013:15). Volgens Klopper en Erasmus (2010:27) is en bly die ouers die primêre opvoeder van hulle kinders. Dit is belangrik dat kinders geborgenheid in die ouerhuis ervaar omrede dit die basiese oefenplek is vir verdere verhoudings.

### 2.3.6 Ouerbetrokkenheid en die sosiale ontwikkeling van die kind

Mense is sosiale wesens wat geskape is om interaksie met mekaar te hê (Klopper & Erasmus, 2010:24). Kinders wil aanvaar word in die omgewing waarin hulle hulleself bevind (Rathus, 2003:468). Ouers moet kinders leer watter gedrag sosiaal aanvaarbaar is. Dit is ook belangrik dat ouers hul kinders leer wat hul verpligtinge en verantwoordelikhede is in die verskillende kontekste van hul lewe. Hierdie sosiale vaardighede behoort van jongs af vasgelê te word (Klopper & Erasmus, 2010:24).

Sosiale ontwikkeling handel oor die verandering in mense se interaksie en verhoudinge met ander mense. Die invloed van die samelewing word hier ingesluit (Louw *et al.*, 2001:12). Elke individu behoort tot 'n gesin en die ouers word dus gesien as die entiteit

wat die grootste rol in kinders se lewe speel (Berns, 2001:90). Volgens Berns (2001:89) word die ouers as die primêre agent van kinders se sosialisering beskou. Ouers is verantwoordelik om kinders te leer hoe om gepas op te tree binne die vereistes van die sosiale groep waarvan hulle deel vorm (Meece & Daniels, 2008). Volgens Thompson en Rudolph (2000:16) is dit die ouers se verantwoordelikheid om hul kinders te leer:

- wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is met betrekking tot gedrag, houdings en waardes,
- wat van hulle verwag word en wat hulle van die lewe kan verwag,
- om die werklike betekenis van situasies te interpreteer,
- hoe om hulle te gedra in sosiale verhoudinge,
- wie hulle is en wat hulle plek in die samelewing is.

Verder noem Thompson en Rudolph (2000:16) dat kinders vertroue ontwikkel in hul ouers en hul omgewing en dat kinders afhanklik is van hulle vir simpatie, liefde en aandag. Kinders leer kontrole oor hulle omgewing, asook selfkontrole. Kinders leer om doelwitte te stel en ontwikkel leierskap. Dit alles gebeur met ouers as rolmodelle vir hul kinders. Volgens Bandura (2001:4) se sosiale leerteorie leer mense bymekaar deur observasie, nabootsing en modellering. Deur ander waar te neem, vorm mens ‘n idee van hoe om nuwe gedrag te ontwikkel en op ‘n later stadium hierdie gekodeerde inligting gebruik as ‘n gids vir aksie. Wanneer die gesin nie hierdie rol vervul nie, kan verwag word dat kinders sosialiseringsleemtes of -krisisse sal ondervind (Berns, 2001:90-95). Kinders se swak sosiale vaardigehede kan voortspruit uit swak modellering deur die ouers in hul kinders se lewens. Daarom is dit belangrik dat ouers positiewe betrokkenheid by hul kinders toon en goeie sosiale vaardighede modelleer (Berns, 2001:90-95).

**2.3.7 Ouerbetrokkenheid en die emosionele ontwikkeling van die kind**

Emosionele ontwikkeling verwys na ’n geleidelike toename in die kapasiteit om die volle reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer (Vanden Bos, 2007:325). Volgens Sigmund Freud geskied die grondslagfase vir emosionele ontwikkeling reeds in die vroeë kinderjare (Fonagy, 2005:77; Wait *et al*., 2005:34). 'n Deel van die emosionele aspekte van kinders word gevorm deur die voorsiening in die affektiewe behoeftes van die kind deur die ouers. Affektiewe behoeftes is die behoefte om liefde te ervaar, om as mens waardeer te word en die behoefte aan emosionele ondersteuning (Louw et al., 2001:318). Hiermee saam gaan die behoefte aan verbondenheid, naamlik om te behoort aan iemand, veilig te wees, verbind te wees aan ander en deur ander ondersteun te word, gebaseer op dieselfde belangstellings, waardes en agtergrond (Louw et al., 2001:318). Hierdie verbondenheid, om liefgehê te word, word die laaste jare beskryf as ’n gevoel van deel te wees (Smit, 2008:12).

Kinders se gevoelens speel ’n kernrol as dit kom by die gereedheid en bereidwilligheid om aan gebeure deel te neem. Indien kinders bang of onseker voel, sal hulle nie die vrymoedigheid hê om aktief aan die aktiwiteite deel te neem nie. Emosionele opvoeding behels ook dat ouers hul kinders moet lei sodat hulle leer hoe om hulle gevoelens te beskryf, dit te verstaan en dan geleidelik te leer hoe om dit te beoordeel en te beheer (Klopper & Erasmus, 2010:17).

Ouers is belangrik vir hul kinders se emosionele ontwikkeling (Von Salisch, 2001:310). Die rede hiervoor is dat moeders as primêre figure vir die ondersteuning van hul kinders in tye van pyn en angs dien (Von Salisch, 2001:311). Von Salisch (2001:310) voer verder aan dat dit belangrik is vir ouers om ‘n band met hulle kinders te vorm. Vanweë kinders se kognitiewe en emosionele kennis is dit ook belangrik dat ouers kinders die nodige riglyne gee rakende waarderings, uitdrukkings en emosionele regulasievermoëns, met ander woorde om emosies op gesonde en sosiaal aanvaarbare wyses uit te druk (Blom, 2004:138). Ouers het ‘n invloed op die emosionele regulasievermoëns van hul kinders byvoorbeeld onder strestoestande en tydens die

beleef van negatiewe emosies. Ouers wat op hul kinders se strestoestand of frustrasie positief reageer, verminder hulle kinders se strestoestand. Ouers wat kinders help om tydelike negatiewe emosies te hanteer, help kinders om in ‘n moeilike situasie te kan seëvier (Von Salisch, 2001:311). Sosiale problematiek soos egskeidings, enkelouerskap, ouer-kind vervreemding, geweld binne sowel as buite die gesin, werkloosheid en armoede is voorbeelde van faktore wat strestoestande en negatiewe emosies by ‘n kind kan veroorsaak (Von Salisch, 2001:311).

### 2.3.8 Ouerbetrokkenheid en die kind se waardestelsel

Elke persoon het ‘n waardestelsel. Waardestelsel verwys na dit wat hy of sy beskou as positief of negatief, goed of sleg, reg of verkeerd en normaal of abnormaal. Hierdie waardestelsel is volgens Carrington (2002:2) grootliks in plek teen die tyd dat ‘n persoon die ouderdom van 10 jaar bereik. Dit is wel moontlik dat sekere ingrypende gebeure lewensveranderend kan wees en die waardestelsel kan verander, maar dit is uiters raar en word ‘n paradigmaskuif genoem. Die meeste onderliggende waardes bly egter onveranderd regdeur ‘n persoon se lewe. Kinders se waardestelsels word deur hulle familie, spesifieke gebeure en die era waarin hulle gebore word, grootword en gevorm word, beïnvloed. Met ander woorde kinders se waardestelsels word gevorm deur dit waaraan hulle die eerste tien jaar van hul lewens blootgestel was (Carrington, 2002:2).

Aangesien kinders se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, verskaf ‘n persoonlike waardestelsel riglyne vir hulle gedrag en help dit hulle om sosiaal- en moreel-verantwoordelike gedrag te openbaar (Louw et al., 2001:475). Of kinders die morele waarde internaliseer, hang in ‘n groot mate af van die verhouding met hulle ouers. Ten opsigte van morele ontwikkeling is daar uiteenlopende teorieë. Twee navorsers wat ‘n baie belangrike bydrae gelewer het, is Piaget en Kohlberg. Die grootste verskil tussen Piaget en Kohlberg hou verband met Piaget se siening dat kinders se morele ontwikkeling teen ongeveer 10 jaar voltrek is. Kohlberg glo daarenteen dat morele ontwikkeling ‘n voortdurende proses is wat regdeur ‘n mens se lewensloop plaasvind

(Kohlberg, 1973). Kohlberg stel ses fases binne drie verskillende vlakke voor waarin morele ontwikkeling plaasvind naamlik die pre-konvensionele vlak, konvensionele vlak en post-konvensionele vlak (Kohlberg, 1973). In die eerste fase van die pre-konvensionele vlak word die kind gelei deur straf en gehoorsaamheid (bloot gehoorsaam omdat hy straf wil vermy). In die tweede fase word die kind gelei deur naïewe hedonisme (kies regte gedrag om 'n beloning te kry of omdat dit in iemand se belang is). In die eerste fase van die konvensionele vlak word moraliteit beskou as 'n wyse waarop ander se goedkeuring bekom kan word. In die tweede fase word daar gesteun op die reëls van gesag. Die laaste vlak naamlik die post-konvensionele vlak word moraliteit beskou in terme van kontraktuele verpligtings en demokraties-aanvaarde wette in die eerste fase. In die tweede fase word daar opgetree volgens individuele gewetensbeginsels (Kohlberg, 1973). Ouers wat warm en liefdevol is, goeie modelle vir morele gedrag modelleer en induktiewe dissiplinêre tegnieke gebruik, sal waarskynlik die ontwikkeling van morele rypheid by hul kinders bevorder (Louw et al., 2001:475). Lewenswaardes en morele ontwikkeling het 'n noue verband met mekaar en die twee woorde kan nie van mekaar geskei word nie. Lewenswaardes beskryf wat belangrik is in 'n persoon se lewe en morele ontwikkeling verwys na gedrag wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is in die persoon se daaglikse lewe (Chippendale, 2001:1).

Een van die uitkomste van morele ontwikkeling is om te leer om tussen reg en verkeerd te onderskei soos bepaal word deur die samelewing (Louw & Louw, 2007:267; Owens, 2002:472; Van Dyk, 2005:151). Morele ontwikkeling is gewortel in die verhouding wat kinders met hul ouers het. Kinders vereenselwig dus met die morele standaarde van hul ouers (Louw & Louw, 2007:376-377). Seifert (2006:6) sluit aan by bogenoemde outeur en noem dat die dissiplinering van kinders gepaard moet gaan met die verduideliking van die sosiale reëls en hoe hul gedrag ander persone kan benadeel. Op hierdie manier word kinders geleer om dinge te sien vanuit 'n ander persoon se oogpunt en ontwikkel kinders empatie, wat 'n belangrike beginsel van morele ontwikkeling is.

### 2.3.9 Ouerlike ondersteuning aan die kind.

Die ouers is kinders se primêre bron van ondersteuning (Meece & Daniels, 2008). Grundling en Grundling (2005:177) omskryf ouerskap as 'n ondersteuningstelsel. In hierdie sin is die ouers die ideale ondersteuningsisteem waar kinders se behoeftes bevredig kan word. Die ouers voorsien in die fisiese behoeftes van hulle kinders. Hierdie ondersteuning en bevrediging van behoeftes stuur die boodskap uit dat kinders liefgehê word en versorg word asook inligting dat hulle kinders waardevol is. Dus is kinders afhanklik van hierdie ondersteuningsisteem (Grundling & Grundling, 2005:177). Ouers moet deur middel van liefde, empatie en goeie luistervaardighede hulle kinders ondersteun om daaglikse situasies effektief te hanteer (Grundling & Grundling, 2005:177).

### 2.3.10 Ouerbetrokkenheid en skoolopvoeding van die kind.

Kinders word vir die helfte van die dag aan die skool toevertrou om onderrig en opvoeding te ontvang, maar dit is die ouer se verantwoordelikheid om die opvoeding by die huis voort te sit (Hargie, Dickson & Tourish, 2004:231). Volgens Hargie *et al*., (2004:231) voel ouers wat ongeletterd is dikwels onbekwaam om hul kinders te help met skoolwerk, maar betrokkenheid by die skoolwerk van hulle kinders behels net een aspek van ouerbetrokkenheid. Dus hoef ouers nie noodwendig geletterd te wees om betrokke te wees nie. Ouers kan hulle kinders wel bewus maak van die belangrikheid van skoolgaan en die voordele wat skoolgaan inhou. Van Wyk en Lemmer (2009:148) is van mening dat enige strategie wat toegepas word om ouerbetrokkenheid te verbeter of te bevorder net haalbaar kan wees as dit ooreenstem met die ouers se behoeftes. Dus is dit van uiterste belang om te weet wat die lewensomstandighede van die ouers is.

Volgens die Michigan Department of Education (2001:2) is dit tot voordeel van skoolgaande kinders in hulle skoolsituasie indien die gesin oor die volgende eienskappe beskik:

- 'n Daaglikse gesinroetine. Deur daaglikse aktiwiteite vas te stel soos 'n stil plek vir studie, verantwoordelikhede vir huishoudelike take en deur ferm te wees oor opstaan-, eet- en slaaptyd.
- Toesig oor na-skoolse aktiwiteite. Beperkte televisietye en voldoende toesig oor leerders in die afwesigheid van ouers.
- Bevestig die belangrikheid van harde werk en selfdissipline. Ouers kan deur hul gedrag 'n voorbeeld stel en deur middel van voldoende kommunikasie met hulle kinders, beklemtoon dat harde werk sal lei tot prestasie.
- Skep hoë, maar realistiese doelwitte vir prestasie. Stel standaarde vir die leerder, wat pas by kinders se ouderdom en ontwikkeling. Beklemtoning en erkenning van talente is van uiterste belang.
- Volgehoue aanmoediging van leerders se vordering. Dit is noodsaaklik dat ouers hul kinders 'n ondersteunende raamwerk bied, 'n belangstelling in die leerder se vordering toon, die belangrikheid van goeie opvoeding beklemtoon en volgehoue skakeling met onderiggewers verseker.
- Kommunikasie tussen gesinslede. Deur daagliks met mekaar te gesels, word daar verhoed dat enige miskommunikasie voorkom.

Ouers het dus die verantwoordelikheid om hulle kinders tot bekwame en verantwoordelike leerders te laat ontwikkel.

## 2.4 DIE OUER AS ROLMODEL

Die rol van ouers is om as model (voorbeeld) vir hulle kinders op te tree wat gedrag en waardes aanbetref. Dit is belangrik vir die funksionering binne die groter gemeenskap (Brooks, 2006:26). Volgens Brooks (2006:26) behels dit die modellering van hoe om probleme op te los, hoe om doelwitte te stel en dit probeer bereik asook hoe om rolle te vervul buite die gesin. Dit is belangrik dat hierdie proses van opvoeding deur voorbeeld geskied eerder as deur direkte opdragte (Brooks, 2006:26).

Van al die omgewings (ouerhuis, skool, gemeenskap) waarmee kinders in kontak kom, is die ouerhuis die mees onmiddellike omgewing en het dit ook die belangrikste impak op die grootword van kinders (Brooks, 2006:26). Ouers beïnvloed die wyse waarop hulle kinders reageer teenoor stresvolle situasies aangesien dit hul kinders se taksering van die situasie beïnvloed. Ouers tree in hierdie verband as belangrike rolmodelle vir kinders op en is ook 'n belangrike bron van terugvoer (Power, 2004:289).

Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:93) is ouers se lewens 'n belangrike voorbeeld vir hul kinders. Woorde en dade wat ooreenstem is al wat werk, maar dit impliseer nie volmaaktheid nie. Tog is dit nie so eenvoudig om gedrag te verander nie; nie eens by ouers wat graag hulle gedrag wíl verander nie. Verskeie aspekte speel 'n rol daarin, byvoorbeeld die ouers se temperament, ervaring, persoonlikheid en huidige realiteit.

Volgens Hargie *et al*., (2004:232-233) moet ouers hulle kinders kan aanmoedig, ondersteun en self 'n voorbeeld wees om 'n goeie roetine tuis te volg, byvoorbeeld, wanneer dit tyd is om te ontspan, aandag aan skoolwerk te gee, te eet, te bad en te gaan slaap. Beide die ouers en kinders moet betrek word in ontspanningsaktiwiteite; dit gee 'n gevoel van samehorigheid en op die manier wys die ouers ook 'n mate van betrokkenheid (Hargie *et al*., 2004:233). Ouers kan kinders help om bewus te raak van die belangrike dinge in die lewe deur kommunikasie oop en gemaklik te hou. Die daaglikse geselsies tussen ouers en kinders is ook noodsaaklik. Kinders moet aangemoedig word om inligting en gevoelens met hulle ouers te deel en ouers moet met belangstelling daarna luister. Ouers kan hul kinders vrae vra oor hulle dag by die skool en wat hulle alles gedoen en geleer het en so ook belangstelling toon. Kinders reageer onbewustelik op die voorbeelde van hul ouers; dus is dit baie belangrik dat ouers altyd 'n positiewe beeld uitstraal (Hargie *et al.,* 2004:232-233). Van Wyk en Lemmer (2009:148) staaf bogenoemde en voeg by dat ouers hulle kinders moet prys en aanmoedig. Dit is belangrik dat ouers reëls en roetines in huise instel soos Hargie (2004) hierbo genoem het. So kan ouers daartoe bydra dat hul kinders 'n goeie selfbeeld ontwikkel. Die interaksie van kinders met hulle ouers is veel langer en meer intiem as met enige ander volwassene. Ouers deel 'n veel groter verskeidenheid

gevoelens, situasies en ervarings met hul kinders as enige ander volwassene. Die ouer speel ‘n uiters belangrike rol met betrekking tot die vorming van kinders se houdings en gesindhede teenoor mense. Ouers skep die omstandighede vir hulle kinders tot sukses of mislukking (Van Wyk en Lemmer, 2009:148).

## 2.5 REDES VIR ONBETROKKENHEID VAN OUERS

Daar is steeds onsekerheid oor die redes waarom ouers dikwels onbetrokkenheid toon ten opsigte van hul kinders (Smit & Liebenberg, 2003:21). Smit en Liebenberg (2003:21) noem die volgende moontlike redes vir ouers se onbetrokkenheid by hulle kinders. Kwessies wat ouerbetrokkenheid kan beïnvloed is lae selfbeeld van die ouers, lang werksure, sosiale deprivasie, armoede en gevoelens van onbevoegdheid. Hierdie aspekte kan die vlak en kwaliteit van ouerbetrokkenheid en deelname by kinders se leerproses negatief affekteer.

Odendaal (1996:22) noem dat onderskeid getref kan word tussen gesinsfunksionering en gesinsdisfunksionering ten opsigte van betrokkenheid van ouers. Gesinsdisfunksionering bevind hom op die ekstreme pole van oorbetrokkenheid of onbetrokkenheid en in dié geval is dit onbetrokkenheid wat geen struktuur aan kinders voorsien nie (Odendaal, 1996:22). Gesinsdisfunksionering kom voor wanneer die ouers en kinders nie volgens die aanvaarbare etiese patrone (waardes en norme) van die samelewing funksioneer nie (Mako, 2000:158). Volgens dieselfde bron kan gesinsdisfunksionering plaasvind wanneer daar onder andere ‘n breuk is in kommunikasie en daar dan geen emosionele ondersteuning is nie. Fisiese en emosionele verwaarlosing vind dan plaas (Mako, 2000:155).

Grobbelaar en Ryke (2004:96) wys daarop dat die hedendaagse gejaagde lewenspatroon kan bydra tot onbetrokkenheid van ouers by hulle kinders wat dikwels weer aanleiding gee tot stres by die ouers. Die samelewing word al hoe meer konflikbelaai en hierdie konflik en stres word op die ouers oorgedra. Hierdie realiteit, tesame met die feit dat die meeste vroue ook die arbeidsmag betree en dus nie tuis bly

by die kinders nie, veroorsaak dat die verantwoordelikheidslas van ouerbetrokkenheid op albei ouers nóg groter is. Grobbelaar en Ryke (2004:97) voer aan dat basiese gebrek aan vaardighede soos kommunikasie, konflikhantering en dissipline, ook kan lei tot onbetrokkenheid omrede die ouers self onseker is en self nog nie emosioneel volwasse is nie. Almal het ‘n verlede wat nie noodwendig positief is nie, maar Grobbelaar en Ryke (2004:97) glo dat dit belangrik is om daarmee vrede te maak, anders kan dit die gehalte van ouers se menswees negatief beïnvloed asook hul verhouding met hul kinders.

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die belangrikheid van ouerbetrokkenheid op die verskillende fasette van die kind se leerproses en ontwikkeling. In dié hoofstuk is daar spesifiek verwys na ouerbetrokkenheid en wat dit behels, die waarde van ouerbetrokkenheid en hoe ouerbetrokkenheid tot voordeel is van die kind. Opvoeding gebeur nie outomaties nie en die kind bereik nie outomaties volwassenheid nie, maar het die ouer se begeleiding nodig sodat die kind se potensiaal verwesenlik kan word. Kinders is aktiewe deelnemers in hul eie volwassewording omdat hulle sin en betekenis gee aan die wyse waarop hul ouers hul begelei in hul leerproses. In die volgende hoofstuk volg die bespreking oor die ontwikkeling van die waarderingsperspektief en hoe ouerbetrokkenheid binne konteks van die waarderingsperspektief verstaan kan word.

# HOOFSTUK 3

# WAARDERINGSPERSPEKTIEF AS TEORETIESE BEGRONDING

## 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n oorsig te gee van die waarderingsperspektief wat as teoretiese begronding vir hierdie navorsing dien. Daar word op die ontwikkelingsagtergrond van die waarderingsperspektief asook die belangrikheid van ouerbetrokkenheid binne die konteks van die waarderingsperspektief gefokus.

## 3.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF

Die waarderingsperspektief streef daarna om deelnemers se ervarings wat in die verlede gewerk het te identifiseer, om effektiewe ontwikkelingsplanne te ontwerp en om die implementering daarvan te verseker (Shuayb *et al*., 2009:2). Die waarderingsperspektief is oorspronklik ontwikkel om interaksie tussen mense binne ‘n korporatiewe omgewing te ondersoek. Dit het begin as ‘n navorsingsmetode wat gebou en gegenereer is op goed gefundeerde teorieë (Bushe, 2011:6). ‘n Kern teoretiese verandering in die waarderingsperspektief kom vanuit ‘n konstruktivistiese teorie (Bushe, 2011:6). Die onderwerp wat navorsers kies om na te vors en hoe navorsers besluit om dit na te vors, word geskep en ontdek en daarom is daar kreatiewe en positiewe moontlikhede in sig. Bogenoemde stelling is die eerste en mees belangrike bydrae wat die waarderingsperspektief tot die verandering van die korporatiewe omgewing gemaak het. Bushe (2011:6-7) wys daarop dat die stel van vrae ‘n belangrike rol speel by die toepassing van die waarderingsperspektief. Deur middel van die vrae wat gestel word, word daar gepoog om vas te stel wat reeds in plek is.

Bushe (2011:7) se ontwikkelingsteorie staan sentraal tot die verstaan van die waarderingsperspektief. Gergen in Bushe (2011:7) verduidelik die ontwikkelingsteorie as volg: Daar moet gemik word om algemene aannames uit te daag deur belangrike vrae te vra wat oor die sosiale lewe handel sodat dit wat as vanselfsprekend aanvaar word, bevorder word en sodoende ook nuwe alternatiewe vir sosiale aksies na vore bring. Volgens Bushe (2011:7) het die eerste verandering in die waarderingsperspektief

gefokus op die idee van ‘n “ontwikkelingsmetafoor” wat verwys na ‘n middel tot verandering. Bushe (2011:7) het in sy benutting van die waarderingsperspektief gevind dat die “ontwikkelingsmetafoor” in staat is om probleme op te los wanneer daar in groepe gewerk word. Bushe (2011:7) toon aan dat die waarderingsperspektief ‘n sleutel veranderlike is wat geassosieer word met ‘n transformerende uitkoms. Die maniere waarop die waarderingsperspektief ‘n transformerende uitkoms kan verseker is deur middel van die formuleer van die regte tipe vrae. Om ‘n positiewe uitkoms te verseker behoort vrae gestel te word wat nuwe idees kan genereer, wat prentjies oor die toekoms kan visualiseer en wat gesamentlike aspirasies en ambisies kan nastreef. In die proses word besluite en aksiestappe geneem op grond van dit wat nie voorheen beskikbaar was nie. Wanneer die besluite en aksiestappe dan suksesvol is onstaan daar ‘n spontane aksie na ‘n beter toekoms (Bushe, 2011:7)

## 3.3 DIE BENUTTING VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF IN DIE SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE

Soos aangedui was die waarderingsperspektief oorspronklik ontwerp as ‘n metode om organisasieontwikkeling in die Bestuurswese te bevorder. Die afgelope dekades word die waarderingsperspektief egter ook as ‘n navorsingsmetode in onder andere die Opvoedingkundige- en Sosiale wetenskappe benut (Shuayb *et al.,* 2009:2). Die waarderingsperspektief word al vir ‘n aantal jare in Noord-Amerikaanse organisasies gebruik, maar is minder bekend in Engeland en in Suid-Afrika (Newton & Hartley, 2005:1). Organisasies wat wel dié perspektief al gebruik het, is positief oor die voordele daarvan en die goeie resultate wat dit lewer (Newton en Hartley 2005:5-6).

Die waarderingsperspektief word beskryf as ‘n benadering waar die fokus val op mense se potensiaal (Moore & Charvat, 2007:564-565). Dié benadering fokus spesifiek om voort te bou op dit wat werk en nie noodwendig op dit wat foutief is nie, met ander woorde om te fokus op deelnemers se eie positiewe ervarings wat in ander situasies gewerk het en suksesvol was (Coghlan *et al.,* 2003:2; Cram, 2010:1). In die lig hiervan is die waarderingsperspektief onder andere geskik vir die hantering van gesinsproblematiek waar gepoog word om sterkpunte in gesinsverhoudinge te herorganiseer en om op die sterkpunte voort te bou en sodoende die welstand van die

gesin te bevorder (Cram, 2010:1). Volgens White (1996:472) behels die waarderingsperspektief die vermoë om vrae te gebruik wat daarop fokus om ‘n sisteem, soos byvoorbeeld ouers, se potensiaal te versterk. Dié tipe vrae is positief van aard en lig die positiewe aspekte uit die persoon in plaas daarvan om op probleme te fokus (Van Vuuren & Crous, 2005:399-412; White, 1996:472-474). Die waarderingsperspektief gaan van die standpunt uit dat op sekere tye mense op hul beste presteer en mees effektief is. Dié positiewe ervaringe is ‘n motiverende faktor om nog beter te presteer. Die waarderingsperspektief is ‘n benadering wat die faktore wat prestasie belemmer ondersoek en daarop bou (Newton & Hartley, 2005:1). Dus fokus die waarderingsperspektief daarop om prentjies van ‘n beter toekoms te genereer deur te kyk na die verlede en hede en die beste daaruit te haal (Newton & Hartley, 2005:1). Volgens Pullen (2001) in Newton en Hartley (2005:2) is mense die hart van verandering en mense het die mag om verandering te visualiseer en ook te verseker dat dit kan oorgaan in realiteit. Daar is bevind dat dié benadering ‘n sterk sin van bemagtiging aan mense oordra. Mense is meer geneig om met selfvertroue planne en aksies deur te voer. Die waarderingsperspektief streef daarna om oplossings en deelnemers se ervaringe wat in die verlede gewerk het te identifiseer, om effektiewe ontwikkelingsplanne te ontwerp en om die implementering daarvan te verseker (Shuayb *et al*., 2009:2).

David Cooperrider was die grondlegger van die waarderingsperspektief (Bushe, 2011:2). Die perspektief het verklaar dat die ondersoek oor die sosiale potensiaal van ‘n sosiale sisteem moet begin by waardering wat samewerkend, uitdagend en van pas moet wees (Bushe, 2011:2). Vir die eerste vyftien jaar het praktisyns wat die perspektief gebruik hul metodes gebaseer op vier beginsels. Die oorspronklike beginsels was ten eerste om ‘n indiepte observasie te doen om dit wat die beste werk te identifiseer. Die tweede beginsel was om die ideale vir wat moontlik is te visualiseer en logies te identifiseer. Die derde beginsel was om samewerkende gesprekke te voer en ‘n gesametlike instemming te bereik oor wat moet geskied. Die vierde en laaste beginsel was om te ontdek hoe dinge wel kan wees (Bushe, 2011:2). Dit was eers in 1997 dat die 4-D model van die waarderingsperspektief, wat vandag universeel beskryf word as diè metode van die waarderingsperspektief, ontwerp is. Die 4-D model sluit die

volgende fases in: Die ontdekkingsfase, die droomfase, die ontwerpfase en die volhoubaarheidsfase. Moore en Charvat (2007), Newton en Hartley (2005:3-5) en Bushe (2011:2-5), Van Vuuren en Crous (2005:399-412) verduidelik die verskillende fases as volg:

- In die *ontdekkingsfase* val die klem op dit wat 'lewe' aan die organisasie gee, asook op dit wat die organisasie se 'beste tye' veroorsaak het. Die bespreking mik op oplossings wat in die verlede gewerk het te kyk in watter situasies dit gewerk het en hoekom. Omdat mense geneig is om op die probleem te fokus is daar 'n behoefte om die fokus te rig op dit wat in die verlede goed gewerk het. Die kern van die fase is dit wat lewe aan die betrokkenheid gee asook wanneer die betrokkenheid wel goed was.
- In die *droomfase* val die klem op die visualisering van doelwitte in die organisasie. Die doel van dié fase is om die gedeelde visie van dit wat die beste is te bepaal. Die uitkoms van dié fase is om moontlikhede voor te lê. Disseminasie, met ander woorde verspreiding van moontlikhede, is dus die kern van dié fase. Die moontlike stellings mik om die individue te inspireer om resultate te verkry deur middel van innovasie. In dié fase is die kern die betrokkenheid en die visualisering van doelwitte.
- In die *ontwerpfase* gebruik deelnemers dit wat in die ontdekkings- en droomfase gevind is, en ondersoek dan hoe dit in realiteit kan oorgaan.
- Die *volhoubaarheidsfase* is waar die veranderinge in die organisasie of sisteem volgehou en, indien nodig, aangepas word. Hier val die klem op die verpligtinge en verantwoordelikheid van elke deelnemer ten einde geïdentifiseerde doelwitte te bereik.

In Bushe (2011:13) word 'n meer onlangse tendens in die teoretisering van die waarderingsperspektief genoem. Hierdie onlangse tendens is om sienings oor self-organisering van sosiale sisteme in die praktyk te inkorporeer, spesifiek by die ontwerp- en die volhoubaarheidsfase. Vanuit dié perspektief word daar geredeneer dat die ontdekkings- en droomfase die voorwaardes skep vir 'n self-organiserende proses waar die twee fases saamgroei en in 'n positiewe rigting lei. Die self-organiserende proses

verwys na die persoon se eie sienings oor ‘n spesifieke onderwerp. Om in ‘n mindere of meerdere mate ‘n gedeelde visie te hê oor waar sisteme wil heen beweeg (droomfase) blyk dit dat die gebruik van die self-organiserende ontwerp vinnig besig is om te voorskyn te kom. Met dié vlak van toegewydheid blyk die resultaat van verandering/verbetering vinniger bereikbaar te wees (Bushe, 2011:13).

Whitney en Trosten-Bloom (2003:2) beskryf vier sienings van die menslike natuur en -organisasies wat die fondasie van die waarderingsperspektief is.

- Mense het unieke gawes en vaardighede om te deel.
- Organisasies is menslike sosiale sisteme en bronne van onbeperkte verwante kapasiteit wat leef in taalgebruik.
- Prentjies van hoe die toekoms gevisualiseer word, word deur sosiale sisteme geskep.
- Deur menslike kommunikasie kan mense hul gedagtes en aandag wegbeweeg van probleme na ideale en moontlikhede vir die toekoms.

## 3.4 OUERBETROKKENHEID BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WAARDERINGSPERSPEKTIEF

Die studie gaan vanuit ‘n waarderingsperspektief aangepak word omrede dit fokus om prentjies te genereer van ‘n beter toekoms deur te kyk na die verlede en hede en die beste daaruit te haal (Newton & Hartley, 2005:1). Die navorser wil die fokus wegbeweeg van die probleem, in dié geval oueronbetrokkenheid by die leerproses van die kind en meer klem lê op ouers se betrokkenheid by hul kinders soos dit huidiglik is en die positiewe daarin identifiseer (Cram, 2010:5). Gergen (1990:162) beskryf die waarderingsperspektief as volg: “A methodology that takes the idea of a social construction of reality to its positive extreme”. Reed (2007:2) beskryf die waarderingsperspektief as volg: “A simple but radical approach to understanding the social world. Put simply, Appreciative Inquiry concentrates on exploring ideas that people have about what is valuable in what they do and then tries to work out ways in which this can be built on – the emphasis is firmly on appreciating the activities and responses of people, rather than concentrating on their problems”. Die

waarderingsperspektief is uniek daarin dat dit negatiewe denke vervang met ‘n fokus op moontlikhede. Hierdie denke kan verkry word deur spesifieke vrae te vra om die beste in die hede raak te sien en te waardeer en ook te visualiseer hoe dit in die toekoms mag wees (Newton & Hartley, 2005:2).

Na aanleiding van Moore en Charvat (2007:565-570) se uitgangspunte kan die bogenoemde aspekte van die waarderingsperspektief soos volg in hierdie navorsing van toepassing gemaak word. In hierdie benadering begin die proses met onderhoudvoering met die betrokke deelnemers, in dié geval is dit die ouers en elkeen kry die geleentheid om hul ervaring van ouerbetrokkenheid te deel. Ouers is reeds vanaf geboorte betrokke by hulle kinders en dus is die fokus om die beste van hulle betrokkenheid uit die verlede te benut om ‘n meer betekenisvolle betrokkenheid in die toekoms te verseker. Du Toit (2012:13) wys daarop dat vraagstelling in die waarderingsperspektief dus van kern belang is. Die vraagstelling bestaan uit 4 fases en word na verwys as die 4-D siklus (soos reeds genoem). Die 4 fases word volgens Bushe (2011:2-5), Moore en Charvat (2007:570-574) en Newton en Hartley (2005:3-5) as volg genoem en daar word ook verduidelik hoe dit van toepassing is tot ouerbetrokkenheid.

Die eerste fase is die ontdekkingsfase. Dié fase begin by die ontdekking en betekenis van dit wat tans vir die ouers werk en hoe hulle ouerbetrokkenheid verstaan en uitleef. In terme van hierdie navorsing sal die volgende vraag moontlik gestel kan word: “Wat verstaan julle onder die begrip ouerbetrokkenheid by die leerproses van julle kinders?

Die tweede fase is die droomfase. Die doel van dié fase is om moontlikhede te visualiseer. In dié fase is die klem op die betrokkenheid van deelnemers en die visualisering van doelwitte. In terme van hierdie navorsing sal die volgende moontlike vraag gestel kan word: “Wat sou julle nog graag wou doen om meer betrokke te wees by julle kinders? Met ander woorde, wat is julle drome of wense oor julle betrokkenheid om nog meer betrokkenheid te toon?”

Die derde fase is die ontwerpfase. In hierdie fase word die inligting wat verkry is in die twee bogenoemde fases uitgebrei en daar word ondersoek hoe om dit te maak werk. In

hierdie fase word elke deelnemer bewus van die positiewe bydrae wat ouerbetrokkenheid het tot die kind en elkeen word daarop gewys watter bydrae gemaak kan word om hulle betrokkenheid te verbeter. In terme van hierdie navorsing sal die volgende moontlike vraag gestel word: “Hoe meen julle sal dit wat julle graag nog wil doen werklikheid word?”

Die vierde en laaste fase is die volhoubaarheidsfase. Die kern van dié fase is die verpligtinge en verantwoordelikhede van elke deelnemer om ‘n positiewe betrokkenheid by hul kind te verseker. Dit is die stappe van aksie wat deur die ouers gedoen word om die doelwitte te bereik. Cram (2010:7) beskryf die fase om die beginsels uit te leef en toe te pas, met ander woorde om te improviseer en om oop en aanpasbaar te wees vir nuwe moontlikhede. Die navorser het nie van die laaste fase gebruik gemaak nie omrede dit nie van toepassing is op dié spesifieke studie nie. Newton en Hartley (2005:3) beskryf die fase om die visie waar te maak met ander woorde, hoe om ouerbetrokkenheid te verbeter. Die studie was bloot net verkennend en beskrywend van aard en nie implementerend of toepassend om ouerbetrokkenheid te verbeter nie. Dus is die volhoubaarheidsfase nie benut in dié spesifieke navorsing nie. Vir verdere navorsing kan die volhoubaarheidsfase ondersoek en toegepas word. Omrede die volhoubaarheidsfase eksperimentering en improvisasie van gedeelde idees behels, verg die volhoubaarheidsfase opsigself ‘n klein-skaalse waarderende ondersoek en dit was nie wat die navorser wou bereik nie (Cooperrider, Whitney & Stavros, 2008:199-200).

Die kern van die waarderingsperspektief, spesifiek in dié navorsing, is om die betrokkenheid van ouers by hulle kinders te verken. Die navorsing fokus dus op die bewusmaking van die betrokkenheid van ouers by hulle kinders en die positiewe interaksie wat daaruit kan ontstaan (Moore & Charvat, 2007:570).

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die ontwikkeling van die waarderingsperspektief asook hoe ouerbetrokkenheid binne die konteks van die waarderingsperspektief verstaan kan word. Die doel van hierdie hoofstuk was om die teorie, waarde en oortuigings waaruit die studie gevorm is, te bespreek. Die waarderingsperspektief identifiseer die faktore wat ‘n bydrae lewer tot die sukses, (in dié geval, die betrokkenheid van ouers by hul kinders se leerproses) in plaas daarvan om die redes vir die probleem te bestudeer (in dié geval, onbetrokkenheid van ouers by hul kinders se leerproses).

In die volgende hoofstuk volg die uiteensetting van die navorsingsmetodologie soos dit van toepassing gemaak is in hierdie navorsing.

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is ‘n omvattende literatuuroorsig aangebied wat as basis vir die empiriese ondersoek gedien het. Die teoretiese fundering handel veral oor ouerbetrokkenheid en maak dit moontlik om die studie in perspektief te plaas.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie wat in hoofstuk een inleidend aangespreek is, meer volledig bespreek en word daar spesifiek gekyk na die toepassing van stappe wat gevolg is tydens die navorsingsproses. Ten slotte word die etiese riglyne van die navorsing bespreek.

## 4.2 LITERATUUROORSIG

Volgens Rubin en Babbie (2009:317) is ‘n literatuurstudie ‘n belangrike aspek van die voorbereiding vir die studie. Die skrywers is van mening dat deur relevante inligting in te samel, die navorser se kennisbasis verbreed word en inligting word nie herhaal nie. In die literatuurstudie is verskeie nasionale en internasionale bronne geraadpleeg. Die literatuurstudie sluit ook databasisse in soos EBSCO Host, SaePublications, Nexus, Sabinet en Google Scholar.

Met die literatuurstudie as teoretiese onderbou, is ‘n empiriese ondersoek geloods om ouerbetrokkenheid in hul kind se leerproses te ontdek. Die navorsingsvraag wat vir hierdie studie geformuleer was, was soos volg:

*Wat is ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing vanuit ‘n waarderingsperspektief?*

### 4.3 ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM EN BEPLANNING VAN DIE PROJEK

Aan die hand van ‘n literatuurstudie is die kwessie van ouers se betrokkenheid by die leerproses van hulle kinders en die problematiek daaromtrent beskryf. Uit hierdie bespreking is die doel van die navorsing geformuleer te wete: om vanuit ‘n waarderingsperspektief die betrokkenheid van ouers by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing, te verken en te beskryf.

### 4.4 NAVORSINGSBENADERING EN –ONTWERP

Daar is van ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering vir hierdie studie gebruik gemaak omrede hierdie benadering geskik was om die navorsingsfenomeen te ondersoek. Ten einde die kwalitatiewe navorsingsgenre van hierdie studie in konteks te plaas is dit nodig om kortliks na die algemene eienskappe van kwalitatiewe navorsing te verwys. Kwalitatiewe navorsing verwys na 'n in-diepte ondersoek na die wie, wat, waar, wanneer of hoe van 'n fenomeen, met ander woorde die essensie van 'n spesifieke verskynsel (Fouché & Delport, 2011:64-65). Die fokus is op deelnemende betrokkenheid en in-diepte interaksie met die verskynsel, wat die navorser in staat stel om eerstehandse kennis oor die navorsingsfenomeen op te doen (Henning, 2004:3). Volgens Fouché en Delport (2011:64) stel ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering die navorser in staat om deelnemers se weergawe van hulle belewing of siening van dit wat nagevors word aan te teken. Die waarderingsperspektief dien as navorsingsbenadering en teoretiese begronding vir hierdie studie. Die waarderingsperspektief word beskryf as ‘n benadering waar die fokus op mense se potensiaal val (Moore & Charvat, 2007:564-565). Die benadering fokus spesifiek op die voortbou op dit wat werk en nie noodwendig op dit wat foutief is nie, met ander woorde om te fokus op deelnemers se eie positiewe ervarings wat in ander situasies gewerk het en suksesvol was (Coghlan *et al.*, 2003:2; Cram, 2010:1). In die lig hiervan is die waarderingsperspektief onder andere geskik vir die hantering van gesinsproblematiek waar gepoog word om sterkpunte in gesinsverhoudinge te herorganiseer en om op die sterkpunte voort te bou en sodoende die welstand van die gesin te fasiliteer (Cram, 2010:1). Volgens Bushe (2011:6-7) behels die waarderingsperspektief die vermoë om vrae te gebruik wat daarop fokus om ‘n sisteem, in dié geval die ouers, se potensiaal te versterk. Die tipe

vrae is positief van aard en bring die positiewe aspekte uit die persoon in plaas daarvan om op probleme te fokus (Bushe, 2011:6-7). Die waarderingsperspektief is uniek daarin dat dit negatiewe denke vervang met wat moontlik kan wees. Hierdie denke kan verkry word deur spesifieke vrae te vra om die beste in die hede raak te sien en te waardeer en ook te visualiseer oor hoe dit in die toekoms mag wees (Newton & Hartley, 2005:2). Dus is vraagstelling van kern belang (Du Toit, 2012:13). Die vrae wat aan die ouers gevra is, kom vanuit die waarderingsperspektief se spesifieke fases naamlik die ontdekkingsfase, droomfase en ontwerpfase. Die navorser het onder elke fase ‘n hoofvraag gevra en dit dan met subvrae ondersteun. Die vierde fase, naamlik die volhoubaarheidsfase was nie van toepassing vir die spesifieke studie nie omrede die studie slegs die verkenning van ouerbetrokkenheid behels het. Die studie was dus bloot net verkennend en beskrywend van aard en nie noodwendig implementerend deur bestaande ouerbetrokkenheid te probeer verbeter nie.

## 4.5 NAVORSINGSMETODE

In Greeff (2011:342) word kwalitatiewe onderhoude gedefinieer as ‘n poging om die deelnemers se ervarings te verstaan en om die betekenis daarvan te ontrafel. Met laasgenoemde is dit wat die navorser wou verken en beskryf. Die onderhoude het dit vir die navorser moontlik gemaak om die ouers se ervarings van ouerbetrokkenheid te interpreteer. Rabionet (2011:563) verwys na kwalitatiewe onderhoude as ‘n buigsame metode wat gebruik word om die stem en die wyse waarop mense betekenis gee aan hul ervarings vas te lê.

Volgens Greeff (2011:342) lei die doel van die studie die navorser om die geskikte metode vir data-insameling te kies. Daarom was die doel van hierdie studie om vanuit ‘n waarderingsperspektief die betrokkenheid van ouers by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing te verken en te beskryf. Daar is van semi-gestruktureerde onderhoude met oop vrae en ‘n fokusgroeponderhoud gebruik gemaak om data in te samel. Die onderhoude het aan die ouers die geleentheid gebied om hul ervarings van ouerbetrokkenheid by hulle kinders se leerproses te verwoord. Terselfdertyd het dit aan die navorser die geleentheid gegee om beter begrip en uitgebreide kennis te ontwikkel

van die ouers se ervarings. Greeff (2011:342) is van mening dat kwalitatiewe onderhoude besonder plooibaar en dinamies is.

Die volgende hoofvrae is aan die ouerpare tydens die onderhoude gestel:

1. Wat verstaan julle onder die begrip ouerbetrokkenheid by die leerproses van julle kinders?
2. Wat sou julle nog graag wou doen om meer betrokke te wees by julle kinders met ander woorde, wat is julle drome of wense oor julle betrokkenheid om nog meer betrokkenheid te toon?
3. Hoe meen julle sal dit wat julle graag nog wil doen werklikheid word?

Vanuit die hoofvrae is opvolgvrae en indringende "probing" vrae gevra (Greeff, 2011:349). Die navorser het onderhoude met ouerpare gevoer wat opgevolg is met 'n fokusgroep. Die doel van die fokusgroeponderhoud was om enige onduidelikhede wat tydens die onderhoude na vore gekom het te verifieer asook om oor sekere aspekte wat in die onderhoude genoem is, duidelikheid te kry. Volgens Greeff (2011:360) is fokusgroepe groeponderhoude en word saamgestel om beter te verstaan oor hoe mense dink en voel oor 'n saak, in dié verband, ouerbetrokkenheid by die leerproses van die kind. 'n Fokusgroep word geselekteer omrede hulle sekere eienskappe in gemeen het wat verband hou met die onderwerp van die fokusgroep (Greeff, 2011:360). Die navorser het dus beide individuele onderhoude en 'n fokusgroeponderhoud gevoer om sodoende triangulering te verseker. Triangulering word verseker wanneer een of meer metodes van data-insameling gebruik word om data wat navore gekom het tydens die verskillende metodes met mekaar te vergelyk. Triangulering is 'n kragtige tegniek wat bekragtiging van data fasiliteer deur middel van kruis-verifikasie van twee of meer bronne (Shenton, 2004:66).

## 4.6 DEELNEMERS

Dit is belangrik om die populasie te definieer voordat ‘n steekproef geselekteer word. Volgens Rubin en Babbie (2007:153) verwys die populasie na die hele omgewing se mense waarby die navorsing belang het. Die populasie vir hierdie studie was alle ouers met kinders in primêre skole in die landelike omgewing van Wellington. Omrede populasies groot is maak die navorser van ‘n kleiner groep naamlik ‘n steekproef gebruik. Die steekproef word gebruik om die inligting wat ondersoek word, te verskaf (Strydom, 2011:224). Dus is ‘n steekproef ‘n gedeelte van die studie wat die groter populasie verteenwoordig (Niewenhuis, 2007:79). Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser van ‘n toevallige steefproef, ook genoem gerieflikheidsteekpoef gebruik gemaak wat ‘n tipe van ‘n nie-waarskynlikheidsteekproefneming is omrede hierde tipe steekproef deel van die bevolking betrek wat beskikbaar is (Strydom, 2011:232). Die kriteria waaraan die ouers moes voldoen om deel te neem aan die onderhoud met ouerpare en die fokusgroepgesprek was die volgende:

- Die ouers moes ‘n skoolkind in ‘n primêre skool hê in die omgewing van Wellington.
- Ouers moes Afrikaans en/of Engelssprekend wees.
- Ouers in die studie moes die biologiese ouers van die kinders wees.

Die ouers moes aan al die gestelde kriteria van die studie voldoen. Die ouers het kinders wat tans in een van die omliggende primêre skole in Wellington is. Al die ouers was Afrikaanssprekend aangesien die omgewing waaruit hulle kom oorheersend Afrikaans is. Al die deelnemers in die studie was die biologiese ouers van die kinders. Die ouers moes bereid wees om deel te neem aan die onderhoude en fokusgroeponderhoud om insette te lewer sodat hulle insette ‘n bydrae kon maak in die beantwoording van die navorsingsvraag en kon help om die navorsingsdoelwit te bereik.

## 4.7 DATA-INSAMELING

Die navorser het in samewerking met die skoolhoofde name en kontakbesonderhede van ouers verkry. Die skoolhoofde het die ouers genader en hulle vertel van die navorsing en of hulle belangstel om betrokke te raak. Die skoolsekretaresse het ‘n lys van name met kontakbesonderhede van ouers wat wel belangstel aan die navorser gestuur. Die navorser het die ouerpare telefonies genader om te verneem of hulle bereid was om aan ‘n onderhoud sowel as ‘n fokusgroeponderhoud deel te neem. Die doel van die navorsing is tydens die telefoniese gesprek aan elke ouerpaar verduidelik en alle nodige inligting is verskaf. Die ouerpare wie bereid was om aan die navorsing deel te neem het die navorser op ‘n lys geskryf en ‘n afspraak is met die eerste ouerpaar gemaak. Die navorser het ‘n tyd en plek gereël en ‘n dag voor die onderhoud weer die ouerpaar geskakel om die afpsraak te bevestig. Na die eerste onderhoud het die navorser die tweede ouerpaar op die lys gekontak en ‘n onderhoud gevoer. Die navorser het so voort gegaan tot na die die vyfde onderhoud waar die versadigingspunt bereik is. Die navorser het ‘n sesde ouerpaar betrek ten einde te verseker dat geen nuwe inligting verkry word nie wat ook uitgeloop het tot data vollediging. ‘n Fokusgroeponderhoud het plaasgevind om inligting te verifieer asook om triangulering te verseker. Met die aanvang van elke onderhoud het die navorser elke ouerpaar bedank vir hul deelname en weereens die doel van die navorsing verduidelik aan die hand van ‘n inligtingsbrief (Sien Bylaag D) wat die navorser aan elke ouer gegee het. Elke ouerpaar het ook ‘n toestemmingsbrief (Sien Bylaag E) tydens die aanvang van die onderhoud ontvang wat hulle moes onderteken asook hul toestemming verleen dat die onderhoud op band geneem kon word. Die navorser het dit duidelik gestel dat alle inligting konfidensieel hanteer sou word. Na afloop van die onderhoude en fokusgroeponderhoud het die navorser die ouers weereens bedank vir hul bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing. Onderhoude het plus-minus ‘n uur lank geduur. Die doel van die studie was met elke ontmoeting aan die ouerpare verduidelik, asook die vertroulikheid en anonimiteit van hul deelname. Na afloop daarvan het elke deelnemer ‘n ingeligte toestemmingsbrief onderteken (Sien Bylaag E). Die ouers was ook bewus van die bandopnemer wat tydens die onderhoude gebruik is en het toestemming daartoe verleen. Semi-gestruktureerde onderhoude met oop vrae

vanuit ‘n waarderingsperspektief binne konteks van die navorsing is saamgestel om die ouers die geleentheid te bied om hul idees en gevoelens te deel. Die navorser het vooraf tee/koffie/sap en beskuitjies aan die ouers voorsien om ‘n gesellige atmosfeer te skep.

Die navorser het gebruik gemaak van opvolgvrae en indringende (probing) vrae om die ouers aan te moedig om uit te brei op dit wat hulle gesê het en om meer duidelikheid te kry oor ‘n spesifieke vraag of stelling. Dit het ook gebeur dat die navorser sekere vrae op ‘n ander manier moes vra omrede die ouers nie altyd die vrae verstaan het nie of die vraag weer moes herhaal aangesien die ouers heeltemal van die onderwerp afgedwaal het. Greeff (2011:294) noem in dié verband dat ‘n fokusgroep benut kan word om data wat ingewin is tydens die individuele onderhoude te verifieer asook om triangulering van data te verseker.

Na afloop van die individuele onderhoude is ‘n fokusgroep saamgestel. Alhoewel al die deelnemers wat aan die individuele onderhoude deelgeneem het, genader was om aan die fokusgroeponderhoud deel te neem, was net vier deelnemers, met ander woorde, twee ouerpare bereidwillig en beskikbaar gewees. Die fokusgroep het dus bestaan uit vier bereidwillige deelnemers wat aan die individuele onderhoude deelgeneem het. Die doel om ‘n fokusgroep saam te stel was om te bepaal of die navorser tydens die individuele onderhoude alles korrek begryp en interpreteer het. Die fokusgroep was ook saamgestel omrede die navorser triangulering wou verseker. Die besprekingsvrae vir die fokusgroep het afgehang van daardie aspekte wat tydens die individuele onderhoude navore gekom het en wat die navorser wou verifieer. Met die aanvang van die fokusgroeponderhoud het die navorser die doel van die fokusgroeponderhoud aan die ouerpare verduidelik en ‘n toestemmingsbrief (Sien Bylaag F) aan elke ouer voorsien wat hulle moes onderteken.

Die individuele onderhoude met ouerpare en fokusgroeponderhoud het plaasgevind by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies Wellington. Die navorser het gereël dat die ouers wat nie self tot by die Sentrum kon kom nie, by die huis opgelaai word en hulle is na afloop van die onderhoud weer teruggeneem huistoe. Met die aanvang van elke onderhoud het die navorser ‘n inligtingsbrief (Sien Bylaag D) en toestemmingsbrief

(Sien Bylaag E) aan die deelnemers voorsien. Die navorser het weereens die doel van die navorsing aan die ouers verduidelik en daarna moes elke ouer die toestemmingsbrief onderteken. Met die aanvang van die fokusgroep het die navorser die doel van die fokusgroeponderhoud aan die ouerpare verduidelik en daarna ‘n toestemmingsbrief (Sien Bylaag F) aan elke ouer voorsien wat hulle moes onderteken.

Strydom (2011:360) beveel aan dat bandopnames deur die navorser self transkribeer word omrede die navorser ‘n dieper insig oor die onderwerp bekom. Dus het die navorser elke opname self getranskribeer en oor en oor bestudeer vir verdere ontleding.

## 4.8 DATA-ANALISE

Shurink *et al*. (2011:397) beskryf data-analise as die proses om struktuur en betekenis aan onverwerkte data te gee. Dit behels dat die volume rou data verminder moet word en belangrike patrone geïdentifiseer moet word en laastens betekenis daaraan te heg. In hierdie data-analiseringsproses word patrone, kategorieë en temas in meer abstrakte informasie-eenhede georganiseer (Cresswell, 2009:175).

Volgens Creswell (2009:184) is dit belangrik dat kwalitatiewe navorsers kwalitatiewe data-analisering hanteer as stappe wat op mekaar volg wat beweeg van die spesifieke na die algemene. Verder noem Cresswell (2009:184) dat dit verskeie vlakke van analise moet insluit. Volgens Shurink *et al*. (2011:403) is dit weer belangrik om in gedagte te hou dat die stappe van data-analisering soms oorvleuel en dus nie altyd rigied gevolg kan word nie. Dus het die navorser beide Cresswell (2009:184-190) se stappe en Shurink *et al*. (2011:404-418) se aanbevelings as riglyn gebruik vir data-analisering sodoende struktuur en betekenis aan die ingesamelde data te heg. Hierdie stappe word soos volg voorgestel en word kortliks bespreek sodat die navorser se werkswyse verstaan kan word.

### 4.8.1 Organiseer die data

Die organisering van data het transkribering van oudio-opnames behels. Die analisering van rou data en liassering van relevante inligting is in rekenaarlêers gestoor.

### 4.8.2 Lees en skryf notas

Die navorser het menigmale deur die data gelees om meer bekend te word met die inligting. Die navorser het kort notas aangaande herhalende onderwerpe in die kantlyne van die transkripsies gemaak. Dit het baie gehelp met die aanvanklike verkenning van die data.

### 4.8.3 Genereer kategorieë en kodeer die data

Die data is volgens die deelnemers se beskrywing van ouerbetrokkenheid gekodeer. Kodering volgens Babbie (2007:376) word beskou as die sleutelproses in kwalitatiewe data-analisering. Die navorser het van glimpenne gebruik gemaak vir hierdie koderingsproses. Die navorser het Tesch in Cresswell (2009:185-190) se agtstapmodel gebruik as riglyn om 'n sistematiese analise en koderingsproses te verseker. Temas is geïdentifiseer wat ooreenstem en is daarna georganiseer. Nadat temas georganiseer was, is subtemas en kategorieë geïdentifiseer. Tesch in Cresswell (2009:185-190) se agstap model word vervolgens kortliks bespreek:

- In die eerste stap het die navorser al die onderhoude wat op band geneem is getranskribeer en daarna is die transkripsies deeglik bestudeer. Soos die navorser elke transkripsie deurgewerk het, is daar deurentyd aantekeninge gemaak oor herhalende onderwerpe.

- Tydens die tweede stap het die navorser elke transkripsie noukeurig deurgelees en het deurentyd gedagtes en temas by elke transkripsie neergeskryf.

- In die derde stap het die navorser die temas wat geïdentifiseer is op 'n lys saamgestel en alle verbandhoudende temas is onderverdeel in "hooftemas" en "unieke temas".

- In die vierde stap het die navorser die data wat ingesamel is met die lys van temas heroorweeg om seker te maak die temas 'n weerspieëling is van die

oorspronklike data en kodes daarin aangebring. Die data en die kodes is daarna vergelyk en op die transkripsies aangeteken.

- In die vyfde stap het die navorser die temas wat identifiseer is, beskryf en saam gegroepeer. Daarna is subtemas en kategorieë saam gegroepeer.
- In die sesde stap het die navorser die temas gekontroleer en finaal besluit of die temas en groeperings relevant was.
- In die sewende stap het die navorser die data wat by elke kategorie hoort versamel, uiteengesit en 'n voorlopige analise is gedoen.
- Die laaste stap in die proses van data-analise het die navorser die verslag oor die navorsingsbevindinge geskryf. Ten einde triangulering in hierdie navorsing te verseker, is daar van onderhoude en fokusgroeponderhoud gebruik gemaak.

**4.8.4 Interpreteer die betekenis van temas/beskrywings**

Die interpretering van data behels om sin te maak van die data en dit verwys na die "lesse wat geleer" is. Die navorser het die stap verder uitgevoer deur 'n opvolgonderhoud in die vorm van 'n fokusgroep gebruik om 'n beter begrip van die temas te verkry.

**4.8.5 Verken alternatiewe verduidelikings**

Hierdie fase kyk na aspekte wat nie noodwendig in die data na vore kom nie, maar wat steeds belangrik kan wees vir analisering van data. Die navorser het die data geëvalueer vir die bruikbaarheid en relevansie daarvan en met bestaande literatuur geverifieer. Die patrone wat uit die data gekristalliseer het is vir alternatiewe verduidelikings oorweeg voordat die finale navorsingsverslag saamgestel is.

### 4.8.6 Bied die data aan

Die bevindinge van die studie word in die navorsingsverslag duidelik uiteengesit. Die navorsingsverslag het ten doel om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak aan 'n spesifieke teikengroep (Delport & Fouché, 2011:425).

## 4.9 VERTROUENSWAARDIGHEID

Babbie (2007:313) beskryf die betroubaarheid en geldigheid van navorsing as belangrike aspekte van data-insameling in kwalitatiewe navorsing. Betroubaarheid verwys in die navorsing om die argument wat die navorser ondersoek, te ondersteun. Om betroubaarheid in 'n kwalitatiewe studie te verseker, stel Guba se model vier strategieë voor naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid (Shenton, 2004:64-73). Hierdie strategieë word vervolgens bespreek:

- Geloofwaardigheid

Volgens Shenton (2004:64) verwys geloofwaardigheid hoe dit wat in die navorsing bewys is, kongruent is met die realiteit. Om geloofwaardigheid van die studie te verseker het die navorser 'n fokusgroep saamgestel om sodoende meer inligting oor sekere stellings wat hulle gemaak het te kry, asook om te bevestig dat die navorser hulle antwoorde reg interpreteer het.

Shenton (2004:64-69) beveel maatstawwe aan om seker te maak dat die navorser die verskynsel akkuraat beskryf:

- *Gepaste, gevestigde en aanvaarbare navorsingsmetodes*

  Die navorser het seker gemaak dat die navorsingsmetodes wat vir die spesifieke navorsing gebruik is, gepas is vir die navorsing en dat dit die beste resultate sou lewer. Aangesien dit 'n kwalitatiewe studie was, is onderhoude volgens Fouché en Delport (2011:65) 'n ideale metode om 'n betekenisvolle weergawe te kon kry van ouerbetrokkenheid by hulle kinders se leerproses. Dus is dit die rede waarom die navorser van onderhoude gebruik gemaak het. Die navorser het met elke ouerpaar

‘n onderhoud gevoer en na afloop van die onderhoude het die navorser ‘n fokusgroep saamgestel.

- *Triangulering deur die gebruikmaking van verskillende metodes, verskillende tipes deelnemers en verskillende omgewings*

  Triangulering dra by tot die geldigheid van die navorsing (Shenton, 2004:66). Data is deur middel van individuele- en fokusgroeponderhoude ingesamel om sodoende triangulering te verseker. Die bevindinge van die individuele- en die fokusgroeponderhoud het verseker dat meer volledige gevolgtrekkings gemaak kon word.

- *Gereelde kontaksessies tussen die navorser en studieleier*

  Tydens die navorsingsproses het die navorser deurlopend kontaksessies met die studieleier gehad wat die navorser se visie verbreed het.

- *Agtergrond, kwalifikasies en ondervinding van die navorser*

  Die navorser het ‘n B.Ed Algemene Onderwysgraad asook ‘n B.Ed Hons in Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Vanuit ‘n belangstelling en passie in die leefwêreld van die kind het die belangstelling in dié navorsingsonderwerp ontstaan.

- *Ryk beskrywing van navorsingsverskynsel*

  ‘n Volledige beskrywing van die fenomeen lei tot geloofwaardigheid omdat dit die werklike situasie help oordra. ‘n Ryk beskrywing aangaande ouers se betrokkenheid by hul kind se leerproses is verkry deur middel van ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering.

- *Ondersoek na vorige navorsing as raamwerk vir bevindinge*

  ‘n Deeglike literatuur ondersoek is gedoen om die bevindinge in konteks te plaas soos blyk uit Hoofstukke 1, 2 en 3, waar verwys word na vorige navorsingsbevindinge.

- Oordraagbaarheid

Om oordraagbaarheid van bevindinge te verbeter, noem Merriam (2009:227-228) dat ryke beskrywings van data nodig is. Die navorser het gepoog om ‘n volledige beskrywing van die agtergrond, deelnemers en data-insamelingsmetode, naamlik individuele onderhoude en ‘n fokusgroeponderhoud te bied.

- Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid verwys na objektiwiteit (Shenton, 2004:72). Om bevestigbaarheid te verseker moet die navorser bewyse lewer wat die bevindinge uitbrei deur middel van ouditering. Bevestigbaarheid in hierdie studie is verseker deur van kristallisasie gebruik te maak. Die betekenis van kristallisasie is dat die bevindinge van die navorsing, die bevindinge is wat vanuit die data gekristalliseer het (Nieuwenhuis, 2007:81). Kristallisasie het dit moontlik gemaak dat die navorser ’n mate van neutraliteit kon behou en as gevolg daarvan is vooroordeel sodoende verminder. Kristallisasie maak dit moontlik vir ander mense om dieselfde patrone waar te neem as die navorser wanneer hulle deur die data en data-analisering lees (Niewenhuis, 2007:81).

- Vertroubaarheid

Vertroubaarheid word verseker wanneer die navorsingsproses goed uitgelê en nagesien word (Foxcroft, 2005:29-30). Shurink (2011:420) sluit aan by bogenoemde stelling dat die navorsingsproses logies, goed gedokumenteerd en nagesien moet word. Vertroubaarheid verwys ook na die mate van akkuraatheid van die navorsing. Die navorser het die data wat ingesamel is, deeglik ontleed, gekodeer, interpreteer en so volledig as moontlik beskryf sodat die data logies en goed gedokumenteer is.

Dus om vertroubaarheid van die studie te verseker is die volgende aspekte in ag neem:

- Verifiëring van onverwerkte data: Die navorser het na afloop van die individuele onderhoude data verifieer met ‘n fokusgroep ten einde te verseker dat die navorser die data reg interpreteer het.

- Die opskryf van besluite: Die navorser het deurgaans notas gemaak oor hoe die navorsingsproses gedoen is.

- Betroubaarheid in kodering van data: Die navorser het self die data gekodeer en geanaliseer en dus nie ‘n eksterne kodeerder genader om die transkriberings te doen nie.

- Vermyding van bevooroordeling: Die navorser het deurentyd die studie objektief na die data gekyk en nie ongeldige afleidings gemaak nie. Die navorser het dit gedoen deur eie opinies en sienings opsy te skuif en nie haar eie afleidings gemaak nie.

- Vermyding en veralgemening: Kwalitatiewe navorsing se doel is nie om bevindinge te veralgemeen nie. Dus is die resultate van dié navorsing net van toepassing op die spesifieke populasie wat hierdie navorsing raak en in dié geval, ouers in landelike gebiede, te Wellington (Cresswell, 2009:195:190).

## 4.10 ETIESE ASPEKTE

Die volgende etiese aspekte is ten alle tye tydens die navorsingsproses in ag geneem (Strydom, 2011:115-126).

- Respek: Die navorser het deurentyd respek aan die ouers getoon deur begrip en empatie te hê vir hulle ervarings. Die navorser het ook deurentyd waardering getoon vir hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing. Na afloop van die onderhoude en fokusgroeponderhoud het die navorser elke ouer persoonlik bedank vir hul deelname aan die studie.

- Eerlik oor die doel van die navorsing: Die navorser was van die begin af oop en eerlik oor die doel van die navorsing en het nie die deelnemers mislei deur inligting te verdraai of te weerhou nie. Die ouers kon enige tyd onttrek van die navorsing sonder om benadeel te word.

- Anonimiteit, konfidensialiteit en toestemming/instemming: Die onderhoude is by die Sentrum vir Kinder, Jeug en Familie studies, te Wellington gevoer, meer spesifiek in die konferensiekamer van die gebou. Anonimiteit en konfidensialiteit is verseker deur aan die ouers te verduidelik dat alle inligting vertroulik hanteer sou word en dat slegs die studieleier, mede studieleier en die navorser insae sou hê in die ingesamelde data. Omrede deelnemers se name nie bekend gemaak mag word nie, het die navorser gepraat van ouerpaar A, ouerpaar B ensovoorts. Nadat die navorser verduidelik het dat deelname vrywillig was en dat deelname op enige tydstip gestaak kon word, het die navorser met die aanvang van die onderhoude verduidelik van die bandopname. Die ouerpare het op die toestemmingsbrief skriftelik toestemming gegee dat onderhoude op band opgeneem kon word. In die fokusgroeponderhoud het die ouerpare mekaar nie geken nie, maar is gevra dat besprekings vertroulik beskou moes word. Elke ouer moes op die toestemmingsbrief teken dat hulle onderneem om die inligting wat deurgegee word tydens die fokusgroeponderhoud vertroulik te hou en nie daaroor uit sou praat nie.

- Stoor en toegang tot data: Data is op die navorser se rekenaar gestoor en toegang daartoe het alleenlik geskied deur middel van ‘n wagwoord wat net aan die navorser bekend was. Harde kopieë het die navorser in haar lessenaar se laai toegesluit en net die navorser het toegang tot die sleutel gehad. Na afloop van die projek sal die data by die Sentrum vir Kinder, Jeug en Familie studies gestoor word vir veilige bewaring en sal na vyf jaar vernietig word.

## 4.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie en die metode van ondersoek soos dit van toepassing gemaak is in hierdie navorsing volledig bespreek. ‘n Kwalitatiewe navorsingsbenadering en die waarderingsperspektief is gebruik vir die studie. Tipies van kwalitatiewe navorsing, is verskeie metodes gebruik om data in te samel. Hierdie metodes verseker triangulering van data. Die ingesamelde data is geanaliseer om ‘n duideliker oorsig te kry van die fenomeen. Hierdie hoofstuk beskryf volledig wat die navorser gedoen het om die data in te samel. Die navorser het die hoofstuk afgesluit met die etiese kwessies wat bevestig dat die navorsing op ‘n etiese wyse gedoen is en dat die deelnemers geen fisiese of emosionele leed aangedoen is nie. In die volgende hoofstuk volg die bespreking van die navorsingsbevindinge.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSBEVINDINGE

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die data analise bespreek. Die data is gegenereer deur middel van die onderhoude en ‘n fokusgroep wat as instrument gebruik is tydens die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is om die navorsingsprobleem aan te spreek. Die hoofstuk bevat die verloop van die navorsing, die biografiese inligting van die ouers en die navorsingsbevindinge wat bevestig word deur die literatuur.

Die bevindinge word hier onder aan die hand van die navorsingsvraag van hierdie studie bespreek: Wat is die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing vanuit ‘n waarderingsperspektief?

## 5.2 BIOGRAFIESE INLIGTING

Die navorser het dit belangrik geag om relevante inligting van die deelnemers weer te gee sodat die lesers ‘n beter idee kan kry van wie die studie verteenwoordig. Slegs relevante inligting is weergegee sonder om hulle identiteit bekend te maak. Vervolgens volg ‘n tabel met die grafiese voorstelling van die biografiese inligting van deelnemers.

**Tabel 5.1: Identifiserende besonderhede van die deelnemers**

| **Deelnemers** | **Geslag** | **Etnisiteit** | **Ouderdom** | **Aantal kinders** | **Beroep** |
|---|---|---|---|---|---|
| Ouerpaar A | Manlik<br>Vroulik | Kleurling<br>Kleurling | 39<br>39 | 2 | Lynbestuurder<br>Kinderoppasser |
| Ouerpaar B | Manlik<br><br>Vroulik | Kleurling<br><br>Kleurling | 48<br><br>47 | 3 | Plaaswerker/tuinier<br>/toesighouer<br>Tuisteskepper |
| Ouerpaar C | Manlik<br>Vroulik | Kleurling<br>Kleurling | 33<br>26 | 2 | Plaaswerker<br>Tuisteskepper |
| Ouerpaar D | Manlik<br>Vroulik | Kleurling<br>Kleurling | 43<br>43 | 4 | Vragmotorbestuurder<br>Plaasarbeider |
| Ouerpaar E | Manlik<br>Vroulik | Kleurling<br>Kleurling | 32<br>28 | 2 | Plaasarbeider<br>Plaasarbeider |
| Ouerpaar F | Manlik<br>Vroulik | Kleurling<br>Kleurling | 30<br>26 | 2 | Plaasarbeider<br>Plaasarbeider |

## 5.3 BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE

Die bespreking van die bevindinge van die navorsing word gedoen aan die hand van die drie fases van die waarderingsperspektief te wete die ontdekkings-, droom- en ontwerpfase. Die drie fases dien as hooftemas met subtemas en kategorieë wat geïdentifiseer is met die analisering van data. Die hooftemas, subtemas en kategorieë word in ‘n tabelvorm aangebied waarna dit bespreek gaan word.

**Tabel 5.2 Hooftemas, sub-temas en kategorieë**

| Hooftemas | Sub-temas | Kategorieë |
|---|---|---|
| **ONTDEKKINGSFASE** | Die betekenis van ouerbetrokkenheid vir die ouers | • Om tyd saam te spandeer met jou kind(ers)<br>• Om oop kommunikasie met kinders te hê<br>• Om vir kinders om te gee en te beskerm<br>• Om kinders die regte pad te wys<br>• Om kinders te ondersteun |
| | Ouerbetrokkenheid behels om kinders verantwoordelikheid te leer | • Om verantwoordelikheid te neem vir gedrag teenoor ander mense<br>• Verantwoordelike besluite te neem |
| | Ouerbetrokkenheid behels om lewenswaardes aan kinders oor te dra | • Om eerlik te wees<br>• Om respek teenoor ander te betoon<br>• Om waardering te toon vir dit wat hulle het |
| **DROOMFASE** | Toekomsverwagtinge vir kinders | • Om ‘n beter toekoms vir kinders te verseker<br>• Daar te wees vir kinders |

| | | |
|---|---|---|
| **ONTWERPFASE** | Die waarmaak van drome | • Om kinders te motiveer<br>• Om kinders finansieel te help |
| | Persone wie betrokke moet wees om drome waar te maak | • Ouers en onderwysers<br>• Eienaar van die plaas |

### 5.3.1 HOOFTEMA: ONTDEKKINGSFASE

In die ontdekkingsfase word daar gefokus op dit wat in die verlede gewerk het en te kyk in watter situasies dit gewerk het en hoekom (Bushe, 2011:3). Omdat mense geneig is om op die probleem te fokus, is daar 'n behoefte om die fokus te rig op dit wat goed gewerk het in die verlede. In die lig hiervan is daar in hierdie fase van die waarderingsperspektief gefokus op hoe die ouers hulle betrokkenheid by hul kinders sien en wat die aard van die betrokkenheid is. Hierdie hooftema bestaan uit drie sub-temas naamlik: die betekenis van ouerbetrokkenheid vir die ouer, ouerbetrokkenheid behels om kinders verantwoordelikheid te leer en ouerbetrokkenheid behels om lewenswaardes aan kinders oor te dra.

#### 5.3.1.1 Sub-tema: Die betekenis van ouerbetrokkenheid vir die ouers

Die ouers het die woord ouerbetrokkenheid verskillend verduidelik, maar dit het steeds op dieselfde betekenis neergekom. Vanuit die onderhoude is dit baie duidelik dat elke ouer betrokke is by hulle kinders, maar dat elke ouerpaar dit doen op hul eie manier. Al die ouerpare het aangedui dat ouerbetrokkenheid volgens hulle as belangrik geag word.

Die volgende kategorieë is geïdentifiseer:

- **Ouerbetrokkenheid beteken om tyd saam te spandeer met jou kind(ers)**

Dit het na vore gekom dat ouers daarvan hou om tyd saam met hulle kinders te spandeer, wat ookal die geleentheid. Uit die onderhoude het dit voorgekom dat elke ouerpaar so veel moontlik tyd saam met hulle kinders spandeer. Omdat die meeste ouers voldag werk, probeer hulle aande en naweke tyd maak vir hulle kinders. Alhoewel hulle sou verkies om meer tyd saam met hulle kinders te spandeer, kan hulle nie bekostig om nie te werk nie. Voorbeelde wat ouers genoem het is om saam televisie te kyk, Sondae te braai of saam kos te maak asook naweke iewers heen te gaan, weg van die plaas. As gevolg van finansies kan baie ouers nie bekostig om noodwendig iewers heen te gaan nie, maar om tyd by die huis te spandeer is ook vir hulle bevredigend.

Van die ouers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*"Wanneer ons besluit om te braai, vanaand soos Sundays, as een van die kinders sê, maar ons eet dan elke Sondag gekookte kos is daar nie 'n slaggie gebraaide vleis nie. Ek moet partykeer naweke werk, dan sê ek as ek van die plaas kom dan moet ek vuur maak en dan braai."* [Ouerpaar A (Io)]

*"Ons is verskriklik saam met mekaar en noudat die ou klein dingetjie gekom het van die oudste meisiekind is ons baie bymekaar."* [Ouerpaar B (Io)]

*"Ons speel 'n bietjie met hulle. Hulle wil stoei op die bed."* [Ouerpaar F (Io)]

*"Sondae agtermiddae is ons saam en speel krieket. Hulle hou van sport."* (Ouerpaar E (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Saans ek kom in die huis in, soos gisteraand, ek kom uit die werk uit, sit ek en my twee meisiekinders, kyk ons tv, vir Sewende Laan, sit radio aan en luister musiek, maak grappe."* [Ouerpaar A (Fg)]

Volgens die US Census Bureau (2004) is daar bewyse dat kinders in gesinne waar beide ouers aanwesig is, meer daaglikse interaksie, soos saam eet en saam lees geniet. Familieaktiwiteite soos saam eet, saam aktiwiteite aanpak en saam lees word geassosieer met positiewe uitkomste vir die kinders. Navorsing deur Ferreira, Du Preez en Archer (2008:249-256) het bevind dat dit kinders positief beïnvloed wanneer ouers en kinders tyd saam spandeer (gesinsrituele) deurdat kinders selfvertroue en ‘n positiewe selfkonsep ontwikkel.

Een van die ouers het genoem dat hulle graag as gesin saam televisie kyk. In terme van die algemene uitspraak dat televisie dikwels die rol van gesinstyd oorneem is daar in Ferreira *et al*. (2008:254) se studie die teendeel bewys. Die deelnemende gesin het ’n gesinsritueel gevorm wat verband hou met die kyk van ’n televisieprogram (7de Laan) wat gesprekvoering en gevolglik ook moontlik gesinsverhoudings kan bevorder.

- **Ouerbetrokkenheid beteken om oop kommunikasie met kinders te hê**

Al die ouers het genoem dat hulle kinders die vrymoedigheid het om met hulle te gesels oor wat ookal op hulle hart is. Die ouers moedig ook oop kommunikasie aan sodat hulle weet wat in hulle kinders se lewens aangaan. Van die ouers het genoem dat as hulle aande van die werk af kom, gesels hulle met hulle kinders en vra uit oor hoe hulle dag was. Een vader het genoem dat hy en sy dogter gereeld op die stoep sit met ‘n koppie Java koffie en lang stories gesels. Die ouers het genoem dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders met hulle wil gesels, want dit gee die ouers die geleentheid om met hulle kinders te praat oor belangrike dinge.

Van die ouers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*“Ek wil bietjie gesels. Nou kom hulle uit, dit is wat ek van my kinders laaik, maak oop want ek gaan nie weet as jy die boek toehou die hele tyd nie.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“Dis lekker vir my om so met ‘n kind te gesels oor haar toekoms. As hulle probleme het, praat hulle.”* [(Ouerpaar B (Io)]

*“As jy in die moeilikheid is, praat, moet nie wag nie.”* [Ouerpaar D (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Oop kommunikasie is soos ‘n ope gesprek, ‘n ope brief saam met jou kind. My kinders is nie iemand wat buite praat nie, hulle sal altyd met my kom praat oor belangrike goed.”* [Ouerpaar A (Fg)]

*“Ek praat meer met hom. Verstaan daar is kommunikasie tussen pa en seun. Ek leer altyd vir hom sê my as daar probleme is.”* [Ouerpaar B (Fg)]

'n Belangrike element in die ouer se betrokkenheid by die leerproses van die kind is die interaksie tussen ouer en kind, wat onder andere behels dat die ouer na die kind sal luister (Donald et al., 2002: 247). Volgens Lerner (2000:231) bring oop kommunikasie met kinders mee dat die kinders beleef dat hul ouers hulle aanvaar, en dus dra dit by tot die bou van die vertrouensverhouding tussen die ouer en kind. Volgens Larney en Lotter (2005:671) sluit oop kommunikasie vaardighede in soos empatie, die vermoë om aandagtig te luister en ondersteunende kommentaar te lewer. Indien ’n saak vir ouers belangrik is en dit sigbaar en waarneembaar is, verteenwoordig hierdie houding ’n belangrike determinant om ouers en kinders te laat ooreenstem oor waardes. Gereelde en oop kommunikasie oor sake van belang is bevorderlik vir sodanige ooreenstemming (Larney & Lotter, 2005:671).

- **Ouerbetrokkenheid beteken om vir kinders om te gee en te beskerm**

Dit blyk duidelik uit die onderhoude dat die ouers omgee en besorgd is oor hulle kinders se doen en late. Elke ouerpaar wys hul omgee op verskillende maniere, maar dis duidelik dat hulle alles sal doen vir hulle kinders. Van die ouers het genoem dat hulle kinders voel dat hulle te streng is, maar die ouers het verduidelik dat hulle streng is juis omdat hulle omgee vir hulle kinders. Dit het ook uit die onderhoude na vore gekom dat die ouers se omgee vir hulle kinders dikwels ‘n gevoel is van “jammer wees” vir hulle kinders. Byvoorbeeld die kind sal sakgeld vra by sy/haar ma en die ma sou

byvoorbeeld “nee” sê. Omdat die pa omgee vir sy kind gee hy wel dan die geldjie. Van die ouers het ook genoem dat hulle omgee wys deur vir hulle kinders goed te koop wat hulle graag wil hê byvoorbeeld nuwe tekkies, klere of ‘n fiets. Die ouers gee ook om wat by die skool gebeur en of hulle kinders vorder by die skool. Die ouers gaan praat wel met die onderwysers met betrekking tot hulle kinders se skoolvordering omdat hulle omgee vir hulle kinders. Dit het geblyk uit die onderhoude dat die ouers alles moontlik sal doen om hulle kinders te beskerm. Een ouerpaar het spesifiek genoem van veiligheid in en om die huis en maak elke aand dubbel seker dat al die vensters en deure toe en gesluit is. Omdat ouers bedags werk het hulle nie beheer oor wat hulle kinders bedags doen as die skole uitkom nie. Omdat hulle omgee vir hulle kinders probeer hulle tog hul kinders beskerm deur hulle te waarsku van die gevare daar buite.

Van die ouers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*“As ‘n mens geld praat, nou moet ‘n mens ‘n Psalm hoor… agterna kry ek vir haar jammer, dan gee ek maar vir haar - dan kry ek haar jammer en gee. Ja, ek gee om vir my kinders.”* [Ouepaar D (Io)]

*“Ek is bekommerd, OK sy suster is daar, sy het nou weer saam met hulle. Ek like nie die veld nie, die rugby, ek like dit nie. Jy weet nie wat daar aangaan nie. Ja, ek wil hulle beskerm”* [Ouerpaar B (Io)]

*“’n Ouer gee mos om vir sy kind, maak nie saak hoe hy is of wat hy is nie*.” [Ouerpaar E (Io)]

*“My pa en ma het nie omgegee nie. Hulle wil my niks gee nie. Ons werk hard dat ons vir ons kinders kan gee.”* [Ouerpaar F (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Mammie, ek wil ‘n paar Nike’s hê. Dan sê ek vir hom, mammie het nie nou die geld nie. As mammie ryp genoeg is, dan sal mammie die vrug pluk. Ek koop vir hom die Nike’s omdat ek omgee vir hom.”* [Ouerpaar A (Fg)]

*“Ons kinders wil net altyd hê. Hy vra altyd, gaan pappie vir my ‘n bike koop? Dan sê ek vir hom. As jy einde van die jaar slaag, dan koop pappie vir jou ‘n bike. Dis omdat jy omgee vir hom, jy gaan dit vir hom doen.”* [Ouerpaar B (Fg)]

Volgens die wet op die regte van die kind het alle kinders die reg om deur hulle ouers beskerm te word asook dat die ouers vir hulle kinders moet omgee (Barnardos’ National Children’s Resource Centre, 2006:7). Kyle, McIntyre, Miller en Moore (2002:67) meld dat alle ouers behoort om te gee vir hulle kinders ongeag die omstandighede, aangesien die kind vanaf geboorte afhanklik is van sy ouers vir liefde en omgee (Grace et al., 2012:196). Die ouers se verantwoordelikheid strek verder as net biologiese versorging. Die ouer moet ook in die kind se behoefte na veiligheid en sekuriteit voorsien deur die kind te beskerm teen gevare. Die huis word ‘n veilige hawe en ‘n huislike klimaat waarbinne die kind ‘n gevoel van veiligheid en omgee ervaar en waar belangstelling getoon word. Die gevoel van veiligheid dra by tot kinders se bekwaamheid, selfvertroue en sukses op alle vlakke van hulle ontwikkeling (Gonzalez, Willems & Doan Holbein, 2005:119). Hierdie veilige hawe behels dat die ouers die kind wil beskerm. In tye van onsekerheid kan die kind terugkeer na die veilige hawe wat die ouers vir die kind geskep het. Binne die gesin leer die kind die lewe van die volwassene ken en word kinders bewus van die eise wat aan die ouers sowel as die kinders gestel word. Dit is ook binne die gesin waar kinders leer om hulself te handhaaf in krisissituasies (Gonzalez et al., 2005:119).

- **Ouerbetrokkenheid beteken om kinders "op die regte pad" te wys**

Dit het voorgekom dat ouers gereeld met hulle kinders praat oor alkohol-misbruik en die gebruik van dwelms aangesien dit volop op plase voorkom en hulle hul dus so op die regte pad probeer hou. Met die uitdrukking "op die regte pad hou" het die ouers bedoel dat hulle kinders aanvaarbare gedrag moet openbaar en hulle weerhou van verkeerde invloede deur maats. Die ouers het ook genoem dat van hul kinders se vriende as gevolg van dwelms nie hul skool jaar voltooi het nie en hulle wil nie hê dat dit met hulle kinders moet gebeur nie. Dit blyk ook uit die onderhoude dat die ouers hulle kinders ook leer en raad gee oor hoe hulle korrek moet optree teenoor hulle maatjies. Soos byvoorbeeld om nie lelik te wees met maatjies nie, maar om hulle maats te behandel soos hulle graag behandel wil word. Dit het na vore gekom dat die ouers wel hulle kinders tug ten einde hulle op die regte pad te hou, maar het dit duidelik gemaak dat hulle dit doen uit liefde en nie uit frustrasie nie. Een van die ouers het genoem dat as hulle hul kinders tug is dit omdat hulle hul kind iets wil leer en op die regte pad wil hou. Dit blyk dat beide die ouers vir dissipline verantwoordelik is, alhoewel dit meestal die vaders is wat deur middel van lyfstraf die dissiplinering toepas. Die moeders sal die kind eerder verbaal aanspreek.

Van die ouers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*"Ek sê altyd as jy sien jou maatjie doen verkeerd, spreek hom maar by jou aan, maar moet nie voor sy vriende nie want dan kraak jy die persoon af. Sê vir jou maatjie as jy verkeerd is, sy moet vir jou sê wanneer jy verkeerd is, maar moenie dieselfde tipe ding doen nie."* [Ouerpaar B (Io)]

*"Kies die regte vriende, moenie die verkeerde pad volg nie en moet nie doen wat hulle doen nie."* [Ouerpaar A (Io)]

"*Ek sê altyd vir haar asseblief moenie lelik raak met mekaar nie. Behou daardie eensgesindheid, daai respek en liefde. Hou net dit bymekaar, want dit gaan maak dat daar nooit moeilikheid op julle pad kom nie." [*Ouerpaar B (Io)]

*"My kinders is geneig om vir my te sê ek is te streng maar nou sê ek vir hulle as mammie nie vir julle op die regte pad gaan wys nie gaan julle die pad byster raak."* [Ouerpaar B (Io)]

*"Jy moenie so laat in die nagte rondloop nie. Pa en ma wil hê julle moet nie met die verkeerde goed besig raak nie."* [Ouerpaar F (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Nee, mammie is nie te streng nie, mammie wys maar net vir jou die toekoms."* [Ouerpaar A (Fg)]

Volgens Louw (2001:454) word die sosiale vaardigheid van kinders positief beïnvloed deur ouers wat reëls neerlê en kinders tug met liefde en toegeneentheid. Ouers wat kwaliteite soos eerlikheid, respek en onselfsugtigheid in hulle kinders wil oordra, moet dit vir hulle kinders aanleer en kweek en die nodige dissipline toepas. Roffey (2004:48) noem dat enige vorm van dissipline toegepas moet word binne die raamwerk van liefde en omgee. In hulle opvoedingsproses behoort ouers hulle kinders te leer van vermaning en dissipline. Vermaning en dissipline behels waarskuwings, liefde en advies. Ouers moenie verkeerdelik dink dat alle lewenslesse slegs deur die voorbeeld van die ouers aangeleer sal word nie. Sommige dinge moet daadwerklik en duidelik vir kinders uitgespel word (Blackwell, 2013:15).

- **Ouerbetrokkenheid beteken om kinders te ondersteun**

Ouerbetrokkenheid en ondersteuning van die kinders het hoofsaaklik neergekom op die ondersteuning wat die ouers aan die kinders met betrekking tot hulle skoolwerk kon bied. Dit het duidelik geblyk dat al die ouers vir hulle kinders die beste moontlike skoolopvoeding wil bied, maar dat hulle nie altyd self hulle kinders kan ondersteun in tuiswerkopdragte nie omdat hulle nie altyd die skoolwerk van die kinders verstaan nie. Gevolglik vra hulle ander familielede of die buurman wie hulle dink hul kinders moontlik kan ondersteun in hulle skoolwerk. Elke ouerpaar het beklemtoon dat ondersteuning ten opsigte van skoolwerk belangrik is en dat hulle graag hulle kinders sou wou help. Dit het wel geblyk dat as die een ouer nie kan help nie, die ander ouer wel probeer om te help. Omrede die ouers lang ure werk het dit ook voorgekom dat hulle nie altyd hulle kinders kan ondersteun in hulle skoolwerk nie omrede hulle te laat van die werk af kom en dus ‘n broer of suster moet vra om te help.

Van die ouers het die ondersteuning as vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*“Ek leer hulle saans. As sy terugkom dan sê sy pappa die huiswerk is swaar. Ek maak ‘n voorbeeld van hoe moet dit gedoen word, dan doen sy. Mens kan nie in hulle boeke skryf nie, hulle moet self.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“My seun se loopbaan is klaar met skool, hy moet nie terug sit nie, maar al wat ek haar sê, hou aan.”* [Ouerpaar A (Io)]

*“Ek prys hom. Maar as ons werk kan ons mos nie veld toe gaan nie want ek mag mos, maar nie uitbly want ek mos nou, maar ek ondersteun hom ja.”* [Ouerpaar E (Io)]

*“Laas het ons ouervergadering gehad. Ek moet mos altwee klasse bywoon. Saans kyk ek of hulle huiswerk gedoen is, dan is dit kant en klaar.”* (Ouerpaar F (Io)]

Ouers moet hulle kinders prys en aanmoedig en hulle met hulle take help. Ouers moet kinders aanmoedig om vir hulle voor te lees en hulle moet, indien moontlik, self vir die kinders voorlees (Hargie, Dickson & Tourish 2004:231). Volgens Hargie et al. (2004:231) moet ouers hulle kinders ondersteun en motiveer in skooltake. Dit laat kinders voel dat die ouers in hulle en in hulle skoolloopbaan belangstel. Ouers moet op ‘n gereelde basis belangstel in hulle kinders se skoolaktiwiteite en so ook in hulle skoolvordering. Vanuit ‘n onderwys oogpunt word daar van ouers verwag om betrokke te wees deur hul kinders te ondersteun met hul huiswerkopdragte. Constantino (2003:7) beweer dat navorsing in verband met gesinsbetrokkenheid in onderwys bewys dat kinders voordeel trek wanneer hulle ouers skoolaktiwiteite ondersteun en aanmoedig. Skool- en gesinsvennootskappe wys op die ouers se rol as die eerste en beste opvoeder van die kind en die belangrikheid van gesinsbetrokkenheid in die akademiese lewe van die kind (Constantino, 2003:7). Wanneer die onderwyser huiswerk gee wat deur die ouers en die kind saam gedoen moet word, gee dit die ouers ‘n betekenisvolle rede om met hul kinders interaksie te hê met skoolwerk. Diffily (2004:104) en Constantino (2003:132) voel sterk dat huiswerk wat huistoe gestuur word ouerbetrokkenheid kan aanmoedig. Dit is noodsaaklik dat die ouer die kind 'n ondersteunende raamwerk bied, belangstelling in die kind se vordering toon, die belangrikheid van goeie opvoeding beklemtoon en volgehoue skakeling met onderriggewers verseker (Michigan Department of Education, 2001:2).

Die ouers is die kind se primêre bron van ondersteuning en deur die kind te ondersteun wys die ouers dat hul omgee (Meece & Daniels, 2008). Grundling en Grundling (2005:177) omskryf ouerskap as ‘n ondersteuningstelsel. In hierdie sin is die ouers die ideale ondersteuningsisteem om ‘n kind se behoeftes te bevredig. Omdat die ouers omgee vir hul kinders, voorsien die ouers in die fisiese behoeftes van die kind. Dit dra die boodskap oor dat die kind liefde ontvang en versorg word asook inligting dat die kind waardevol is. Dus is die kind afhanklik van hierdie ondersteuningsisteem (Grundling & Grundling, 2005:177). Ouers moet deur middel van liefde, empatie en goeie luistervaardighede die kind ondersteun om daaglikse situasies effektief te hanteer (Grundling & Grundling, 2005:177).

#### 5.3.1.2 Sub-tema: Ouerbetrokkenheid behels om kinders verantwoordelikheid te leer

In elke onderhoud het dit voorkom dat die ouers verantwoordelikheid aan hulle kinders leer en oordra en dat dit vir hulle belangrik is dat hulle kinders verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle gedrag en optrede.

Die volgende kategorieë is geïdentifiseer:

- **Om verantwoordelikheid te neem vir gedrag teenoor ander mense**

Ten opsigte van gedrag het al die deelnemers genoem dat hulle vir hulle kinders geleer het om respek en goeie maniere teenoor ander mense te openbaar. Die deelnemers leer hulle kinders om met respek teenoor ander mense op te tree. Al die deelnemers het genoem dat hulle aan hulle kinders probeer oordra dat om goeie maniere te hê beteken om asseblief en dankie te sê en om volwassenes in die oë te kyk en te groet. Ouers het genoem dat hulle kinders baie keer sal sê dat van die mense nie teruggroet nie, maar ongeag daarvan leer hulle steeds hulle kinders om te groet. Die ouers leer ook hulle kinders om reg teenoor hulle maats op te tree en nie die verkeerde gedrag van maats na te boots nie. Van die ouers het genoem dat hulle kinders verantwoordelike gedrag moet toon by byeenkomste sodat ander mense nie nodig het om oor hulle swak gedrag te praat nie, maar eerder vir die ouers kom sê hoe goed hul hulself gedra het. Alhoewel die ouers die bogenoemde “maniere” vir hulle kinders leer, moet die kinders self verantwoordelikheid neem vir hulle gedrag teenoor ander mense. Met ander woorde, dit is die ouers se verantwoordelikheid om die regte gedrag en maniere vir hulle kinders te leer, maar die verantwoordelikheid rus by die kinders om dit wel te doen. Die ouers maak dit baie duidelik aan hulle kinders dat hulle nie verantwoordelikheid gaan aanvaar vir hulle (kinders) verkeerde gedrag nie.

Van die ouers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*“Hulle moet respek hê vir ‘n volwasse mens.”* [Ouerpaar D (Io)]

*“Ek sê altyd vir haar asseblief moenie lelik raak met mekaar nie. Behou daardie eensgesindheid, daai respek en liefde.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“As julle mense kry teen die pad, groet die mense, want dis mos eerste wat jy doen. Jy groet mos eers en dan…en moenie lelik wees met ‘n mens, mens praat mos mooi met ‘n groot ouerlike mens, ‘n mens gee nie ouer tale of so, mens moet mooi praat.”* [Ouerpaar E (Io)]

*“Nou sê sy hulle tart daardie ou man, hulle het nie respek nie. Nou kan ek... OK jy het uitgegaan, jy weet wat jy moet doen. Dan sê ek vir haar mammie is netso, jy tel die goed op en jy doen dit nie saam met hulle nie. Maar mammie ek kan nie vir hulle soveel woorde sê, hulle moet nie dit doen nie, ek het net gesê julle moet net onthou julle moet respek hê want dit is groot mense.”* [Ouerpaar B (Io)]

Ouers behoort by hulle kinders betrokke te wees ten einde aan hulle verantwoordelikheid te leer. Kinders leer deur middel van voorbeelde van ander, in dié geval die voorbeeld van ouers. Daar is geen spesifieke ouderdom wanneer kinders verantwoordelikhede moet aanleer nie. Kinders leer verantwoordelikheid soos hulle grootword op dieselfde manier as wat hulle leer loop en praat (The parent Institute, 2004:2). Een van die beste maniere om kinders verantwoordelikheid te leer is om aan hulle verantwoordelikheid te gee. Om te leer om goeie keuses te maak, is ‘n groot deel van die aanleer van verantwoordelikheid. Ouers kan kinders help om verantwoordelike besluite te maak deur geleenthede daar te stel vir die kind om die regte besluite te maak. Dit is belangrik dat ouers hulle kinders duidelik laat verstaan dat die keuses wat hulle maak, ongeag goed of sleg, gevolge het (The parent Institute, 2004:3). Ouers moet kinders leer om verantwoordelikheid te neem vir hulle huiswerk. Kinders moet leer om hul huiswerk te doen sonder dat een van die ouers vir hulle moet sê om dit te doen (The Parent Institute, 2004:4). Ouers moet hulle kinders leer dat hulle hul eie probleme moet oplos indien moontlik, sonder om na die ouers te hardloop oor verkeerde keuses wat hulle gemaak het. Ouers moet kinders toelaat om klein probleme self op te los wat hulle weer sal help as groter probleme op die pad kom. As ouers dit

vir hulle kinders oplos, gaan die kinders nie verantwoordelikheid leer nie en altyd verwag dat iemand anders probleme vir hulle moet oplos. Ouers moet ook hulle kinders leer om dinge wat hulle begin het, klaar te maak; die kinders moet uithouvermoë leer (The Parent Institute, 2004:5). ‘n Verantwoordelike kind is iemand waarop mense kan staatmaak. Soos ouers verantwoordelikheid aan hulle kinders oordra, berei ouers hulle kinders voor om verantwoordelikheid te neem vir hulle aksies en terselftertyd lê ouers die fondasie vir hul kinders se sukses in die lewe (The Parent Institute, 2004:6).

Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:83) is opvoeding noodsaaklik vir die kind om te groei tot volwassenheid. Hulle voer verder aan dat die ontwikkeling wat by ‘n kind plaasvind, nooit op eie inisiatief tot volle ontplooiing gebring kan word nie. Die kind het altyd die ouers se begeleiding nodig. Reeds in die kleuterfase is ouers besig om hul kinders toe te rus en op die volwasse lewe voor te berei. Die ouers het die roeping en verpligting om hul kinders te begelei tot verantwoordelike gedrag (Grobbelaar & Ryke, 2004:83). Ouers is verantwoordelik om kinders te leer hoe om gepas op te tree binne die vereistes van die sosiale groep waarvan hulle deel vorm sodat hulle dit kan toepas as hulle ouers nie by is nie (Meece & Daniels, 2008). Alhoewel dit die ouers se plig is om hulle kinders aanvaarbare gedrag te leer, bly dit die kinders wat verantwoordelikheid moet neem vir hulle gedrag omdat hulle geleer het wat reg en verkeerd is (Thomson & Rudolph, 2000:16).

- **Om verantwoordelike besluite te neem**

Dit wil voorkom dat die ouers met hulle kinders praat oor verantwoordelike besluite. Hulle noem aan hulle kinders dat al is dit nie nou lekker om iets te doen nie byvoorbeeld om na die vioolles te gaan nie, moet die kind self die verantwoordelike besluit neem om dit wel by te woon. Hulle noem dat die kinders spyt sal wees as hulle dit nie gedoen het of iets klaar gemaak het nie. Die ouers het verskeie voorbeelde genoem wat hulle hul kinders leer ten opsigte van verantwoordelike besluite. ‘n Voorbeeld is dat hulle nie saam met hulle maats stokkiesdraai, drink of tik gebruik nie en liewer die verantwoordelike besluit neem om die regte ding te doen. ‘n Ander ouerpaar het genoem dat hul dogter vioollesse neem en soms is sy nie lus om te gaan nie. In dié

geval het die ouers dan vir haar gesê dat ‘n verantwoordelike besluit sou wees om wel te gaan omrede sy daarby sou baat. Een van die ouerpare het genoem dat hulle hul kinders leer om nie net te vat nie, maar om eers te vra. Dit is ‘n besluit wat hulle vooraf moet neem voordat hulle dit doen om hul kinders te leer om die verantwoordelike besluit te maak deur nie te vat nie. Om net te vat is ‘n onverantwoordelike en verkeerde besluit en indien die onverantwoordelike en verkeerde besluit gemaak is, moet die kind verantwoordelikheid neem vir die gevolge. Die ouers noem dat hul kinders vooraf weet dat om dit te vat, die verkeerde besluit is.

Van die deelnemers het hierdie vorm van ouerbetrokkenheid soos volg verwoord:

*“Toe sê ek vir haar die viool speel gaan af by mammie se geld, mammie werk en dit word afbetaal. Daai is heel moontlik jou toekoms. Moenie nou slap lê nie my kind.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“Ek het vir hom gesê moenie soos die ander wees wat skool bunk en ‘n tikkoppie is.”* [Ouerpaar A (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Sy het haar maandstonde gekry, dit was nou die eerste keer, sy leer nou. Mammie sê nou vir jou, dit is ‘n sanitêre doekie en dit wat jy nou oorkom…as enige mannetjie mens, seunskind aan jou raak, dan kom sien jy vir my en kom praat met my daaroor. Jy het nou ‘n groot verantwoordelikheid op jou.”* [Ouerpaar A (Fg)]

*“Die kind vra geld, ons weet nie wat hy met die geld gaan maak nie, of hy nou drank of sigarette koop nie. Maar ons sê vir hom om dit verantwoordelik te gebruik.”* [Ouerpaar B (Fg)]

Die kind leer om doelwitte te stel en verantwoordelike besluite te neem. Dit alles gebeur met ouers as rolmodelle vir hul kinders. Wanneer die gesin nie hierdie rol vervul nie, kan daar byna verwag word dat die kind onverantwoordelike en verkeerde gedrag sal

toon (Berns, 2001:90-95). Kinders wat nie verantwoordelikheid wil neem vir hulle gedrag nie, kan voorkom as gevolg van swak modellering deur die ouers in hul kinders se lewens. Daarom is dit belangrik dat ouers positiewe betrokkenheid by hul kinders toon en die regte gedrag modelleer deur byvoorbeeld die regte besluite te neem (Berns, 2001:91-95). Ouers moet hulle kinders leer om dinge wat hulle begin het, klaar te maak; die kinders moet uithouvermoë leer (The Parent Institute, 2004:5)

#### 5.3.1.3 Subtema: Ouerbetrokkenheid beteken om lewenswaardes aan hulle kinders oor te dra

In hierdie studie het dit voorgekom dat die meeste ouerpare dieselfde waardes aan hulle kinders oordra. Die ouers en kinders word in dieselfde omgewing groot en dieselfde waardes is vir hulle belangrik.

- **Om eerlik te wees**

Eerlikheid het baie na vore gekom tydens die onderhoude. Ongeag die situasie of waar die kinders hulle ookal bevind, hetsy dit tuis, by die skool of die werk is, leer die ouers hulle kinders om altyd eerlik te wees in hul antwoorde en dit wat hulle doen. Een van die ouerpare het genoem van hul 10-jarige seun wie nie altyd oop en eerlik is met hulle nie. Hulle het vertel dat hulle seun soms groot bedrae geld uit hulle beursies neem en dan ontken dat dit hy was. Dit het ook by die skool gebeur waarna hulle ingeroep is. Eerlikheid is baie hoog gelys op die ouers se waardelysie en hulle probeer dit oordra aan hulle kinders sodat hul kinders ook die waarde en erns van eerlikheid sal besef. Ouers het ook genoem van ander mense op die plaas wie nie altyd eerlik is nie en dan gebruik hulle dit as voorbeeld om vir hulle kinders te wys hoe om hulle nie te gedra nie.

Die ouers het die aspek van eerlikheid soos volg verduidelik.

*"Ons sê as dit kom by geld, moenie geld vat nie, vra, moenie vat nie. Jy gaan in die tronk beland. So moenie vat nie, wees eerlik as ons vir jou vra."* [Ouerpaar C (Io)]

*"Hulle sê, maar bedoel dit nie, sommer net so in die verbygaan. Dan is hulle nie eerlik nie. Ek leer hulle standvastigheid, eerlikheid, betroubaarheid…"* [Ouerpaar B (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Beginsels wat ek nou van het is soos eerlikheid, opreg en 'n ding wat ek altyd vir hulle leer is vra."* [Ouerpaar B (Fg)]

Volgens Grobbelaar en Ryke (2004:93) is ouers se lewe 'n belangrike voorbeeld vir hul kinders. Woorde en dade wat ooreenstem is al wat werk, maar dit impliseer nie volmaaktheid nie. Deur eerlikheid uit te leef, sien die kinders die ouers se voorbeeld. Kinders reageer onbewustelik op die voorbeelde van hul ouers, dus is dit baie belangrik dat ouers altyd 'n positiewe beeld uitstraal ten opsigte van eerlikheid (Hargie et al., 2004:232-233). As die ouers eerlikheid betoon teenoor hul kinders en ander mense, dan sal kinders soveel te meer die voorbeeld van hul ouers volg. Webber (2003:154) noem dat ouers deur hul voorbeeld waardes soos eerlikheid op 'n praktiese wyse moet modelleer. Dobson (1992:14) beaam bogenoemde stelling en noem dat as ouers kwaliteite soos eerlikheid in hulle kinders wil hê, is dit hulle plig as ouers om dit vir hul kinders aan te leer en te kweek.

- **Om respek teenoor ander te betoon**

Met elke onderhoud het die woord respek na vore gekom. Die ouers is baie gesteld dat hulle kinders respek vir volwassenes moet hê. Volgens die ouers behels respek om beleefd op te tree teenoor ander mense. Die ouers leer hulle kinders om beleefd te wees teenoor mense, maak nie saak wie die persoon is nie. Hulle leer ook hul kinders om respek te hê vir hulle as ouers. Wat ook baie sterk na vore gekom het was dat elke ouer genoem het dat hulle hul kinders leer om mense in die oê te kyk en te groet, ongeag of die ander persoon teruggroet of nie.

*"Hulle moet respek hê vir 'n volwasse mens."* [Ouerpaar B (Io)]

*“Jy groet mekaar met ‘n groet en in die oë kyk, dis hoe ons… dit wat ons ook vir ons kinders leer.”* [Ouerpaar C (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Jy moet respek hê vir hulle en dan sal hulle respek hê vir jou*.” [Ouerpaar B (Fg)]

Respek verwys na die inagneming en erkenning van ‘n ander se gevoelens en behoeftes (Odendal & Gouws, 2005:933). Respek is om eerbied, ontsag en agting vir die kind se menswaardigheid te toon (Odendal & Gouws, 2005:933). Die kind strewe daarna om self iemand te wees en daarom is dit belangrik vir die opvoedingsvertrouensverhouding dat die ouer respek en waardering aan die kind betoon sodat die kind dit weer kan oordra aan ander (Lerner, 2000:176). Webber (2003:154) noem dat ouers waardes soos respek op ‘n praktiese wyse moet modelleer. Dobson (1992:14) beaam bogenoemde stelling en sê dat as ouers kwaliteite soos respek in hulle kinders wil sien, dit hulle plig is as ouers om dit vir hul kinders aan te leer en te kweek, en self respek aan ander mense moet openbaar.

- **Om waardering te toon vir dit wat hulle het**

Uit die onderhoude het dit geblyk dat ouers vir hulle kinders leer om waardering te toon vir dit wat hulle het. Die deelnemers het genoem dat as kinders hulle nie grootgeword het met elektrisiteit nie en moes daarsonder klaarkom. Vandag hoef hulle nie meer van kerse of water wat oor ‘n vuurtjie gekook word gebruik te maak nie en nou kan hulle die ketel en ligte aanskakel. Hulle kinders weet nie wat dit is om sonder elektrisiteit te wees nie en hulle dra dus die waarde van waardering aan hulle kinders oor. Hulle leer hulle kinders om die waarde van elektrisiteit te waardeer. Vroeër is genoem dat hul kinders soms nuwe tekkies of ‘n fiets wil hê, maar dat die ouers dit nie altyd op daardie spesifieke tydstip kan koop nie. Op grond hiervan probeer die ouers aan hulle kinders leer om te waardeer wat hulle het. Al het hulle nie ‘n splinter nuwe fiets soos hul maatjies nie, leer die ouers hul kinders dat hulle ‘n dak oor hulle kop het, ‘n warm bed om in te slaap, kos op die tafel, met ander woorde die ouers voorsien in die kind se

fisiologiese behoeftes. Die ouers leer hulle kinders om dit wat hulle het te waardeer aangesien daar baie kinders is wat nie so bevoorreg is soos hulle nie.

*"Solank jy iets het om te eet, jyt 'n dak oor jou kop, ek het 'n werk. Sy sê altyd daar is vanaand mense wat niks het om te eet nie. Waardeer dit."* [Ouerpaar C (Io)]

*"Pappa kan nie nou als vir julle gee wat julle wil hê nie, maar ek het vir julle geld weggesit sodat julle 'n beter lewe kan hê as wat ons gehad het so waardeer dit."* [Ouerpaar A (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Dis die klein goedjies, dis nie die fiets of die Nike's nie, maar daai klein goedjies. Jy gaan dit vir jou kind gee, maar waardeer dit wat jy solank het. As jy klere het, daar's kinders wat nie het nie, ek gee vir jou om so waardeer dit."* [Ouerpaar B (Fg)]

Von Salisch (2001:310) voer aan dat dit belangrik is vir ouers om 'n band met hulle kinders te vorm asook vanweë kinders se kognitiewe en emosionele kennis hul kind die nodige riglyne te gee rakende die toon van waardering. Volgens die U.S departement van Onderwys (2005:19) moet ouers hulle kinders leer dat daar 'n verskil is tussen dit wat hulle nodig het (basiese behoeftes) en dit wat hulle graag wil hê. Kinders moet leer om tevrede te wees met dit wat hulle het en waardering daarvoor te toon.

### 5.3.2 HOOFTEMA: DROOMFASE

In die droomfase val die klem op die visualisering van doelwitte. Die doel van dié fase is om die gedeelde visie van dit wat die beste is te bepaal. In dié fase val die klem op die betrokkenheid van deelnemers en die visualisering van doelwitte.

#### 5.3.2.1 Subtema: Toekomsverwagtinge vir kinders

Dit het baie sterk na vore gekom dat elke ouerpaar groot drome koester vir hulle kinders se toekoms. Die ouers wil nie hê hulle kinders moet sukkel soos wat hulle (ouers) gesukkel het en reeds sukkel nie. Elke ouer droom van ‘n goeie werk vir hulle kinders en van die ouers het ook genoem dat hulle droom dat hulle kinders naskoolse opleiding kan ontvang.

- **Om ‘n beter toekoms te verseker**

Al die deelnemers in die studie het gemeld dat hulle drome en ideale vir hul kinders het. Ouers het hoë beroepsideale vir hulle kinders en van die ideale is om ‘n verpleegster, veearts, dokter of “kopdokter” (sielkundige) te word. Die ouerpare het ook genoem dat hulle op ‘n beter toekoms en werk vir hulle kinders hoop. Die ouers droom dat hulle kinders eendag ‘n verpleegster en dokter moet word en nie plaaswerkers soos hulle nie. Vanuit die onderhoude het dit voorgekom dat elke ouerpaar net die beste vir hulle kinders wil hê. Dit beteken dat hulle vir hulle kinders ‘n beter lewe wil hê as dit wat hulle gehad het en nou het. Die ouers het ook genoem dat hulle nie wil hê hulle kinders moet ook plaaswerkers word soos hulle nie en dat hulle droom van ‘n beter werk en toekoms vir hulle kinders.

*“My wense was so dat my kind ‘n verpleegster moet word omdat ek het nêrens gekom nie. Maar, ek sê altyd vir myself ek wil nie hê dat dit nou net vir my … ek wil hê sy moet vir haar eie toekoms vorentoe ‘n goeie mens wees vir haarself, vir haar kinders, as daar nog kinders gaan kom maar my wens was altyd ‘n verpleegster.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“Pappa het vir julle geld weggesit sodat julle ‘n beter lewe kan hê as wat ons gehad het.”* [Ouerpaar C (Io)]

*“Maar die klong gaan mos nou Hugenote toe volgende jaar, want daar is mos nou sport.”* [Ouerpaar E (Io)]

In die hart en siel van elke vader en moeder, is daar een ding wat hulle in gemeen het, sonder uitsondering. Dit is dat alle ouers vir hulle kinders ‘n beter toekoms wens (Bhikkhu, 2000:1). Geen ouer wil sien dat hulle kinders swaarkry of ongelukkig is nie.

Elke ouer se wens vir hulle kinders is om ‘n beter lewe as dit wat die ouers gehad het te hê (Bhikkhu, 2000:1)

- **Daar te wees vir kinders**

Al die ouers het genoem dat hulle hard werk omrede hulle sover moontlik voorsiening wil maak vir hulle kinders. Dit het geblyk uit die onderhoude dat die ouers vir hulle kinders leef. Alles wat die ouers doen draai om hulle kinders en om vir hul kinders die beste te gee wat hulle moontlik kan. Twee van die ouers het genoem dat hulle tuis bly en nie werk nie omrede hulle self hul kinders wil grootmaak en ten alle tye daar wil wees vir hulle. Die ouerpare het ook genoem dat hulle vir so lank as moontlik daar sal wees vir hulle kinders en betrokke wil wees by hulle kinders, al is hulle kinders volwasse en getroud. Wat hulle hiermee bedoel is dat hulle nie noodwendig sal inmeng in hulle kinders se verhoudings en huwelike nie, maar dat hulle altyd hulle kinders sal bystaan tot die dag van hulle dood. Wat die ouers wel duidelik gemaak het is dat daar definitiewe perke is met betrokkenheid, veral as die kinders getroud is. Hulle sal nie onnodig inmeng nie, maar sal wel intree as daar gesinsgeweld is. Die ouers het saamgestem dat hulle nie hulle familie en kinders kan kies nie; hulle kinders is hulle kinders en hulle sal dus altyd daar wees vir hulle.

Die ouers het die kwessie om daar te wees vir hulle kinders as volg verwoord:

*“Ek het ‘n studiepolis vir haar oopgemaak by Nedbank. Ek het my polis, ek het vir my kinders, die 2 meisiekinders het ek die meeste gegee. Alles opgedeel.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“Ek sê altyd nou dat ek vir haar en vir hom het ek voorsiening gemaak vir studiebeurs, maar regtig, met hom… kan ek nie sê nie maar vir haar ek sien blink toekoms vir haar.”* [Ouerpaar C (Io)]

*“Ek het altyd gedink by myself, terwyl ek nog gesond is, terwyl ek nog nie siek is of wat ek, sal ek al die pad my kinders by my in die huis is.”* [Ouerpaar D (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Jou vrou kan jy kies, maar jou kinders is jou kinders, hulle kan jy nie kies nie. Ons sal altyd daar wees vir ons kinders al is hulle getroud solank daar grense is hoe ons betrokke raak."* [Ouerpaar B (Fg)]

*"Tot ek doodgaan sal ek vir hulle sê hoe lief ek is vir hulle*." [Ouerpaar A (Fg)]

Volgens Barnardo (2007:1-2) is daar tien belangrike punte waarom ouers moet voldoen om daar te wees vir hulle kinders. Van hierdie belangrike punte sluit in dat ouers moeite moet doen vir hulle kinders en na hulle moet omsien, roetines moet bou en daarby hou, te luister as kinders praat en 'n huislike omgewing skep waarbinne die kind veilig en geliefd voel. Alhoewel ouerbetrokkenheid die grootste effek het as die kinders klein is, is dit steeds belangrik dat ouers se betrokkenheid aangaan tot in tienerjare en volwassenheid (Cole, 2011:6). Navorsing het bewys dat kinders tussen die ouderdom van vyf en sestien 15% van hulle lewe in die skool spandeer en 85% van hulle tyd met hulle ouers, families en gemeenskap (Cole, 2011:6). Alhoewel kinders behoefte het aan onafhanklikheid, steun hulle steeds op hulle ouers se leiding en wil hê dat hulle ouers daar moet wees vir hulle (Cole, 2011:7).

### 5.3.3 HOOFTEMA: ONTWERPFASE

In die ontwerpfase gebruik deelnemers dit wat in die ontdekkings- en droomfase gevind is en ondersoek hoe dit in realiteit kan oorgaan. In hierdie fase word elke deelnemer bewus van die positiewe bydrae wat ouerbetrokkenheid het tot die kind en elkeen word daarop gewys watter bydrae gemaak kan word om hulle betrokkenheid te verbeter.

#### 5.3.3.1 Subtema: Die waarmaak van drome

Dit het geblyk dat ouers alles in hulle vermoë sal doen om hulle drome vir hul kinders waar te maak. Dit het voorgekom dat ouers hard werk en uit hulle pad gaan om drome waar te maak of ten minste te probeer. Hulle wil graag hulle kinders gelukkig sien dus doen hulle dit wat hulle kan om drome te bewaarheid.

- **Om kinders te motiveer**

Uit die onderhoude het dit voorgekom dat die ouers hul kinders ten volle motiveer in alles wat die kinders aanpak en ook met dit wat die kinders graag wil doen. Dit het uit die onderhoude geblyk dat die ouers hulle kinders in verskillende aspekte motiveer. Die ouers motiveer hulle om hard te werk in die skool asook om hulle huiswerk tot die beste van hulle vermoë te doen. Hulle motiveer ook hulle kinders om dit wat hulle aanpak klaar te maak en nie in die middel op te hou nie. Baie van die ouers se kinders presteer in atletiek, meer spesifiek, landlope en hulle ondersteun ook hulle kinders ten volle, want soos hulle dit beskryf het, kan dit moontlik hulle kinders se toekoms beteken. Die ouers sal ook alles in hulle vermoë doen om te sorg dat hulle kinders se drome waar word.

Die ouers het die aspek van motivering as volg verduidelik:

*"Daar is goed wat ek beginne dink het aan my oudste dogter, die mikpunt, die visie van werk…jy moet jou geloof daar insit dis nie vir my nie, dis vir jou toekoms my kind, so praat ek met haar."* [Ouerpaar B (Io)]

*"My kind speel mos viool en soms is sy nie lus om na die vioolles te gaan nie. Dan motiveer ek haar om te gaan, want dit kan moontlik haar toekoms wees."* [Ouerpaar B (Io)]

*"My seun het mos nou 'n werk gekry en soms is hy nie lus om te gaan werk nie. Dan motiveer ek hom om te gaan omdat werk skaars is."* [Ouerpaar D (Io)]

*"My kind wil 'n Springbok word. As hy miskien eendag 'n kaptein is, ek sal hom help, as ek die geld het om hom te help. Ek sal moeite maak, ek sal hom moed in praat, ek sal hom my laaste boek gee, soos ek hom grootgemaak het. Pa wil graag help, maar pa sal 'n plan maak."* [Ouerpaar E (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"As jy van kleins af te begin om daai wortel bietjie water te gee, dan gaan jy die vrugte pluk op die einde van die dag."* [Ouerpaar A (Fg)]

Motivering deur ouers help kinders om harder te werk sodat hulle doelwitte bereik kan word. Positiewe motivering word beskryf as enige vorm van gedrag wat kinders rede gee sodat hulle volle potensiaal bereik kan word. Positiewe motivering van ouers kan verbale bemoediging of belonings insluit. Motivering van ouers kan kinders help om beter te presteer op alle vlakke van ontwikkeling. Gesonde motivering en aansproring van ouers kan kinders aanmoedig wat loopbaankeuses betref en om suksesvol te wees in hulle beroepe (Gonzalez 2002:132). Wanneer ouers betrokke is by die kind se leerproses, stuur dit 'n waardevolle boodskap en 'n gevoel van omgee uit na die kind (Darch et al., 2004; Epstein, 2002; Machen et al., 2005). Machen *et al*. (2005) en Patrikakou et al. (2005:1-14) noem dat dié boodskap kan dien as motivering vir die kind om te presteer op alle vlakke van ontwikkeling en selfvertroue kan so ook verhoog word.

- **Om kinders finansieel te help**

Dit het voorgekom dat alhoewel die deelnemers nie 'n groot salaris verdien nie, die ouers steeds vir hulle kinders sover moontlik finansieel wil voorsien. Uit die onderhoude het dit geblyk dat die ouers graag daarvan droom om hulle kinders tans en in die toekoms finansieel te kan ondersteun. Van hulle het verwys na die spaar van geld en moontlik 'n polis vir die kind uit te neem. Alhoewel nie een van die ouers dit breed het nie en dit moeilik is om regtig vir hulle kinders te spaar, het dit steeds voorgekom dat ouers sover moontlik 'n geldjie wegsit. Dit het uit die onderhoude geblyk dat as die deelnemers 'n ekstra ietsie oor het nadat al die nodige goed betaal is, die ouers vir hul kinders 'n geldjie gee sodat hulle vir hulself iets kan koop.

Die ouers het die aspek van kinders finansieel versorg as volg beskryf:

*“Definitief finansieel waar ek kan, ek sal definitief finansieel support en dan ook ondersteun in watter rigting hy wil gaan.”* [Ouerpaar D (Io)]

*“Ek maak ‘n polis toe vir hom oop.”* [Ouerpaar A (Io)]

*“Sekere dae sê ek ek wil graag as pa wil help as hy vasdraai met sy finansies, sê ek, jou pa is altyd daar om jou te help, al oud is jy, hoe jonk jy is.”* [Ouerpaar C (Io)]

*“Pa wil graag help, maar pa gat ‘n plan maak tot jy daar bo uitkom, al moet ek bank toe gaan en sal ek ‘n lening maak om vir hom te kan help. Dan kan ek maar verder werk om dit af te betaal dat hy net daar is.”* [Ouerpaar E (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Ek sal my kind finansieel help waar ek kan. Mens het maar ‘n spaar polissie vir hulle.”* [Ouerpaar A (Fg)]

*“My kind wil graag ‘n trokbestuurder word, maar ek kan mos nie vir hom ‘n trok koop nie, maar ek sal betaal dat hy sy lisensie kry om eendag trok te kan bestuur.”* (Ouerpaar B (Fg)]

In teenstelling met die eertydse tradisionele samelewing waarin die riglyne vir adolessente duideliker was, bevind die huidige geslag adolessente hulle nou in ‘n tegnologies komplekse samelewing waarin die riglyne vir hulle gedrag dikwels vaag is en hulle langer finansieel afhanklik is van hulle ouers (Louw et al., 2001:389). Tog wil die ouers dit doen as hulle dit kan bekostig. Ouers se rol in die leerproses van die kind kom met groot verantwoordelikheid (SPDR University, 2009:1). Dit gaan gepaard met finansiële vereistes. Ouers wil graag vir hulle kinders finansieel sorg, tog is dit ook belangrik dat kinders van ‘n vroeë ouderdom die waarde van geld verstaan en dat hulle ouers baie hard werk vir die geld wat hulle verdien (SPDR University, 2009:1).

### 5.3.3.2 Subtema: Persone wie betrokke moet wees om drome waar te maak

Die subtema gaan oor wat die ouers gesê het wie almal betrokke moet wees om hulle drome vir hulle kinders en hul kinders se drome waar te maak. Alhoewel dit by al die ouers na vore gekom het dat hulle as ouers betrokke moet wees, het hulle ook saamgestem dat dit nie alleen net van hulle afhang nie, maar dat daar ander mense in hulle omgewing is wat hulle nodig het sodat hulle drome vir hulle kinders bewaarheid kan word.

Die volgende kategorieë is geïdentifiseer:

- **Ouers en onderwysers**

Uit al die onderhoude en fokusgroeponderhoud het dit geblyk dat die ouers se drome vir hulle kinders nie waar kan word sonder die hulp van hulle (ouers) se ondersteuning en motivering nie. Die ouers doen alreeds alles in hulle vermoë om hulle drome vir hulle kinders en hulle kinders se drome vir hulself te verwesenlik al kom hulle soms te staan by ‘n doodloopstraat. Van die ouers het genoem dat van die onderwysers soos vriende is en dat hulle mekaar persoonlik ook ken. Dit het uit die onderhoude geblyk dat die ouers die vrymoedigheid het om die onderwysers om hulp te vra oor hoe om hulle kinders se drome waar te maak. Die ouers het genoem dat hulle al oor die jare geleer het na watter onderwysers om te gaan en wie nie regtig bereid is om te help nie, maar oor die algemeen het dit geblyk dat die onderwysers bereid is om hulle te help op watter manier hulle ookal kan. Hulle het ook genoem dat van die onderwysers regtig uit hulle pad uit sal gaan om die ouers en die kinders te help omdat hulle sien dat die kinders hard werk en talent het.

*“Ons kinders het ons as ouers nodig om.”* [Ouerpaar C (Io)]

*“Wat ek ook doen, ek gaan, ek werk eintlik deur haar onderwysers, dis wat ek doen, ek skakel hulle of ons skakel die hoof of een.”* [Ouerpaar B (Io)]

*“Sy natuurlike Hoërskool onderwysers baie balangrik.”* [Ouerpaar A (Io)]

*“Vir ons  as ouers ja.”* [Ouerpaar E (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*“Die mense by die skool, onderwysers.”* [Ouerpaar B (Fg)]

Ouers is die mees onmiddelike omgewing waarmee die kind in kontak kom en het die belangrikste impak op kinders. Ouers speel ‘n belangrike rol in kinders se sukses in die lewe (Geldard & Geldard, 2008:76) aangesien hulle die primêre ondersteuners van die kind is en ‘n verantwoordelikheid het teenoor hulle kind. Onbetrokkenheid en belangeloosheid teenoor hulle kinders se sukses wek negatiewe gevoelens by die kind en kan lei daartoe dat die kind nie gemotiveerd is om sukses te behaal en drome na te jaag nie. Onderwysers speel ‘n belangrike rol in kinders se toekomsverwagtinge. Verskeie navorsers het die belangrikheid van onderwysers in die ondersteuning van kinders beklemtoon (Brooks, 2006). Die erkenning van kinders se talente en die beloning vir hulle prestasies verskaf ook ondersteuning en motivering om drome te verwesenlik.

- **Eienaar van die plaas**

Die ouers het genoem dat die eienaars van die verskillende plase waarby hulle betrokke is meer as gewillig is om te help met vervoer aangesien die meerderheid plaaswerkers nie hul eie vervoer besit nie en dat publieke vervoer soos taxi’s te duur is. Dus is die eienaars gewillig om met vervoer te help as dit nodig is. Omdat Saterdae die dag is wat hulle kan dorp toe gaan is plaasvervoer vir hulle beskikbaar. Tog het hulle genoem dat hulle nie noodwendig in die week by die ander goed uitkom nie, aangesien hulle tot laat namiddae werk, wat dit weer moeilik maak om by die mense uit te kom wat kan help. Een ouerpaar het ook genoem dat die plaaseienaar bereid is om te help met ander dinge ook byvoorbeeld in die geval waar een van die ouerpare se dogter fisies gestremd is en hy toe gehelp het om teerpale aan te ry sodat hulle vir haar ‘n paadjie kon maak om makliker in en uit die huis te kom.

*"Die eienaar van die plaas is 'n gawe man, hy help met vervoer."* [Ouerpaar D (Io)]

*"Ons kan van plaasvervoer gebruik maak."* [Ouerpaar C (Io)]

Vanuit fokusgroeponderhoud is die volgende bevestig:

*"Ek gaan tot by die eienaar van die plaas, want hy het 'n kombie." [*Ouerpaar A (Fg)]

*"As ek 'n borg nodig het dan tree die plaaseienaar soms in."* [Ouerpaar B (Fg)]

Die omgewing en die gemeenskap waarin die kind grootword, speel indirek 'n rol in die ouers en kind se uitkoms en kan waarskynlik positiewe uitkomste verhoog. Die omgewing bied toegang tot geleenthede vir die bevordering van eksterne ondersteuningsisteme wat selfvertroue en bevoegdheid bevorder (Brooks, 2006; Roberts & Masten, 2005). Volgens statistiek, soos dit weergegee is in die etiese oudits vanaf 2008 in die Wes-Kaap, voorsien heelwat plaaseienaars op vrywillige basis die diens van gratis vervoer. Vier en sewentig persent van plaaseienaars verskaf gratis vervoer aan hulle werknemers (Agri Eden, 2012).

## 5.4 SAMEVATTING

Ouerbetrokkenheid behoort as 'n normale en outomatiese saak beskou te word wat onlosmaaklik is van die kind. Betrokkenheid van ouers by hul kinders moet nie gesien word as 'n mode-gier nie, maar eerder as 'n saak van beginsel. Die waarde van ouerbetrokkenheid kan nie onderskat word nie. Dit blyk uit bogenoemde bevindinge dat ouers sover moontlik probeer betrokke wees by hulle kinders alhoewel omstandighede dit soms moeilik maak. Tog het dit voorgekom dat hulle kinders hul nommer een prioriteit is en dat hulle hul kinders sover moontlik ondersteun en bystaan in alle fasette van die leerproses. Hierdie hoofstuk het die verloop van die navorsing en die biografiese inligting van die ouers gedek. Die navorsingsbevindinge is ook volledig bespreek. Die vrae wat aan die ouers gevra is, is in konteks van die

waarderingsperspektief se fases gedoen. Die navorser het die bevindinge aan die hand van Cresswell (2009:185-190) se stappe van data-analise bespreek.

In hoofstuk 6 word daar gefokus op die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie navorsingstudie.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied gevolgtrekkings afgelei van die bevindinge in hoofstuk 5. Ten slotte word enkele aanbevelings gemaak met die oog op toekomstige navorsing en enkele beperkinge/leemtes in die navorsing word aangedui.

## 6.2 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie was om vanuit ‘n waarderingsperspektief die betrokkenheid van ouers by hulle kinders se leerproses in ‘n landelike omgewing te verken en te beskryf.

Die doel van die navorsing is volgens die navorser bereik, omdat ‘n kwalitatiewe ondersoek wel onderneem kon word. Die waarderingsperspektief het die navorser in staat gestel om data in te samel. Individuele onderhoude en ‘n fokusgroeponderhoud het die navorser in staat gestel om data met betrekking tot die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in te win en te verwerk. Die navorser was daarna in staat om sekere bevindinge te maak met betrekking tot ouerbetrokkenheid. Op grond van die bevindinge kan die navorser die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings maak.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS NA AANLEIDING VAN DIE HOOFTEMAS

Die gevolgtrekkings gaan soos volg aangebied word. Eerstens gaan gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot die drie fases van die waarderingsperspektief, naamlik ontdekkingsfase, droomfase en ontwerpfase. Daarna sal ‘n gevolgtrekking gemaak word met betrekking tot betrokkenheid van die ouers by hulle kinders se leerproses.

### 6.3.1 Ontdekkingsfase

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak:

- Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers wat by hierdie ondersoek betrek is die begrip ouerbetrokkenheid redelik in diepte kon verduidelik. Die implisiete gevolgtrekking word gemaak dat die deelnemende ouers wel betrokke is by hulle kinders. Vir dié ouers het ouerbetrokkenheid beteken om tyd saam met hul kinders deur te bring en om hul kinders te beskerm.

- Ouerbetrokkenheid het ook vir die ouers beteken dat kinders die regte lewenswaardes moet leer, byvoorbeeld om altyd eerlik te wees en dat dit soms nodig is om die kind te tugtig. Dit blyk dus dat in die lig van dié ouers se betrokkenheid by hulle kinders, daar gesinskohesie bestaan. Verder moedig ouers hul kinders aan om aan te hou oefen om dit wat reg is te doen. Op dié wyse leer die ouers hul kinders om waardevolle betekenisse in dade om te sit. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die oordrag van lewenswaardes aan hulle kinders belangrik is vir die ouers.

- Ouerbetrokkenheid het ook vir dié ouerpare beteken om oop kommunikasie met hul kinders te hê. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers gemaklik voel om openlik met hulle kinders te kommunikeer, wat daarop dui dat daar ‘n vertrouensverhouding tussen ouer en kind bestaan. Uit die bevindinge blyk dit ook dat die kinders die vrymoedigheid het om openlik met hulle ouers te gesels. Dit beklemtoon die feit dat die kinders ondersteuning van hulle ouers ontvang. Daar is gemaklike kommunikasie en interaksie tussen die ouers en hulle kinders. Die gevolgtrekking is gemaak dat ouers en hulle kinders gedurig in interaksie met mekaar verkeer.

- Dit het ook na vore gekom dat ouers omgee vir hulle kinders. Deur die ouers se woorde en dade kan hulle kinders sien dat omgee ‘n belangrike rol speel in die huis en dat die ouers alles in hulle vermoë sal doen sodat hulle kinders altyd die

gevoel van ‘omgee’ sal evaar. Gepaard met omgee vir hulle kinders het beskerming van kinders duidelik na vore gekom. Die ouers probeer sover moontlik hulle kinders in en om die huis beskerm, en hulle te waarsku teen die gevare van die samelewing. Die navorser het die gevolgtrekking gemaak dat die ouers deur hulle betrokkenheid by hulle kinders, alles sal doen om hulle kinders te beskerm en die gevoel van omgee te ervaar.

- Ten spyte van die feit dat die ouers betrokke is by hulle kinders is dit nie altyd moontlik vir die ouers om hulle kinders met hulle skoolwerk te help nie, omrede hul lae graad van geletterheid. Alhoewel ouers aanklop by vriende en familie vir hulp met hulle kinders se skoolwerk, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers self nie hulle kinders kan help met skoolwerk nie en is hulle sterk aangewese op die hulp van ander. Die ouers ondersteun wel hulle kinders deur by vriende en familie om hulp te vra.

- Ouers het die woord “verantwoordelikheid” goed verstaan. Hul besef hulle verantwoordelikheid en wat hulle aan hul kinders moet oordra. Die ouers oefen beheer oor hulle kinders uit en die kinders moet verantwoordelikheid neem vir hulle eie gedrag. Die ouers praat ook met hulle kinders oor verantwoordelike besluite en leer hulle kinders om verantwoordelikheid te neem vir besluite wat hulle self gemaak het, ongeag of dit ‘n positiewe of negatiewe uitkoms dra. Die gevolgtrekking word gemaak dat ouerbetrokkenheid beteken ook vir die ouers om hulle kinders te leer om verantwoordelik op te tree.

- Ouers sal altyd belangrike rolmodelle in hulle kinders se lewe bly en hulle gedrag en optredes sal dus altyd ‘n beduidende invloed op hulle kinders se lewens uitoefen. Roetine en reëls bied stabiliteit aan ‘n gesin en stel riglyne vir aanvaarbare gedrag. Die gevolgtrekking word gemaak dat die ouers in hierdie ondersoek ‘n sterk invloed op die ontwikkeling van hulle kinders se houdings en gedrag het. Die ouers beloon die positiewe gedrag van die kind wat in ooreenstemming is met die norme en waardes wat die ouer aan die kind

voorhou. Ouers moedig verder hul kind aan om onaanvaarbare gedrag te verander deur onvoorwaardelike aandag en liefde aan hulle kinders te gee. Deur die kind duidelik te wys op dit wat verkeerd is, word die kind aangemoedig om eerbare opsies te kies. In die plek van die onaanvaarbare gedrag stel die ouers deur kommunikasie iets voor wat positief en uitvoerbaar is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die ouers, in hulle betrokkenheid by hulle kinders, hul kinders beloon vir positiewe gedrag en help hul kinders op dié wyse om dit wat betekenisvol is, deel van hul lewenswyse te maak.

### 6.3.2 Droomfase

In die droomfase val die klem op die visualisering van doelwitte wat ‘n sisteem wil bereik. Die doel van dié fase is om ‘n gedeelde visie te hê van dit wat ideaal sou wees. Met betrekking tot die toepassing van die droomfase in hierdie navorsing sal gevolgtrekkings gemaak word oor die ouers se drome en wense om nog meer betrokke te wees by hulle kinders.

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak met betrekking tot die ouers se eie drome oor hulle betrokkenheid by hulle kinders.

- Ouerlike betrokkenheid maak voorsiening vir die ouers se toekomsverwagtinge vir hulle kinders, wat weer die kinders se verwagtinge help vorm. Dit is belangrik om hoë verwagtinge vir die kind te koester en die kind bewus te maak daarvan dat die ouer in die kind se vermoëns glo. Die gevolgtrekking is gemaak dat ouers hoë toekomsideale vir hulle kinders koester.

- Alle kinders kan sukses behaal, maar nie op die dieselfde tydstip of wyse nie. Ouers wil kinders in goeie beroepe sien. Hulle wil betrokke wees by hulle kinders ten einde te verseker dat hulle kinders beter lewensomstandighede moet hê as wat hulle as ouers (plaaswerkers) het en gehad het. Die aanmoediging wat ouers gee kan tot groot voordeel wees vir die kind se toekomsbeplanning. Die ouers bespreek hul kind se toekomstige beroepslewe met hom, wat aantoon dat die ouers toekomstige beroepe in gedagte hou in hul begeleiding van hul

kind. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers in hulle kinders glo en hul kinders aanmoedig om hul drome te verwesenlik. Ouers is bereid om op te offer en hard te werk ten einde vir hulle kinders ‘n goeie toekoms te verseker.

- Die navorser het die gevolgtrekking gemaak dat ouers deurentyd by hulle kinders betrokke wil wees. Die ouers sien hierdie betrokkenheid as om daar te wees vir hulle kinders en hul kinders by te staan, ook in hulle volwasse lewe.

### 6.3.3 Ontwerpfase

In hierdie fase word die inligting wat verkry is in die twee bogenoemde fases uitgebrei en daar word gekyk hoe om dit werklikheid te maak. In hierdie fase word elke deelnemer bewus van die positiewe bydrae wat ouerbetrokkenheid tot die kind kan hê.

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak met betrekking tot die ontwerpfase wat behels wat die ouers nog sal wil doen aangaande hulle betrokkenheid by hulle kinders en hoe hulle dit moontlik werklikheid kan maak.

- Die ouers sien hulleself as een van die belangrikste bronne om hulle (ouers) drome vir hulle kinders werklikheid te maak. In die lig hiervan ondersteun, motiveer en moedig die ouers hul kinders aan om deursettingsvermoë aan die dag te lê ten einde hulle drome vir hulle kinders te verwesenlik. Deur aktiwiteite saam met die kind te doen en deur motivering, aanmoediging en ondersteuning moedig die ouers hul kind aan om nie moedeloos te word nie en te volhard om ‘n taak af te handel. Dit kan daarop dui dat die verhouding tussen die ouer en kind kommunikasie moontlik maak en kan verder dui op innigheid, hartlikheid en vertroulikheid tussen ouer en kind. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die ouers alles in hulle vermoë doen om hulle eie drome vir hulle kinders en hulle kinders se drome te verwesenlik. Die ouers toon hulle betrokkenheid by hulle kinders deur hulle aan te moedig om aan te hou probeer, vertroue in hul eie vermoëns te hê en sodoende hulle volle potensiaal te

ontwikkel. Op dié wyse ondersteun die ouers hul kinders om tot selfverwesenliking te kom en selfstandig te word.

- ‘n Verdere gevolgtrekking ten opsigte van hoe ouers ouerbetrokkenheid sien is om hulle kinders te motiveer aangaande skool- en sportprestasies. Ouers wil graag hê dat hulle kinders hul beste moet gee in dit wat hulle aanpak, of dit ‘n toets of ‘n wedloop is. Die ouers is daar om hulle kinders op hierdie gebiede te motiveer.

- Die navorser het die gevolgtrekking gemaak dat ouers hulle kinders se toekomsverwagtinge in ag neem deurdat hulle voorsiening wil maak (finansieel) om byvoorbeeld naskoolse opleiding vir hulle kinders moontlik te maak.

- Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers besef dat hulle nie alleen drome kan waar maak nie, maar dat hulle ander mense in die gemeenskap se hulp en leiding nodig het. Die ouers se betrokkenheid by die leerproses van hulle kinders word gesien in die lig van die feit dat die ouers gemeenskapslede soos onderwysers se hulp vra om hulle drome vir hulle kinders en hulle kinders se drome te verwesenlik.

- Die ouers het genoem dat hulle op die plaaseienaars kan staatmaak vir vervoer as hulle dorp toe wil gaan. Tog het die navorser bevind dat die plaaseienaars nie betrokke is op ‘n wyse wat die kind se toekoms kan verbeter nie, maar net by die onmiddelike behoeftes soos vervoer na en van die dorp. Dit blyk dus dat die plaaseienaars nie ‘n rol speel in die toekomsverwagtinge- en ideale van die ouers en kinders nie.

## 6.4 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT BETROKKENHEID VAN DIE OUERS BY HULLE KINDERS SE LEERPROSES

Deur hierdie studie te doen wou die navorser vanuit 'n waarderingsperspektief ouers se betrokkenheid by hulle kinders se leerproses in 'n landelike omgewing, te Wellington verken en beskryf. Die navorser het die doel van die studie bereik en het die gevolgtrekking gemaak dat ouers wel betrokke is by hulle kinders se leerproses. Die navorser het tot 'n algehele gevolgtrekking gekom dat die ouers in hierdie studie baie betrokkenheid toon by hulle kinders se leerproses in die geheel. Alhoewel ouers lang ure werk en beperkte toegang het tot noodsaaklike hulpbronne probeer hulle steeds alles in hulle vermoë om soveel moontlik betrokke te wees by hulle kinders. Daar word ook tot die gevolgtrekking gekom dat ouers in hierdie ondersoek deurentyd betrokkenheid toon by hulle kinders en net die beste vir hulle kinders se toekoms wil verseker.

## 6.5 AANBEVELINGS

In die lig van die bogenoemde bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gedoen.

- Die navorser beveel aan dat verdere navorsing gedoen word om die volhoubaarheidsfase van die waarderingsperspektief te toets omrede die navorser ouerbetrokkenheid by die leerproses van die kind net verken en beskryf het. Die doel was nie om ouerbetrokkenheid te implementeer en toe te pas met die oog op die bevordering of verbetering daarvan nie.

- Die navorser beveel aan dat verdere navorsing gedoen word met 'n groter streekproef sodat bevindinge 'n groter populasie kan verteenwoordig.

- Die navorser beveel aan dat opvolgstudies gedoen moet word vanuit ander omgewings byvoorbeeld ouers wat in die dorp woon, ten einde die resultate met plaasgemeenskappe te vergelyk.

- Suid-Afrika bestaan uit ‘n multi-kulturele bevolking met elf verskillende tale, elk met hulle eie tradisies en gewoontes en dus word aanbeveel dat ouerbetrokkenheid onder hierdie verskillende groepe mense vergelyk word.

- Verder behoort daar navorsing gedoen te word aangaande die rol van plaaseienaars in hulle betrokkenheid en ondersteuning aan paaswerkers ten einde sekere aspekte van ouerbetrokkenheid by die leerproses van hul kinders te bevorder. Soos byvoorbeeld by die verwesenliking van toekomsverwagtinge van die werkers en hulle kinders.

## 6.6 LEEMTES IN DIE STUDIE

- Vanweë die beperkte omvang van die studie kan die bevindinge en gevolgtrekkings nie veralgemeen word nie.

- ‘n Leemte in die ondersoek kan wees dat verifiëring van die data moontlik beperk kon gewees het as gevolg van die feit dat daar slegs twee ouerpare die fokusgroeponderhoud kon bywoon.

## 6.7 SAMEVATTING

Die navorser kon deur middel van die kwalitatiewe navorsingsproses en die waarderingsperspektief die doel van die navorsing bereik. Die studie toon dat die wyse waarop ouers in die landelike omgewing van Wellington met hulle kinders omgaan, hulle wel betrokke is by die leer- en grootmaakproses van hulle kinders. Dit blyk uit die studie dat ouers ‘n sentrale rol speel by hulle kinders se leerproses. In hulle betrokkenheid by hulle kinders openbaar die ouers hulleself as die primêre opvoeders en lê dus die fondament vir hul kinders se leerproses in die geheel.

**BRONNELYS**

Agri Eden. 2012. Hortgro verdoem onwettige stakings. www.agrieden.co.za/news.php?id=696 Date of access: 16 November 2012.

Ashby, N. 2006. Activity-filled family meeting leads to increases in parent involvement, student performance at Maryland school. *Viers Mill Elementary School: The Achiever*, 5(4), 1(3). Available: EbscoHost.

Babbie, E.R. 2007. The Practice of Social Research. 4th edition. Belmont: Wadsworth.

Bandura, A. 2001. Social Cognitive Theory: An Agentic Perspective. Annual Review Psychology, 52:1-26. California: Stanford.

Barnardo, C. 2007. *Being there for your kids*. Available at: www.dadcando.com/Articles/Downloads/PDFs/BeingThere.pdf Date of access: Augustus 2012.

Barnardos' National Children's Centre. 2006. Parental involvement: A handbook for childcare providers. Barnardos: The National Children's Resource Centre.

Berns, R.M. 2001. Child, family, school, community: Socialization and support. 5th edition. New York: Palgrave Macmillan Publishers.

Berthelsen, D. & Walker, S. 2008. *Parents' involvement in their children's education*. Australia: Australia Institute of Family Studies.

Bhikkhu, B. 2000. *Facing the Future*. Sri Lanka: Buddhist Publication Society.

Blackwell, M. 2013. *Dis tyd om jou kinders te leer*. Suid-Afrika: Goeie Hoop Publikasies.

Blankstein, A.M. 2004. *Failure is not an option: Six principles that guide student achievement in high-performing schools*. California: Corwin. Date of access: September 2012. www.barnesandnoble.com/.../failure-is-notanoption...blankstein/11002

Boonzaaier, P. 2008. *Multigrade rural schools intervention in the West Coast Winelands EMDC:* A case study Online Unpublished PhD dissertation, Cape Peninsula University of Technology, Wellington. Date of access: September 2012. www.cmge.co.za/documnet/dpwnload/543

Bridgemohan, R., van Wyk, N. & van Staden, C. 2005. Home-school communication in the early childhood development phase*.* *Education*, 60(18):126. Retrieved: May 23, 2006 from InfoTrac OneFile. connection.edscohost.com/c/articles/18359995/home-schiool-communication…Date of access: August 2012.

Brooks, J.E. 2006. Strengthening resilience in children and youths: Maximizing opportunities through the schools. *Children & Schools*, 28:69-76.

Bushe, G.R. 2011. *Appreciative Inquiry: Theory and Critique*. Oxford: Routeledge.

Carrington, V. 2002. The middle years of schooling in Queensland: A way forward. *School of Education*: The University of Queensland.

Chippendale, P. 2001. *On values, Ethics, Morals & Principle*. Available at: http://www.econ.au.dk/Kauttu_On_Values_Ethics_Morals_Principles_Chippendale Date of access: August 2012.

Coghlan, A.T., Preskill, H. & Catsambas, T.T. 2003. An overview of Appreciative Inquiry in evaluation*.* *New Directions for Program Evaluation*, 100:5-22. San Francisco: Jossey-Bass.

Cole, J. 2011. A research review: The importance of families and the home environment. London: National Literacy Trust.

Constantino, J.N. 2003. Engaging all families: Creating a positive school culture by putting research into practice. Lanham: Scarecrow Education.

Cooperrider, D.L., Whitney, D. & Stavros, J.M. 2008. *Appreciative Inquiry Handbook: For Leaders of Change* 2nd edition. San Francisco: Berrett-Koehler Publishers Inc.

Cram, F. 2010. Rangahau Maori: Tona tika, tona pono, in M. Tolich. *Research ethics in Aotearoa,* 35–52. Auckland: Longman.

Cresswell. J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. 3rd edition. Thousand Oaks: Sage. Date of access: September 2012.

Davies, M.B. 2007. *Doing a successful research project: Using qualitative or quantitative methods*. New York: Palgrave Macmillan. Date of access: April 2013.

Darch, D., Miao, Y. & Shippen, P. 2004. A model for involving parents of children with learning and behavior problems in the schools. *Preventing School Failure*, 48(3):24-34.

Delport, C.S.L. & Fouche, C.B. 2011. Introduction to the research process, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L Delport. *Research at Grass Roots*: *For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

Department Of Education kyk SUID-AFRIKA. 2001. *White Paper 6 on special needs education. Building an inclusive education and training system*. Pretoria: Government Printer. Date of access: June 2012.

Diffily, D. 2004. Teachers and families working together. Boston: Pearson Education.

Dobson, J.C. 1992. The New Dare to Discipline. 2nd edition. Wheaton, IL: Tyndale House.

Domina, T. 2005. *Leveling the Home Advantage: Assessing the Effectiveness of parental involvement in elementary school.* New York: Ingenta. Date of access: June 2012. www.gse.uci.edu/person/domina-t/docs/TD-SOE.pdf

Donald, D.L., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. Educational psychology in social context. 2nd edition. Cape Town: Oxford University Press.

Du Toit, F. 2012. ‘n Waarderingsperspektief op ouer persone se belewing van verhoudings in ‘n ekonomies minderbevoorregte residensiële sorgfasiliteit. Potchestroom: NWU. (Verhandeling – MA).

Epstein, J. L., Sanders, M.G., Simon, B.S., Salinas, K.C., Jansorn, N.R. & Van Voorhis, F.L. 2002. School, family and community partnerships: Your Handbook for Action*,* 2nd edition. Thousand Oaks, California: Corwin Press.

Epstein, J.L. 2009. School, family, and community partnerships: Your handbook for action. California: Corwin Press.

Ferreira, R., Du Preez, C.S. & Archer, E. 2008. *Die potensiële waarde van gesinsrituele vir betekenisgewing deur kinders*. Universiteit van Pretoria: Departement Opvoedkundige Sielkunde, 73(2):247-264.

Fonagy, P. 2005. Psychoanalytical Theories, in Hopkins, *B. ed. The Cambridge Encyclopedia of Child Developmen*t. Cambridge: Cambridge University Press, 77-80.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Introduction to the research process, in A.S. De Vos, H., Strydom, C.B., Fouché C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots*: *For the social sciences and human service professions*. 4th edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative research designs, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.* 4th edition. Pretoria: Van Schaik.

Foxcroft, C. 2005. Developing a psychological measure, in Foxcroft, C. & Roodt, G. *An introduction to psychological assessment in the South African context*. Cape Town: Oxford University Press.

Geldard, K., & Geldard, D. 2008. Counselling Children: A Practical Introduction. 3rd edition. London: Sage Publications.

Gergen, K. 1990. Affect and Organization in Postmodern Society, in Srivaste, S. & Cooperrider, D. ed. *Appreciative Management and Leadership: The Power of Positive Thought and Action in Organizations.* Rev. ed. Evilid OH: Lakeshore Communications.

Gibson, S and Blandford, S. (2005) *Managing Special Educational Needs in Mainstream Primary and Secondary Schools*. London: Sage Publications.

Gonzalez, A.R. 2002. Parental Involvement: Its contribution to high school students' motivation*. The Clearing House* Jan, 2002, 75(13):132-133. Date of access: June 2012.

Gonzalez, A.R., Willems, P.P. & Doan Holbein, M.F. 2005. Examining the relationship between Parental Involvement and Student Motivation. *Educational Psychological Review*, 17(2):99-123. Date of access: June 2012. www.people.uncw.wdu/caropresoe/edn523/examining_the_relationship.pdf

Grace, A.M., Jehtro, O.O. & Aina, F.F. (2012). Roles of parents on the academic performance of pupils in elementary schools. *International Journal of Academic Research in Business and Social Science*, 2(1):196-201. Available: EbscoHost.

Greeff, M. (2012). Information collection: Interviewing, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport. *Research at Grass roots*: *For the social sciences and human service professions*. 4th edition. Pretoria: Van Schaik publishers.

Grobbelaar, A. & Ryke, E.H. (2004). Kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters*. Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe*, 69(1):81-100.

Grundling, J. & Grundling, I. (2005). The concrete particulars of the everyday realities of street children. *Human Relations*, 58(2):173-180.

Hargie, O., Dickson, D. & Tourish, D. (2004). Communication skills for effective management*.* New York: Palgrave Macmillan.

Henning, E. (2004). Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Hepworth, D.H. & Larsen, J. (2002). Direct Social Work practice. 6th edition. Canada: Brooks/Cole Publishing.

Hoover-Dempsey, K. V., Walker, J. M. T., Sandler, H. M., Whetsel, D., Green, C. L. & Wilkins, A. S. & Closson, K. (2005). Why do parents become involved? Research findings and implications. *The Elementary School Journal*, 106(2), 105(26). Date of

access: June 2012.
www.vanderbilt.edu/peabody/family_school/papers/Hoover_Dempsey2005.pdf

Jefferry, G.H., Lehr, R., Hache, G. & Campbell M. (1992). Empowering rural parent to support youth career development. *Canadian Journal of Counselling*, 26(4):240-256.

Jeynes, W.H. 2005. A Meta-Analysis: *The effects of parental involvement in minority children's academic achievement*. Online Available at: http://eus.sagepub.com/cgi/content/abstract/35/2/202 Date of access: 9 February 2009.

Jeynes, W.H. 2005. A Meta-Analysis: *The effects of parental involvement in minority children's academic achievement*. Urban Education, (40)3, 237-269.

Joshi, A., Eberly, J. & Konzal, J. 2005. Dialogue across cultures: Teachers' perceptions about communication with diverse families. *Understanding family diversity. Multicultural Education*, 13(2):11.

Joubert, J. 2008. Rural Education is in a crisis in South Africa. *Sunday Times*, 26 July 2008.

Keane, T. 2007. Improving Parent Involvement in Schools: A Cultural Perspective. *Rivier Academic Journal*, 3(2):1-4.

Klopper, A. & Erasmus, M. 2010. *Lewensvaardigheid: Religie.* NWU Potchestroom: The Platinum Press.

Kohlberg, L. 1973. The Claim to Moral Adequacy of a Highest Stage of Moral Judgment. Journal of Philosophy, 70(18):630–646.

Kvale, S. 2006. Qualitative Inquiry: Dominance through Interviews and Dialogues. Sage Publications. http://qix.sagepub.com/cgi/content/abstract/12/3/480 Date of access: 19 Augustus 2009.

Kyle, D., McIntyre, E., Miller, K. & Moore, G. 2002. *Reaching out: A K-8 resource for connecting families and schools*. Thousand Oaks: Corwin Press, Inc.

Larney, T. & Lotter, G.A. 2005. *Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waarders*. Potchestroom: Noordwes-Universiteit Potchestroomkampus.

Lemmer, E.M. 2007. Parental involvement in teacher education in South Africa. *International conference about Parents in Education*, 1(0):218-229.

Lerner, R. 2000. *Adolescenece: Development, diversity, context and application*. Saddle River: Prentice Hall.

Lewis, A.E. & Forman, T.A. 2002. Contestation or Collaboration? A Comparative Study of Home-School Relations. *Anthropology & Education Quarterly*, 33(1):60–89.

Louw, D. & Louw, A. 2007. Die ontwikkeling van die kind en adolessent. Bloemfontein: ABC Drukkers.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, E.A. 2001. Menslike ontwikkeling. 3de uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Machen, S. M., Wilson, J. D. & Notar, C. E. 2005. Parental involvement in the classroom. *Journal of Instructional Psychology*, 32(1):13-16. Date of access: September 2012. http://www.projectinnovation.biz/jip.

Mako, M.K. 2000. *Streetwise: A Psychological Analysis of the lives of street children*. University of the North. (Verhandeling – PhD).

Mbokodi, S., Singh, P. & Msila, V. 2003. Parental involvement - a missing link. The Teacher, 8(13), M and G Media Ltd.

Meece, J. & Daniëls, D. 2008. Child and adolescent development for educators. 3rd edition. New York: McGraw-Hill.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A guide to design and implementation*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers. Access July 2012. www.researchandmarkerts.com/.../qualitative_research_a_guide_to_design_and_implementation.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, HG. 2008. Personology: From individual to ecosystem. 4th edition. Heinemann Publishers: South Africa.

Michigan department of education. 2001. What research says about parent involvement in children's education*: In relation to academic achievement*. Date of access: August 2012.

Moore, S., & Charvat, M. 2007. Promoting Health Behavior Change Using Appreciative Inquiry: Moving from Deficit Models to Affirmation Models of Care. *Family Community Health*, 30(18): 564-574. Date of access: June 2012. www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/17159634

Nye, C., Turner, H. & Schwartz, J. 2006. *Approaches to Parent Involvement for Improving the Academic Performance of Elementary School Age Children*, 4:1-49. www.campbellcollaboration.org/lib/download/63/

Nasionale Gesinsbeleid van Suid-Afrika. 2006. Sien Suid-Afrika.

Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods*. 5th Edition. Boston: Allyn & Bacon. Date of access April 2013.

Neuman, W. Lawrence. 2006. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*, 6th Edition. Allyn and Bacon.

Newton, B. & Hartley, V. 2005. *Appreciative Enquiry: A practical guide*. Brighton: Institute of employment studies.

Nieuwenhuis, J. 2007. Introducing qualitative research, in K. Maree ed. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Odendaal, I.E. 1996. *Geslagsidentiteitsverwerwing by adolessente in 'n disfunksionele gesin*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling – M.Ed)

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2005. *HAT*: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 5de uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

Owens, K.B. 2002. *Child and adolescent development: An integrated approach*. California: Wadsworth Thomson Learning.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods*. 3rd edition. Londen: Sage Publications. Date of access: April 2013.

Patrikakou, E.N., Weissberg, R.P., Redding, S., & Walberg, H.J. 2005. Schoolfamily partnerships: Enhancing the academic, social, and emotional learning of children, in E.N. Patrikakou, R.P. Weissberg, S. Redding & H.J. Walberg eds. *School-family partnerships for children's success*. 1st edition. 1(14). New York: Teachers College Press. Date of access: August 2012.

Power, T.G. 2004. Stress and coping in childhood: The parents' role. *Parenting: Science and Practice*, 4:271-317.

Rabionet, S. (2011). How I learned to design and conduct semi-structured interviews: An ongoing and continuous journey. *The Qualitative Report*, 16(2), 563-566. Retrieved from http://www.nova.edu/ssss/QR/QR16-2/rabionet.pdf

Ramirez, A.Y. 2001. *Parent Involvement is like apple pie: A look at parental involvement in two states.* High School Journal 85(1):112-122. Access June 2012.

Rapha Therapy and Training Institute, 2007. http://www.raphatherapytraining.co.za

Rathus, S.A. 2003. *Voyages: Childhood and adolescence*. Singapore: Wadsworth Cengage Learninge.

Reed, J. 2007. *Appreciative Inquiry*. London: Sage.

Reder, P. & Lucey, C. 1995. Assessment of Parenting. London. Routledge.

Reynolds, C. 2012. *'n Profielstudie van ouers met kinders in Blouvlei Primêr*. Sentrum vir Multigraad Onderwys: Wellington.

Roberts, J.M. & Masten, A.S. 2005. Resilience in context, in R. DeV Peters, B. Leadbeater & R.J. McMahon, ed. *Resilience in children, families and communities:* Linking context to practice and policy, 13-25. New York: Kluwer Academic/Plenum.

Roffey, S. 2004. The home-school interface for behaviour: A conceptual framework for co-constructing reality. *Educational and Child Psychology*, 21 (4):95-108.

Rubin, A. & Babbie, E. 2007. Research Methods for Social work. 5th edition. Australia: Thomson Brooks/Cole.

Schofield, G. & Beek, M. 2006. *Attachment handbook for foster care and adoption*. London: BAAF

Seifert, K. 2006. *How children become violent: Keeping your kids out of gangs, terrorist organizations and cults*. Boston: Acanthus Publishers.

Shenton, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, 22:63-75. [Intyds]. Onttrek Junie 29, 2010, van Academic Search Premier Database. Date of access: September 2012. www.crec.co.uk/docs/Trustworthypaper.pdf

Shuayb, M., Sharp, C., Judkins, M. & Hetherington, M. 2009. Using Appreciative Inquiry in Educational Research: Possibilities and Limitations. *National Foundation for Educational Research*.

Shurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport. *Research at Grass Roots*: For the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik.

Singh, P., Mbokodi, S.M. & Msila, V.T. 2004. Black parental involvement in education. *South African Journal of Education*, 24(4): 301-307.

Smit, A.G. 2008. *Grip strategy in dealing with street children. New Life Community Projects*. Artikel vir Publikasie.

Smit, AG. & Liebenberg, L. 2003. Understanding the dynamics of parent involvement in schooling within the poverty context. *South African Journal of Education* 23(1): 1-5.

SPDR University. 2009. Take your practice and your clients to the next level with help from SPDR University. Singapore.

Springate, K.W. & Stegelin, D.A. 1999. *Building Schools and Community Partnerships through Parent Involvement*. Upper Saddle River: Prentice Hall

Steward, D.S. & O'Day, K. 2000. Permanency Planning and Attachment: A Guide for Agency Practice, i*n T.M.* Levy, *ed*. *Handbook of Attachment Interventions*. London: Academic Press, 147-167.

Stavros, J.M. & Torres, C. 2005. *Dynamic Relationships: Unleashing the Power of Appreciative Inquiry in Daily Living*. Chagrin Falls: Taos Institute.

Strydom, H. 2011. Introduction to the research process, in A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport. *Research at grass roots*: For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik.

The Parent Institute. 2004. *Ten great ways to teach children responsibility*. Texas: United Independent School District.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counseling Children*. 5$^{th}$ edition. USA: Brooks/Cole.

US Cencus Bureau. 2004. *Income, Poverty, and Health Insurance Coverage in the United States*. Issued August 2005.

U.S. Department van Onderwys. 2005. Helping your child become a responsible Citizen*.* Office of Communication and Outreach: Washington D.C.

Vanden Bos, G.R. 2007. APA Dictionary of Psychology. Washington, D.C: American Psychological Association.

Van Dyk, A. 2005. *HIV/AIDS. Care and counseling: A multidisciplinary approach*. Hersiende Uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

Van Vuuren, L. J. & Crous, F. 2005. Utilising Appreciative Inquiry (AI) in Creating a Shared Meaning of Ethics in Organisations. *Journal of Business Ethics*, 57(4):399-412.

Van Wyk, N. & Lemmer, E. 2009. *Organizing parent involvement in SA schools*. Juta: Kaapstad. Date of access: June 2012.

Venter, N. 2011. *Just tell us how*. *Parental Involvement challenges in rural, multigrade schools: The need for school, family and community programmes*. De Doorns: Cape Peninsula University of Technology. Date of access: September 2012. www.cmge.co.za/document/download/543

Von Salisch, M. 2001. Children's Emotional Development: Challenges in their Relationships to Parents, Peers and Friends*. International Journal of Behavioural Development*, 25(4):310-319.

Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. 2005. Human Development: A Psychosocial Approach. 3de uitgawe. Bellville: Ebony Books.

Webber, J.A. 2003. *Failure to hold the politics of school violence*. New York: Rowan and Littlefield Publishers.

Westling, D.L. & Fox, L. 2004. *Teaching students with severe disabilities*. 3rd edi. Upper Saddle River, New Jersey: Pearson.

White, T. H. 1996. Working in Interesting Times: Employee morale and business success in the information age. *Vital Speeches of the Day*, 62(15):472-474.

Whitney, D. & Trosten-Bloom, A. 2003. The power of appreciative inquiry. San Francisco: Berret-Koeler Publishers.

# BYLAAG A: VRAE GEFORMULEER VIR DIE ONDERHOUD MET OUERS

## Inleiding

Die navorser verwys weer na die inligtingsbrief.

Die deelnemers voltooi toestemmingbrief.

Die doel van die bandopnemer word verduidelik.

Tee en koffie word aangebied ens.

Ons wil graag gesels en wil hê julle moet vir ons vertel van die positiewe, mooi en lekker dinge wat julle tans beleef en beleef het in die grootmaakproses van julle kinders. Ons almal as ouers is by ons kinders betrokke vanaf die dag van hulle geboorte. Net om te begin vertel ons van julle kinders: hoeveel kinders: seuns; dogters; waar is hulle gebore; watter graad; ouderdom ens.

*Die deelnemers deel hulle inligting*

## ONTDEKKINGSFASE

Soos ons aan die begin gesê het: ons is almal by ons kinders betrokke sedert hulle gebore is.

VRAAG: Vertel vir ons wat **verstaan** julle onder ouers se betrokkenheid by die leerproses van hulle kinders.

VRAAG: Vertel ons watter **dinge leer** julle, jul kinders soos julle hulle grootmaak?

Subvraag: Vertel vir ons as julle so terugdink vanaf julle kinders se babatydperk tot nou, wanneer was **die stadium dat julle die meeste** by julle kinders betrokke was en by watter dinge van die kinders was julle betrokke? (As daar ‘n verskil is, hoe verskil dit van hoe dinge nou is?)

Subvraag: Vertel ons **van een van** die vreugdevolste geleentheid of **aangenaamste tyd** wat julle saam met julle kinders deurgebring het.

**DROOMFASE**

Kom ons kyk ’n bietjie na die toekoms. Sê nou soos oor twee na drie jaar. En as julle kan wens of net kan droom oor julle kinders en julle  betrokkenheid by hulle:

VRAAG: Wat sal julle **drome of wense** wees oor julle betrokkenheid by julle kinders? Wat sal julle graag **nog wil doen**?

Subvraag: Watter **nuwe dinge** sal julle graag wil doen om by julle kinders betrokke te wees?

**ONTWERPFASE**

Hierdie dinge wat julle wens en waaroor julle droom om nog te wil doen.

VRAAG: Hoe dink julle kan julle dit moontlik maak? Wat sal **julle doen** om die drome waarheid te laat word? (hier gaan dit oor julle drome en wense vir jul kinders)

Subvraag:  Wie behoort hierby betrokke te wees?

Subvraag:  Wat sal julle doen en hoe sal julle betrokke wees om julle kinders se drome en wense te bewaarheid?  (hier gaan dit oor jul kinders se drome en wense)

# BYLAAG B: FOKUSGROEPONDERHOUD VRAELYS

## Inleiding

Die navorser stel die ouerpare aan mekaar voor.

Tee en koffie word aangebied

Die navorser verduidelik die doel van die bandopnemer.

Die toestemmingsbriewe word geteken.

Ons wil net opvolg op dit wat julle in die individuele onderhoude gesê het. Ons wil net seker maak dat ons julle antwoorde reg verstaan het.

**VRAAG 1:** Julle het genoem dat om betrokke te raak by jou kind se grootmaakproses is "om liefde te toon teenoor jou kind".

Kan julle die maniere bespreek waarop julle liefde aan jul kinders betoon? (gee voorbeelde)

**VRAAG 2:** Julle het ook genoem dat julle "omgee vir julle kinders". Kan julle voorbeelde gee hoe julle wys dat jul omgee vir julle kinders?

Wat doen julle om dit te wys?

**VRAAG 3:** Julle het ook gepraat dat julle jul kinders verantwoordelikhede leer.

Watse verantwoordelike dra julle oor aan julle kinders?

**VRAAG 4:** Julle het gepraat van "om 'n rolmodel te wees vir julle kinders".

Wat bedoel julle met die woord, rolmodel en wat doen julle as ouers om as rolmodelle op te tree?

**VRAAG 5:** "Oop kommunikasie". Wat bedoel julle met oop kommunikasie tussen julle en julle kinders?

**VRAAG 6:** Julle sê dat jul “vir altyd” by julle kinders betrokke wil wees.

Wat bedoel julle met “vir altyd”?

**VRAAG 7:** Julle het gesê dat die gemeenskap behoort betrokke te wees om julle drome wat julle het met betrekking tot julle kinders bewaarheid te word.

Hoe dink julle, wie spesifiek in die gemeenskap behoort betrokke te wees om die drome te help vervul en

**Opvolgvraag:** Wat behoort die gemeenskap te doen?

**VRAAG 8:** Julle het genoem dat julle jull kinders finansieel sal help om julle drome vir hulle waar te maak.

Behalwe om met finansies te help, watter ander dinge sal julle wil doen om julle drome vir julle kinders waar te maak?

**VRAAG 9:** Vertel vir ons hoe julle ouers, primêre versorgers betrokke was by julle grootword proses?

**Opvolgvraag:** Verskil dit van hoe julle jul kinders tans grootmaak? Of is julle maar op dieselfde wyse betrokke by julle kinders soos julle ouers by julle betrokke was?

Wat doen julle dieselfde/anders as wat julle ouers gedoen het?

**VRAAG 10:** Het julle werk (op die plaas) ‘n invloed op julle betrokkenheid by julle kinders? Verduidelik.

**VRAAG 11:** Wat sou julle sê behoort te verander met betrekking tot jul werk om julle meer betrokke te maak by jul kinders?

## BYLAAG C: INLIGTINGSBRIEF MET BETREKKING TOT ‘N INDIVIDUELE ONDERHOUD

# 'n Waarderingsperspektief van ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses in 'n landelike omgewing.

INLIGTING OM ‘N NAVORSINGSDEELNEMER TE WEES

Ek is Melanie Nel van die Noordwes-Universiteit en fokus op ouerbetrokkenheid en wil graag u nooi om deel te neem in my studie. Hier volg inligting oor die studie, sodat u 'n ingeligte besluit kan maak.

### 1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om vanuit ‘n waarderingsperspektief ouers se betrokkenheid by hul kinders se leerproses, te verken. U word gevra om aan hierdie studie deel te neem omrede u ‘n waardevolle bydra kan maak.

### 2. PROSEDURE

Indien u toestemming verleen om deel te neem aan hierdie studie, sal die volgende van u verwag word:

- om deel te neem aan individuele onderhoude
- om deel te neem aan ‘n fokusgroeponderhoud
- om ongeveer ‘n uur af te staan van u tyd
- om u ervarings oor ouerbetrokkenheid te deel
- om toestemming te verleen dat onderhoude op band geneem kan word.

### 3. RISIKO’S

- Alhoewel ‘n gedeelte van privaatheid verlore kan gaan tydens die studie, sal u naam nooit bekend gemaak word nie en die data sal so ver moontlik konfidensieel gehou word.
- U name sal nie gepubliseer word nie.

- Net die navorser en haar studie- en medestudieleier sal met die inligting te werk gaan.
- Alle ingesamelde inligting sal veilig bewaar word deurdat die navorser dit toegesluit sal hou en net die navorser sal toegang tot die inligting hê.

**4. VOORDELE**

Die navorser sal die ouerpare by hul huis optel en na afloop van die onderhoud weer terugneem.

**5. KOSTES**

Daar is geen kostes om deel te neem aan die studie nie.

Baie dankie vir u samewerking

# BYLAAG D: TOESTEMMING OM VRYWILLIG AAN DIE ONDERHOUD DEEL TE NEEM

Indien u bereid is om vrywillig aan die onderhoud deel te neem, word u versoek om hierdie toestemmingsbrief te teken.

Ek, ______________________________ gee hiermee my vrywillige toestemming om deel te neem aan hierdie onderhoud. Die doel van die navorsing en die onderhoud is aan my verduidelik.

Ek is bewus:

- dat ek op enige tydstip my deelname aan die onderhoud kan onttrek.
- dat my naam vertroulik gehou sal word.
- dat my inligting konfidensieel sal bly.
- van die risiko's en voordele.
- dat die onderhoud op band geneem sal word.
- Dat ek moontlik aan 'n fokusgroep sal kan deelneem.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| Datum | Handtekening van die deelnemer |
| ______________________________ | ______________________________ |
| Datum | Handtekening van die navorser |

## BYLAAG E: TOESTEMMING OM AAN ’N FOKUSGROEPONDERHOUD DEEL TE NEEM

Indien u bereid is om vrywillig aan die fokusgroeponderhoud deel te neem, word u versoek om hierdie toestemmingsbrief te teken:

Ek, ______________________________ gee hiermee my vrywillige toestemming om deel te neem aan hierdie fokusgroeponderhoud. Die doel van die navorsing en die fokusgroeponderhoud is aan my verduidelik.
Ek is bewus:

- dat ek op enige tydstip my deelname aan die fokusgroeponderhoud kan onttrek.
- dat my naam vertroulik gehou sal word.
- dat my inligting konfidensieel sal bly.
- van die risiko’s en voordele.
- dat die onderhoud op band geneem sal word.

Ek onderneem om die inligting wat deur die ander deelnemers in die groep gegee word as vertroulik te hanteer en dat ek nie daaroor sal uitpraat nie.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| Datum | Handtekening van die deelnemer |
| ______________________________ | ______________________________ |
| Datum | Handtekening van die navorser |

# BYLAAG F: TRANSKRIBEERDE ONDERHOUD

Navorser: Eerstens wil ek baie dankie vir julle sê dat julle moeite gedoen het om vandag te kom. Ek waardeer dit regtig baie. Net om julle weer in te lig waaroor die navorsing gaan. Dit gaan oor ouerbetrokkenheid by die leerproses van kinders. Die toestemmingsbrief wat julle nou invul is om toestemming te kry vir hierdie gesprek wat ons vandag gaan voer en dat alles wat gesê gaan word vertroulik is. Hierdie is ‘n bandopname wat ek gaan maak van ons gesprek omrede as ek klaar is moet ek gaan opnames doen en die data opskryf dus sal ek nie alles kan onthou wat julle nou sê nie so ek gaan terug verwys na die bandopname. Graag wil ek asb. julle toestemming vra om ons gesprek op band op te neem.

Deelnemer: Ek voel net ons moet vir u ondersteun. Ons moet u hand vat om die toekoms in te gaan.

Deelnemer: Toe juffrou vir my vra of ek gewillig is, sê ek as u vir my sê waaroor dit gaan, sal ek inspring. Dinge is vandag so lelik dat ek net gevoel het “ok, go for it”

Navorser: Baie dankie M… ek wil ook net vir julle die versekering gee dat hierdie bandopname vir 5 jaar toegesluit word in ‘n kluis in hierdie sentrum. Niemand sal ooit julle gesprekke kan hoor nie, so dit is vertroulik en konfidensieel.

Navorser: As ons praat van betrokkenheid met kinders en dit wat mooi is, wat lekker is, wat positief is, praat ons dus nie nou oor probleme nie. Voor ons begin met al die vrae, vertel ons bietjie meer van julleself, wat julle doen, watse werk julle doen.

Deelnemer: Ons het net 2 kinders – 2 dogters, nog haar een, altesaam 3 ons is op die plaas, ek werk op die plaas en ek het saam met die span gewerk, toe het ek my rug seergemaak, nou werk ek in die tuin.

Navorser: Tydelik help jy met die ent van die stokkies. En jy M…?

Deelnemer: Ek het ook gewerk, dieselfde werk wat hy doen, stokkies ent, toe kon ek nie loop nie. Toe het ek nooit geweet dis die arthritis nie en dokter sit my van die werk af. En toe ek by Paarl hospitaal kom, toe het hulle vir my die behandeling gegee en ek kon toe weer loop. Hy wou my in ‘n rystoel sit, toe sê ek vir hom nee, maar A, ek het maar net moed gehou en moed geskep en elke keer gesê ek gaan loop, want ek het ‘n gestremde kind. Die kind het aandag nodig en daai tyd het sy skool gegaan, soggens het ek haar klaar gemaak en bussie toe gevat. Hy moet my baie ondersteun. Ons het ‘n baie goeie verstandhouding. Alles het goed gegaan tot ek ophou werk het.

Navorser: So huidig is jy net by die huis by die kinders. Vertel meer van julle 3 kinders…Hoe oud is hulle?

Deelnemer: Een 25, die een is 21 en enetjie is 13.

Navorser: O, nog in die skool

Deelnemer: Die ander enetjie wat 21 is, het by ‘n spesiale skool gegaan.

Navorser: Het die enetjie spesiale behoeftes nodig?

Deelnemer: Sy is baie goed, daar was gesê sy kon nooit praat nie. Kan ek bietjie vertel?

Navorser: Asseblief, ons wil graag hoor.

Deelnemer: Nou ja, die 13 oktober 1991 is ek in vir kraam en 3 dae daarna het die voetjies en handjies blou geraak. Daar was komplikasies. Die longetjies het nie goed ontwikkel nie, want sy is vroeg gebore op 8 maande. Sy het daar in die hospitaal gele, 3 dae in Paarl hospitaal gelê en die 4de dag is sy Tygerberg toe. Sy het om en by 4 maande in die hospitaal gebly voor sy die huis kon gesien het. Sy was aan ‘n asemhalingsmasjien gekoppel daar. Sy was so opgeswel. Ek het haar nie geken die Sondag toe ek daar gekom het nie, want sy is sonder my deur. Ek het net vir die Here

gesê… mense, ek het haar gesien … vir die Here gesmeek en ek het vir die Here gesê ek weet ek het fouteer, maar help my net laat my kind aan die lewe moet bly en ek het belydenis gedoen, daar by daai Tygerberg hospitaal. Dis ‘n wonderlike plek, die mense wat daar gewerk het, dokters, die verpleegsters. Daai Sondag toe ons daar kom, toe kom die suster, sy het gevas daardie Sondag. Sy kom so met die Bybel agter die rug in en sy sê vir my, poppie, daar lê jou kind. Ek sê nee, daai is nie my kind nie, daai kind is darem te vet sê ek. Sy sê kyk daar, baba Snyders. En die suster kom uit gestap sy sien nie die Bybel nie, stap so, sy sê vir my suster, omdat jy ‘n kind van die Here is, laat ons jou toe in die plek vandag. Ek skrik so groot, dat ek kan sien een moet kan sien dat jou lig skyn, maar daai dag toe sien ek ‘n ware getuienis. Ek het so groot geskrik. Ek het vir myself gesê - hier staan ek afvallige siel, toe was dit my vetkind. Hulle sit al die masjiene af wat sy aan gekoppel is, want toe dog hulle sy gaan oop bars.

Navorser:  Toe is die kind so opgeswel gewees?

Deelnemer:  Sy was so opgeswel sy het gelyk soos ‘n porseleinpop, hulle kon nie regtig aan haar vat nie.

Navorser:  Maar sy is daardeur…

Deelnemer:  Sy is ‘n klein vegtertjie… Sy het daar teruggekom uit Tygerberg, sy is terug Paarl toe en van Paarl is sy ontslaan.

Navorser:  En sy was nog nooit weer siek nie…

Deelnemer:  Sy was 3 jaar oud toe neem hulle vir haar op in Kenilworth by Lady Michelis Hospitaal.  Altwee bene is daar opereer, op een dag, twee plekke by elke been om die spiere te versterk.  En toe swaar gipse ,dan dra ek haar op my nek stasie toe daar waar ons vanaf gery het tot hulle vir my gesê het. Dit het so vir paar jare gegaan tot hulle besluit die plaas gaan nou vir my vervoer gee.

Navorser: Dis wonderlik, so jy het alles vir daardie kind gedoen wat jy kon. Baie opoffering. Baie betrokke gewees.

Deelnemer: Ek moes gaan slaap het in die hospital, want ek moet kyk watter oefeninge ek vir haar moet toepas.

Navorser: Sodat jy by die huis kan kom oefen.

Deelnemer: Ek het na die eienaar gegaan, die onderbestuur, gevra kan Mnr kan baas asseblief vir my van die teerpale gee. Toe sê ek hy moet vir my gate maak voor die deur, want ek wil ‘n loopbaan span sodat sy kan loop. Daai goed staan nou nog voor my deur.

Navorser: Dis wonderlik. As ons kan teruggaan, ek kan baie duidelik hoor hoe betrokke julle is by julle kinders. Wat verstaan julle as julle die woorde ouerbetrokkenheid hoor, wat dink julle behoort onder ouerbetrokkenheid te wees, die leermaakproses van die kind? Wat is belangrik vir jou J…? Wat as jy nou vir ‘n paar pelle van jou moet gaan vertel…wat sal jy vir hulle vertel?

Deelnemer: Wat ek altyd vir die mannetjie vertel wat saam met my werk. As sy soggens opstaan dan sien sy ek is nog in die huis, eerste wat sy vir my sê is more daddy. As sy saans by die huis kom en ek is by die huis, as ek vir haar so gewys het, weet sy sy moet vir my koffie maak. Nou het sy die manier, sy werk vir my so of sy praat saggies dat haar ma nie moet hoor nie Java, Java en dan sal sy altyd vir my, as ek vir haar sê M, was vir my daardie paar skottelgoedjies wat in die sink is, was sy dit. Moenie worry oor die potte en panne … ek weet jy gan ‘n bietjie sukkel daarso. Die ma praat nie ordentlik met haar nie, sy skree.

Navorser: Dis nou ‘n verantwoordelikheid wat jy vir haar leer…om sekere takies te kan doen.

Deelnemer: Eendag het sy ‘n lysie opgestel. Dit was die middag gewees wat jy gedoen het ne, toe sy uit die skool uit gekom het. Toe was ek my hande by die kraan in die kombuis en net wat ek omdraai, toe sien ek die briefie hang daar teen die muur. Nou eerste is nou my naam bo, heelbo, nou word die name gelys, maar myne is die meeste op die lys. Ek moet nou Maandae dan moet sy die Dinsdae, die oudste suster Woensdae, sy Donderdag, dan moet ek weer Vrydae en Saterdag, dan moet ek weer Sondag die skottelgoed was. Maar as dit haar beurt is, dan vat sy die voete hier af na ouma toe dan moet ek die goed staan en was. Toe ek weer kom, sien ek die briefie is af. Ek vra wie het die briefie afgehaal. Toe sê ek dis net jy wat dit afgehaal het. Die ander keer J…. daai kind is, as sy nou vir mens iets vra, moenie vir haar sê, as ons nou nie het nie, sy verstaan … sy is een wat mens terg. Nou sê ek koop sigarette, nou ek, as ek nie rookgoed het nie, vra ek haar, gee vir daddy ‘n entjie of twee, dan kyk sy my so. R100 vir een enetjie. Verder kan ek niks kla oor hulle nie.

Navorser: Op ‘n humoristiese of grappige manier ook betrokke by jou kinders. M wat dink jy, hoe is dit belangrik om betrokke te wees by jou kinders?

Deelnemer: Vir my is dit so betrokke dat dit voel vir my hulle is 24 uur my oë, maar dit werk mos net nie so nie. Daar is mos nou goed wat intussen kom. Maar by die huis, hulle sê vir my ek is te streng. Meeste tyd, hy kan sê …
My kinders is geneig om vir my te sê ek is te streng, maar nou sê ek vir hulle as mammie nie vir julle op die regte pad gaan wys nie gaan julle die pad byster raak. Nou sê hulle mammie is net so stout, dan sê ek ja, elke mens het sy foute en vlek. Ja mammie man, dis oraait.

Navorser: So dissipline is vir jou belangrik…

Deelnemer: En wat vir my ook baie belangrik is, ek sê altyd vir hulle ek weet nie hoekom is ek so geneig is om dit te doen nie, ek sê altyd as jy sien jou maatjie doen verkeerd, spreek hom maar by jou aan, maar moet nie voor sy vriende nie, want dan kraak jy die persoon af. Sê vir jou maatjie as jy verkeerd is, sy moet vir jou se wanneer

jy verkeerd is, maar moenie dieselfde tipe ding doen nie en hulle op ‘n tyd sê my meisie, hulle is kinders, hulle kom terug na my vir al as dit daai tyd is. Die oudste een ook, die oudste een die bad vol water tap, dan sê sy mammie kom kyk hier, dan moet ek nie eers kom kyk en dan wil sy gesels. Dan sê ek hier binne, die kind het gesê ek moet kom kyk maar, nou begin bid ek sommer, ek weet nie hoe is ek nie. Die kind wil gesels. Nou kom sy uit, mammie moet nie eintlik iets kom kyk nie, sit daar. Ek wil bietjie gesels. Nou kom hulle uit, dit is wat ek van my kinders laaik, maak oop want ek gaan nie weet as jy die boek toehou die hele tyd nie.

Navorser: Hulle gesels met jou.

Deelnemer: Hulle gesels, moenie die gestremde enetjie weggooi nie, daai kind… Juffrou het vir my een jaar op die rapport gesê mnr en mev ek moet jou kind leer, maar ek leer uit jou kind uit. Sy is baie, ek het baie die mense het gesê baie van die plaas omgewing het gesê ek praat haar voor, dan wonder ek, dan sê ek dankie Heer dat ek dit nie doen nie. Toe gaan ek skool toe, hulle het ‘n suster by die skool. Ek gaan en gesels ontroerend toe sê sy nee, J… is eintlik, sy kan nie loop nie. Sy kan net loop met die krukke, maar sy kan nie soos ons loop nie Toe sê juffrou daar kom die hoofpunt, sy sit, sy het baie tyd om te dink oor alles. En ek moet nie vir my bekommer nie en die dinge wat sy dink is net goeie dinge sy sê toe vir my. Ja as sy haar maandstonde kry, sy klim self in die bad, sy druk op haar kruk. Sy bad op haar eie, sy wil nie bejammer wees nie. Sy doen die krale werk. Sy het net een brein. Die regterkantse een is mos daai kant wat ek sal sê, seergekry het en sy wil werk. Sy is baie haastig ek moet haar CV by die skool laat opstel. Sy doen die kralewerk. Sy vat die staatsgeld en koop die krale aan en haar sigarette aan dan verkoop sy die krale teen R50, die armbandjie, die earing. ‘n Blanke vrou het vir haar kursusse gegee wat R100 beloop, hare was verniet gewees, sy het dit vir haar amper soos ‘n geskenk. As daar nuwe idees inkom, bel sy J… met inkom, en so gaan sy aan.

Navorser: So julle het vir haar en julle ander kinders geleer om selfstandig te wees om self dinge te doen, m.a.w. die betrokkenheid, julle wil betrokke wees by die dogter en

julle het vir haar dinge geleer wat sy kan toepas, wat deel is van haar persoonlikheid nou.

Deelnemer: En die ander ding, sy gaan vir my sê soos gisteraand, toe sê sy, in ‘n week gee sy vir my R50 want sy is nou lus vir skaap tjops.

Navorser: Ek moet daar kom kuier vir die skaaptjops.

Deelnemer: Ek moes slaghuis toe gaan om vir haar te kry. Die vleis is baie duur. Ek sê toe vir haar jy moet mooi onthou, die prys is bietjie hoog, maar mammie sal kyk. Ek het vir haar gebel ek staan by die vleisrak J… hier is ‘n pak van R33, maar hier is 6 stukkies in. Nee Mammie, dis fine, as daar change is, koop net vir my ‘n pakkie kraletjies aan sodat ek kan stock hê as daar ‘mense kom dan het ek. As daar ‘n pak chips se geld ook is, OK fine J…

Navorser: Goed, dankie M…. as ons dink, wat leer julle vir julle kinders? J  M, wat leer julle vir julle kinders?

Deelnemer: Op hierdie oomblik net die een wat skool gaan, ek sal nie sê sy is goed nie, ek sal nie sê sy is swak nie. Ek moet nou haar hand vat en hy moet haar hand vat. Ons is mos nie in daardie klaskamer nie. Wat ek vir haar sê, ek is baie lief om dit te sê en ek is nou baie eerlik, M jy moet een ding verstaan. Die werk van vandag die skool, wil jy nie, maar na J… die oudste een gaan, miskien sal sy dit meer verstaan of as …. Nie weet nie, klop by die bure. Hulle seun is oppie Hoërskool, dalk kan hy jou help met iets.

Navorser: As ons dink in die algemeen, nie noodwendig skoolwerk nie, waardes en beginsels, wat leer julle vir hulle?  Dinge wat reg en dinge wat verkeerd is.

Deelnemer: Kom ons kom sommer by die sportveld. Dis mos nou sport vandag. M is baie lief vir sport, maar sy speel viool, sy is by die klas in Paarl. Nou kom sy uit, ons is oppad, nou groet ek OK baai julle, sien julle oor ‘n paar uur, nou kom sy uitgehardloop,

mammie gee asb ‘n R20. Toe sê ek wil jy weer veld toe gaan. Toe sê ek mammie sit nou ‘n stok daarin. Ek is bekommerd, OK sy suster is daar, sy het nou weer saam met hulle. Ek like nie die veld nie, die rugby, ek like dit nie. Jy weet nie wat daar aangaan nie. Sy is mal oor die goed.

Navorser: Wat leer jy vir haar?

Deelnemer: Ek sê vir haar M los die veld, los net die veld. Mammie sê vir jou elke keer, nou praat ek hard met haar. Mammie sê vir jou elke keer in die week het jy besig met die musiek en is die skool of sy bel vir my as ek nie by die huis is nie. Mammie ek is nou nie lus vir die musiek nie, want ek het te veel skoolwerk. Wil jy nie iets aanpak wat jy in die week gemis het nie, my kind.

Navorser: So jy leer vir haar verantwoordelikheid om dinge wat sy aanpak klaar te maak. Wat is by die veld wat jy nie van hou nie?

Deelnemer: Die punt is net daar is nie van ons huis mense op die veld nie. Jy weet nie wat daar aangaan nie. Hulle niggies, maar ek like nie as hy nou wil gaan, dan is ek nou bietjie moeilik. Hy gaan nou saam.

Navorser: Jy is net meer gerus as een van julle twee daar is?

Deelnemer: Soos bv. J het gisteraand gesê ek gaan more gou my spice koop. Hoe kan sy nou alleen met die taxi. Niks verantwoordelikheid nie.

Navorser: Wat sê jy toe vir haar?

Deelnemer: Ek sê J…. onthou die mense gaan vir mammie kyk as jy nou allee gaan. Die taxi het nou net verbygery. “Julle maak asof ek ‘n pop is”

Navorser: Wat leer jy vir jou dogters, as ‘n pa?

Deelnemer: Sy vra daddy het jy nie geld nie vra ek vir wat. Sy sê ek wil veld toe gaan, maar ek is bang om vir Mammie te vra. Nou sê ek ma, ek het nie geld nie, Dan sê ek vir haar, ek gaan vir my ‘n paar biere koop. As sy weg is, nou gee ek vir haar die geld en sê onthou net jy sê nie jy kry die geld by jou pa nie anders kry ek nie weer geld by haar nie. Sy kom terug en vra waar is M… nou moet ek lieg en sê sy is by haar niggies, hulle speel seker daar. Nou as sy by die huis kom, nou vra sy waar het julle gespeel. Mammie ons was op die veld… nou is ek nie by die huis nie, wat ek terugkom word ek getackle daaroor. Ek sê eendag ek gaan nie weer vir jou geld gee nie. Ek het gesê ek gaan nie weer vir jou geld gee nie. My kinders, hulle verstaan vir ons as ons met hulle praat. Maar net J.. sy is ‘n bietjie hardkoppig. Ek moenie vir haar sê jy doen nie die of daardie nie. Ek is die baas in die huis en jy moet stilbly, gaan sit daar of gaan daar. Hulle moet respek hê vir ‘n volwasse mens. As ek weer gaan praat, dan gryp sy die kind en sy trek die kind…Sy slaan dan die kind agter die rug

Navorser: Wie van praat u nou?

Deelnemer: J… Ek weet nie wat ek gemaak het nie, of ek miskien die krukke gevat het. Gesê die baas praat, moet nie aan die goed raak nie. Gelukkig is die een nie daar nie. Die het buite staan en rook.

Navorser: As u so bietjie dink, wat sê julle vir julle kinders as dit by maats kom, die maats wat hulle kies, praat julle met hulle daaroor?

Deelnemer: Ek sê altyd vir hulle, onthou, kies jou regte vriend, jy kan nie net enige een nie. As jy ‘n probleem het, moet dit nie vir enigeen bespreek nie asseblief. Jou vertroulikheid is jou privaatheid, ek praat mos nou so met hulle, M is bitterlik lief om te sê, bitterlik lief om dit te sê, mammie, mammie het mos so gesê. Juffrou het dieselfde ding vir my gesê, maar vir die hele klas. Was mammie ‘n juffrou of wat. Dan sê ek nee my kind, mammie was nie ‘n juffrou nie.

Navorser: Dit wat jy geleer het, nou leer jy dit vir jou kinders, vir jou dogters.

Deelnemer: Ek het nog net vandag, toe sê ek vir die oudste een, het jy nou al opgelet, ek sê dit baie kere, ons het nie, my susters en my ma, ons het nie boesemvriende nie, die's my beste maatjie.  Ons het in 'n ander soort huis groot geword. My pa het kwaai gedrink, maar nou toe ons opgroei, ons het nie my ma geken met rook en drink nie. Ons was 16, 17, 18 dan vat sy nog altyd ons hande wanneer ons kerk toe gaan.  Ek het altyd gewonder hoe is ons dan. Ons het nie vriende nie, ons vriende, my pa is die 12 van die 12 maand 2012 het die Here vir hom weggeneem. Hulle is ons geselskap gewees. Ons het nie mense wat by ons stoele kom warm sit nie.  My eie huis, daar kom nie mense nie.

Navorser:  Maar wat het julle vir julle kinders geleer, wat maats aan betref?

Deelnemer:  Hulle maats, ek sê my kinders het ook nie vriende nie. M se vriende is haar niggies, sy susters kinders, maar nie ander plaaskinders nie.

Navorser: OK

Deelnemer:  Maar dan sê ek nog vir haar jy moet oppas wat jy vir jou niggies sê en jy moet oppas wat jy met jou niggies deel.

Navorser: Hoe moet hulle optree teenoor ander; hoe moet hulle optree teenoor hulle niggies en ander mense?

Deelnemer: Ek sê altyd vir haar asseblief moenie lelik raak met mekaar nie.  Behou daardie eengesindheid, daai respek en liefde. Hou net dit bymekaar, want dit gaan maak dat daar nooit moeilikheid op julle pad kom nie.  Ek sê, vra vir hom, ek sê altyd ek hou nie van moeilikheid nie.  Ewens as J nou werk kry, J het nou werk gekry, nou sê sy mammie, daar's 'n meisie by die werk wat vir my baie hartseer maak.  Nou sê J hulle tart daardie ou man, hulle het nie respek nie.  Nou kan ek... OK jy het uitgegaan, jy weet wat jy moet doen, jy is by ander vreemde mense.

Navorser:  Wat sê jy dan vir haar?

Deelnemer:  Dan sê ek vir haar mammie is netso, jy tel die goed op en jy doen dit nie saam met hulle nie.  Maar mammie ek kan nie vir hulle soveel woorde sê, hulle moet nie dit doen nie, ek het net gesê julle moet net onthou julle moet respek he want dit is groot mense.

Navorser:  Nee, dit is goed.  En as julle nou terugdink toe julle kinders klein was tot nou toe, watter tydperk/periode, was julle die meeste betrokke by julle kinders van toe hulle gebore is tot nou, wanneer was die tydperk dat julle meeste betrokke was?  Want omstandighede verskil.  Jy het mos net vir 'n tydjie gewerk, nou is jy by die huis. Watter tydperk was julle die meeste betrokke?

Deelnemer:  Ek kan sê, ek is eintlik baie min by my kinders in die week in, want J bly mos nou nie by ons nie, sy bly onder by haar ouma, dis beter vir haar werk, nou los ons vir haar daar (die 21). As sy kom om bietjie op te wil kom soos vandag, dan bel sy altyd vir my "daddy kom haal vir my" dan vra ek "moet ek nou kom of hoe laat?" Dan sê sy 'n tyd wat ek haar moet kom haal.  Dit is net naweke, dan het ek meer tyd… partykeer, dan voel ek om te besluit dan gaan ek nou af na haar vir 'n paar ure onder by haar sit en gesels.  Wanneer ek besluit om weer huis toe te gaan, sê ek vir haar, dan sê sy vir my daddy ek kom more op.  Nou, as sy opkom, nou sit ek en sy op die stoep, nou kan sy, ons soos ou mense met mekaar gesels en sy vertel alles wat nou gebeur het in die week in, dan vertel sy vir my of dan sê sy vir my "daddy who was here" of as … as 'n mens geld praat, nou moet 'n mens 'n Psalm hoor… agterna kry ek vir haar jammer, dan gee ek maar vir haar.  Ek gaan nie gee nie, dan kry ek haar jammer en gee.

Navorser:  Dis 'n omgee vir jou kind wat jy het.

Deelnemer:  Die rede hoekom sy dit doen, ek het mos gewerk, dan los ek vir haar by my ma en die suster, ons is een, ek is 'n tweeling.  En, sy het na skool, soggens klim sy by die huis op en … dan tel die bussie nou vir haar op, laai die bussie vir haar weer af

by my ma, vanaand 6 uur dan gaan ons weer op. Toe sy klaar maak by die skool het sy permanent by my ma ingetrek. Dis waar die probleme ook inkom by saans se laat kosmakery. Baie keer was ek, ek het mos baie ore, nou se sy, nou sê eke, Ok J ek gaan so en so tyd huis toe, jy gaan nou eers kuier, sê sy ek … al lank vir mammie iets vertel, nou vra ek wat. Sy is baie oor haar finansies te praat. Sy het vir haar ‘n spesiale klein casey gekoop, sy sal alle goedjies wegsit. Sy sal nie sommer vir haar klere sommer koop nie. Sy gaan vir haar klere koop as daar ‘n spesifieke ding is wat sy gaan bywoon en dit moet ‘n match wees. Dis moeilik in die winkels, sy is daardeur.

Navorser: Wat ek nou hoor is dat julle deurlopend betrokke is by julle kinders. Daar was nie ‘n bepaalde tyd wat julle meer betrokke is by die kinders nie. Julle is maar week in en week uit betrokke by hulle.

Deelnemer: Ons is permanent betrokke by hulle.

Navorser: As julle dink aan een ding, iets wat lekker was wat julle saam gedoen het van die kinders gebore is tot nou. Wat was een ding wat die lekkerste was?

Deelnemer: As ons braai.

Navorser: Ok, as julle braai, maar was dit miskien, ‘n geleentheid met ‘n Kersfees of met ‘n Paastyd of met ‘n geboorte van iemand, ‘n highlight “hel maar dit was lekker gewees”?

Deelnemer: Wanneer ons besluit om te braai, vanaand soos Sundays, as een van die kinders sê maar ons eet dan elke sondag gekookte kos is daar nie ‘n slaggie gebraaide vleis nie. Dan sê ek jy moet maar met jou ma praat, ek is nie een wat werk met die kos nie, ek moet maar doen as sy sê. Ek moet partykeer naweke werk, dan sê ek as ek van die plaas kom dan moet ek vuur maak en dan braai.

Navorser: Dit is julle lekkerste tyd as julle bymekaar is as ‘n gesin, om die braai.

Deelnemer:  En tv kyk, hulle is baie lief vir films kyk omdat my kinders loop ook nie rond soos in rond nie. Ons is baie saam in die huis.

Navorser:  En julle is dan betrokke by mekaar, julle by hulle en hulle by julle?

Deelnemer:  Ons is verskriklik saam met mekaar en noudat die ou klein dingetjie gekom het van die oudste meisiekind is ons baie bymekaar

Navorser:  En julle is baie betrokke by die babatjie ook?

Deelnemer:  Verskriklik.

Navorser:  As ons bietjie dink aan die toekoms, wat is julle drome vir die kinders, wense wat julle wil hê moet gebeur.  So oor 2/3 jaar, wat wens julle vir julle kinders, ook hoe julle betrokke sal wees by hulle?

Deelnemer:  My wense was so dat my kind ‘n verpleegster moet word omdat ek het nêrens gekom nie.  Maar ek sê altyd vir myself ek wil nie hê dat dit nou net vir my … ek wil hê sy moet vir haar eie toekoms vorentoe ‘n goeie mens wees vir haarself, vir haar kinders as daar nog kinders gaan kom maar my wens was altyd ‘n verpleegster.

Navorser:   As julle dink…

Deelnemer:  Asskuus tog, toe sy begin werk, het sy gegaan vir tuisversorging en verskriklik lief vir bejaardes.

Navorser:  En as julle dink aan wat julle nog kan doen wat julle miskien nie, daar is nie ‘n reg en verkeerd nie, as julle iets nog nie gedoen het wat julle nog meer betrokke wil wees by die kinders, wat sal dit wees?

Deelnemer:  My wens was altyd, ek het nog vandag ook daaraan gedink en selfs vanmore ook, het ek altyd gewens, Here laat U wil geskied dat ek die mens bly wat ek vandag is.  Ek wil net so wees soos ek vandag is.  Ek wil plat wees, ek wil plein wees maar ek wil altyd vir my uitleef vir ander.

Navorser:  Self ook vir jou kinders.

Deelnemer:  Self ook vir my kinders, dit is my beroep.

Navorser:  Sodat hulle die voorbeeld van jou kan sien?

Deelnemer:  Dit is my beroep en baie mense kom na my of iets as hulle ‘n groot probleem het, vra hy is jy ‘n maatskaplik?  Wat gaan nou weer aan.  Ek sê dis net jou liefde wat dit maak, wat jy vir ander gee, sê ek, ek het daai omgee gees binne in jou, ek sê as jy in jou huis regmaak, binne in jou huis reg lewe, dan kan jy maar uitdra wêreld toe.  As ek … dan sê hy “….the devil”

Deelnemer:  Askies vir die woord.

Navorser:  Wat sal julle sê, wat sal jy nog wil doen om betrokke te wees by jou kinders? Jy het netnou gesê jy is reeds baie betrokke by jou werk, jy sien saans en naweke jou kinders.  Wat wens jy op die pad vorentoe as jy betrokke wil wees by jou kinders?

Deelnemer:  Ek het altyd gedink by myself, terwyl ek nog gesond is, terwyl ek nog nie siek is of wat ek, sal ek al die pad my kinders by my in die huis is.

Navorser:  Om vir hulle te kan sorg.

Deelnemer:  Ons het mos al die jare, al die jare het ons mos uit die hand uit gepay op die plaas, maar in koevertjies wat ons gepay het en nou het dit gekom dat ons nou deur die bank pay, Capitec. Nou as ons daai kaart kry, eerste wat ek daar kom, toe sê ek vir

haar, jy's die vrou in die huis, jy werk met die kos en die kaart is jou kaart. Ek het niks met daai kaart te doen nie. Ek is ook nie daar naby 'n bank om geld te trek nie.

Navorser: So jy, wat jy sê, jy wil nog so lank as moontlik hard kan werk om vir jou vrou en vir kinders te sorg en so wil jy betrokke wees deur vir hulle te sorg.

Deelnemer: Ek sê ek kan nie sê ek lewe more of wanneer nie. Die Here kan my vandag of nou kom wegvat dan het ek dalk vir haar of my kinders gesê – Maandag, ons weet nou, ek gaan vir jou ma sê … moet julle ma vir julle geld gee vir sakgeld. Nou vannaand gaan slaap ons, wie sê ek skrik more oggend wakker. Ek het nog nooit vir haar gesê nie. Sy het vir my gevra hoekom praat ek nooit oor myself of oor goeters wat ek gesien het wat gebeur het nie, dan sê ek nee. Hy is baie stil, hy is nie een vir baie woorde nie…

Navorser: Nee man, hy praat baie woorde hier.

Deelnemer: Ek is so trots op hom.

"Almal lag"

Navorser: Wat ek hoor J is dat jy wens/jou droom is dat jy goeie gesondheid op die pad vorentoe wil hê om finansieel vir jou vrou en kinders, veral vir jou kinders kan sorg, want dit is ook 'n manier van betrokkenheid by jou kinders. So ons het nou gepraat oor julle drome en wense en wat julle nog wil hê moet gebeur en wat julle nog wil doen, hoe dink julle gaan dit waar word? Hoe gaan julle betrokke wees dat dit kan waar word, julle drome vir julle kinders?

Deelnemer: Ek sal sê as ek werk maak daarby, iets wat ek wil doen. Hoe gaan ek, moet 'n manier hê om dit aan te pak, want dit gaan mos nie vanself kom nie. Daar is goed wat ek beginne dink het aan J my oudste dogter, die mikpunt, die visie van werk, sy moet mos nou werk, sy raak mos nou volwasse, dan dink ek by myself, J, die kind

het nou by die bejaarders ingekom, sy het nog nie antwoord gekry nie. Dan sê ek, dan kom ek deur J.. as jy ‘n antwoord kry, dan sê jy maar net dankie Here. As dit nie in die wil van God is nie, dan gaan dit nie so geskied nie maar jy moet jou geloof daar insit dis nie vir my nie, dis vir jou toekoms my kind, so praat ek met haar. Maar, as ek nou iets wil, kom ons begin by J wat nou graag wil werk, kan ek dit so stel. Dit kan, daai droom wat jy het, sal J en jy doen. Want ek het gehoor wat jy gesê het, jy sê behou jou geloof. Ek gaan vir my kind sê hou jou geloof, jy gaan ‘n werk kry, as jy in daardie rigting doen. J het ‘n droom, sy wil vir haarself werk.

Navorser: Wat sal julle doen om daardie droom vir haar waar te maak.

Deelnemer: Ons is oppad om die droom te bewerk dat hy waar word. Ek moet nou ligstraal skool toe gaan vir haar CV. Ek moet haar nou ondersteun. Sy wil baie graag werk. Ons het nou my suster het nou al ingespring om die welskap. kaart, sy help ons nou daar. Ek het nie eens geweet nie van die werk soek stories nie. Sy het – nie net my suster nie, ons is ‘n familie, ons is…. As daar goed opdok, is dit sy, maar nietemin, ek moet nou skool toe gaan maar ek wil he sy moet saamgaan. Ek wil vir J saam met my neem. Ek wil dit nie alleen aanpak nie. Sy moet voel ek het my kind gebrinEk wi. l haar maar net soos dokter sê, ondersteun. Die plek is hier waar hulle die rollers pak. Dokter en mej. Maar sodra die CV nou ingegooi is, dan wil sy computer leer. Niemand het werklik tyd om dit vir haar te doen nie. Ek het al gewonder waar kan ek gaan aanklop om die kind se droom waar te laat word. Sy wou ‘n computer gekoop het.

Navorser: Wat ek hoor is dat julle ondersteun haar en probeer haar help om daardie droom waar te maak, julle los haar nie alleen nie. En die volgende vraag wat ek wil vra, maar jy het dit so al geantwoord. Wie moet betrokke wees om hierdie droom waar te maak, toe sê jy dis jy en jou suster en hy en sy self ook, so daar is heelwat mense wat betrokke moet wees om daardie droom te bewaarheid.

Deelnemer: Wat ek ook doen, ek gaan, ek werk eintlik deur haar onderwysers, dis wat ek doen. Ek skakel hulle of ons skakel die hoof of een. Hulle is amper soos mense,

hulle se mense wat ons ontmoet lyk so, ons is familie en dan ken ons mekaar nie eens nie, so raak, dan raak hulle, daai selle mense as ons mekaar ontmoet, dan lyk dit ons ken mekaar al jare. Daai is die tipe mense wat ek wil hê hulle moet my help, in ons huis kom om daai kind te help.

Navorser: Julle gaan soek die ondersteuning en die hulp om dit te kan doen, om so betrokke te raak. As julle dink aan julle kinders, wat dink julle verwag julle kinders van julle. Daai 3 dogters van julle, wat dink jy J verwag daai 3 kinders van julle om betrokke te wees, hoe sal daai kind se kop werk, hoe dink jy?

Deelnemer: Ek dink as hulle, as hulle vir my iets vra om te doen, bv. sê hulle vra vir my om hulle na iemand toe te kan gaan wat miskien in die Paarl of waar ookal werk maar hulle het nie geld om daarna toe te gaan nie, Hulle het vervoer, maar nou het hulle petrol geld, dan sê ek jong, maar julle weet ek werk nie met die geld nie. Ek het mos nooit geld op my nie hierso is die bank, maar na haar toe gaan. Dan sê hulle as hulle hul ma vra, hul ma sal dit nie gee nie, hul ma sal raas op hulle. Dan sê ek ek sal ‘n plan maak. Wat ek maak, ek soek geld. Ek gaan hoor by my ma of my pa nie, ek kan nie vir my pa vra nie, want ek wil nie eers Psalms hoor voor ek daai sente kan kry nie. Ek vra my susters, dan sê ek ek sal dit weer terug gee. As ek net om die draai gaan, sê ek julle kry nie die geld nie. Ek gee nie die geld terug nie. Hulle sal nie sê as ek weer vra, jy skuld nog vir my geld nie en so gaan die geld na M toe.

Navorser: So die kinders het die vrymoedigheid om vir jou te vra, want hulle weet jy gaan ‘n plan maak om dit vir hulle te gee of te doen.

Deelnemer: Ek wil weet, wat gaan jy nou met die geld maak. Ek wil alles weet. Ek wil weet wat gaan jy met die geld maak because why daar is ‘n sekere tyd waat jy geld kry en daaruit moet jy toiletries koop.

Navorser: So hulle moet verantwoordelik wees. Wat dink jy nog, die dogter wat skoolgaan – wat verwag hulle van mamma?

Deelnemer:  Hulle verwag baie my betrokkenheid.

Navorser:  In wat?

Deelnemer:  In alles wat sy aanpak.  En sys al na haar pa toe ook gaan. Dit bly tussen ons.  As sy, as dit sy is wat, as daar iets opduik, is dit ons.

Navorser:  Op alle gebiede wil sy hê julle moet betrokke wees in haar lewe of dit nou is vriende of skool of huistakies.

Deelnemer:  Sy kom terug na ons toe, dis hoe hulle is.

Navorser:  Het jy belangrike takies vir hulle? Ek gaan hierdie bladsy vir hulle gee. Julle sit nou en gesels oor alles wat julle gesels het, skryf so 4 of 5 belangrike dinge wat julle dink belangrik is om betrokke te wees by jou kind. Watter belangrike beginsels of reëls of wat ookal vir julle om betrokke te wees by julle kind. Julle moet dit neerskryf, sommer op daardie papiertjie.

Deelnemer:  Kan ek iets vra. Miskien kan ek vir hulle verkeerd verstaan. Ek sê altyd vir hulle begin net by jouself want julle is nou al op daai ouderdom van ek wil dit doen maar beginner besef, kan ek dit doen?

Navorser:  Wat sê julle dan vir die kinders?

Deelnemer:  Dan sê ek vir haar veral vir M dit wat jy miskien wil doen, soos miskien die blokfluit sy wil mos nou uitgegaan het, want sy het jare op die blokfluit, wanneer kom sy by die viool uit, toe wil sy nie meer na die musiekskool gaan nie.

Navorser:  Wat sê jy vir haar?

Deelnemer:  Toe sê ek vir haar M die viool speel gaan af by mammie se geld, mammie werk en dit word afbetaal.  Daai is heel moontlik jou toekoms.  Moenie nou slap lê nie my kind.

Navorser:  So jy motiveer haar om aan te gaan met die klasse, met die lesse.

Deelnemer:  Toe net, toe sy wil uit, toe gee juffrou mos vir haar die klein viooltjie, nou sit sy met 'n hele paar goue medaljes.

Navorser:  A.g.v. julle twee wat haar ondersteun het om nie op te hou nie, maar om aan te gaan.  Pragtig.

Deelnemer: In die vliegtuig gewees Johannesburg toe.  J was al Johannesburg toe met die vliegtuig

Navorser:  En hoe het julle gevoel…Ek was 22 jaar oud voor ek eers in 'n vliegtuig gevlieg het en hier is jou kind al in 'n vliegtuig.   Was julle trots op haar?

Deelnemer:  Met haar matriekafskeid het ek baie gehuil, want sy het dit gemaak. Ek het net gesê Here, was dit nie vir U nie. Ek het baie baie gehuil, maar ek was baie sterk ook. Daardie tyd toe sy so blou geraak het, toe is haar asem besig om uit tegaan, daai was ek baie sterk, toe antwoord ek self my telefoon.  Susters is hier rondom die kind en die vinnige ambulance om die kind te kom haal…
Ek het net gesê Here wees my kind genadig.  Ek is 'n swakkeling, ek bely.  Hy is in beheer, niemand weet niks nie, ek eer die Groot God, ek kan nie lelik werk met ander nie.

Navorser:  En dit leer jy ook vir jou kinders om nie lelik te werk met ander nie.

Deelnemer:  Dit is vir my baie moeilik.…